# Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1910-1921

deur

PIETER FREDERIK VAN DER SCHYFF

Honns. B.A.

VERHANDELING GOEDGEKEUR TER NAKOMING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM IN DIE FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE AAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Leier: Prof. Dr. D. W. Krüger

POTCHEFSTROOM

JANUARIE 1964

"This at least is certain, neither one race nor the other was always in the wrong: neither one race nor the other may claim to have been, in all things, right".

- Sir Percy FitzPatrick. (1924)

## VOORWOORD.

"Ek moet u waarsku dat u dit moeilik gaan vind om oorspronklike materiaal op te diep....Ek versamel nou al vir 15 jaar party-politieke materiaal en het nog feitlik niks van die Unioniste raakgeloop nie".

Beslis nie bemoedigende woorde hierdie nie, veral nie aan ŉ beginner in die beoefening van die wetenskap van geskiedskrywing nie. Hoewel die waarheid van hierdie woorde, afkomstig van ŉ gesaghebbende op die gebied van politieke geskiedenis, telkens weer opnuut bewys is in die loop van die navorsing, lê ek hiermee die resultaat van my ondersoek aan u voor as ŉ poging om die rol en die betekenis van die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse politiek te skets.

In my navorsingswerk is ek veral getref deur die relatiewe onbekendheid van die Unioniste Party. Dit was immers met die totstandkoming van Unie die vernaamste teenstanders van Botha en sy mense en het vanaf 1910 tot 1920 as amptelike opposisie in die Unie-parlement gefungeer. As lede van die party het getel bekende persone soos sir Leander Starr Jameson, sir Thomas Smartt, Patrick Duncan (die latere Goewerneur-Generaal van die Unie), sir Percy FitzPatrick (skrywer van "Jock of the Bushveld"), sir George Farrar en sir Lionel Phillips, bekende figure in die sakewêreld, J.W. Jagger, om maar enkeles te noem. (In die bylaes verskyn ŉ volledige naamlys van Unionis-volksraadslede).

Verskeie faktore het tot hierdie onbekendheid van die Unioniste Party bygedra. Die vernaamste is seker die feit dat die Suid-Afrikaanse politieke lewe sedert 1910 oorheers is deur en gewentel het om die persone van genls. Botha, Smuts en Hertzog. Hierdie toestand van sake het gevolglik veroorsaak dat die historiografie oor die politieke lewe van hierdie tyd uitsluitlik net oor hierdie persone handel. Die opname van die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse Party in 1920 het verder veroorsaak dat die Unioniste in die vergetelheid weggesak het, terwyl die rol wat hierdie party in die politiek van sy tyd gespeel het, ook nie daarop bereken was om die Unioniste as ŉ politieke party van werklike groot betekenis te kenskets nie. Dit is die doel van hierdie verhandeling om te bepaal presies watter rol die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse Politiek gespeel het.

Die gebrek aan oorspronklike en geskikte bronne was ŉ groot struikelblok vir die daarstelling van ŉ betroubare beeld van die Unioniste Party. Die argiewe kon geen noemenswaardige bronne oplewer nie, terwyl daar geen werke bestaan wat enigsins ŉ volledige beeld van die Unioniste kan skep nie. Die gevolg was dat hoofsaaklik gebruik gemaak word van koerante, tydskrifte, amptelike publikasies wat ter sake was (soos bv. Volksraadsdebatte), proefskrifte en verhandelinge en ander persoonlike dokumente. Sekondêre bronne, soos geskrewe werke, biografieë en outo-biografieë is nuttig gebruik om die nodige agtergrond van die tyd te skep.

Vanuit die staanspoor is besef dat persoonlike versamelings van politieke leiers waardevolle inligting kon verskaf, dog ongelukkig kon nie veel hiervan ter insae verkry word nie. Die Hertzog- en Barlow-versamelings was nie ter insae nie vanweë die feit dat dit besig was om georden en beskryf te word (hoewel gesaghebbendes verseker het dat dit nie veel stof sou oplewer nie). Verder kon ook die Patrick Duncan-versameling nie onder oë verkry word nie, terwyl geen dokumente van manne soos Jameson, Smartt e.a. verkry kon word nie. In hierdie opsig was die FitzPatrick-versameling egter ŉ baie groot bate, veral a.g.v. die geweldige hoeveelheid en verskeidenheid data wat dit oor die politieke lewe van dié tyd bied. Sekondêre werke het hierdie leemte tot ŉ mate aangevul en nuttige inligting is gevind in biografieë oor die lewe van Jameson (deur Colvin), FitzPatrick (Wallis), Chaplin (Long), Smuts (Hancock), Hertzog (Neame en Van den Heever), en Botha (Engelenberg). Met die hulp van hierdie werke asook ŉ aantal koerante en tydskrifte kon ŉ redelike beeld van die Unioniste Party verkry word.

Verskeie oproepe is in die pers gedoen om hulp by die versameling van dokumente, dog die reaksie was teleurstellend. Op dié manier is o.a. kontak gemaak met sir A.T. Hennesy, ŉ stigterslid en die laaste ere-sekretaris van die Party, wat egter intussen oorlede is. Dog ook sir Hennesy het geen dokumente oor die Unioniste Party meer besit nie, en hy is oorlede voordat enige mondelinge oorleweringe van hom verkry kon word.

Dit is my 'n behoefte van die hart om enkele bedankings uit te spreek. Ek is baie dank verskuldig aan prof. D.W. Kruger, my leier, wat my op die onderwerp laat besluit het en wie se kennis, insig en belangstelling in die besondere onderwerp as prikkeling gedien het vir die voltooing daarvan. Ook prof. J.S. du Plessis, wat 'n tydjie lank as leier opgetree het, se leiding, wenke en aanmoediging word hoog gewaardeer. Sonder hierdie twee persone sou hierdie verhandeling nie moontlik gewees het nie.

Aan mev. Cecily Niven, die enigste oorlewende kind van sir Percy FitzPatrick, kom 'n besondere woord van dank toe vir die beskikbaarstelling van die FitzPatrick-versameling en vir die vriendelike ontvangs aan huis vir die duur van my ondersoek aldaar. Mnr. Eric Rosenthal het waardevolle hulp en inligting verskaf by die opspoor van bronne, terwyl ook Dr. G.D. Scholtz se belangstelling en wenke in hierdie verband hoog gewaardeer word.

'n Woord van dank ook aan die personeel van die Ferdinand Postma-Biblioteek, P.U. vir C.H.O., vir hulp verleen en geduld beoefen.

Aan die tiksters, Mevr. A. Weber en veral aan Mevr. B. John, baie dankie vir die netjiese tikwerk en hulpvaardigheid. U hulp word hoog op prys gestel.

In dankbaarheid dink ek ook aan my ouers, wat baie opgeoffer het om geleerdheid as geestelike erfenis aan my te gee. Ten slotte wil ek ook bedank al die vriende, familie en ander belangstellendes: u aandeel in hierdie werkstuk is groter as wat u miskien besef.

---

Die doel van hierdie verhandeling was die navorsing en bekendstelling van die waarheid, insoverre dit menslik gesproke bereik kan word. Die gebrek aan oorspronklike dokumente kan 'n groot invloed hê op die beeld wat geskep is, en kan 'n stempel van onvolledigheid op hierdie werk plaas. Skrywer hiervan sal egter tevredenheid en genoegdoening smaak indien hierdie bydrae tot gevolg sal hê dat verdere navorsing in hierdie verband gedoen sal word en dat dit sal lei tot die

ontdekking en openbaarmaking van feite wat sal meehelp om ŉ ware beeld van die verlede te skep. In hierdie verband rus daar ŉ groot verantwoordelikheid op persone wat in die besit is van enige dokumente wat vir die geskiedskrywing in die algemeen en vir hierdie onderwerp in die besonder van nut en waarde kan wees.

Waar dit hier gaan om die rol van ŉ groot deel van die Engelssprekende deel van die bevolking in die politieke geskiedenis van ons land, Suid-Afrika, is dit die hoop van die skrywer dat, uitgaande van die standpunt "neither the one race nor the other was always in the wrong: neither one race nor the other may claim to have been, in all things, right", en geïnspireer deur ŉ begeerte na die blootlegging van die waarheid as noodsaaklike voorwaarde vir die verwydering van vooroordele in die proses van nasiebou, sodanige dokumente in die toekoms aan voornemende navorsers beskikbaar gestel sal word. Dit kan geskied deur sodanige dokumente te plaas daar waar dit tuishoort, nl. in die argiewe of in groot biblioteke.

Waar dit die ideaal van elke geskiedskrywer is om die laaste woord oor sy onderwerp te sê, word met hierdie werk eerder daarop aanspraak gemaak dat dit die eerste woord oor die Unioniste Party in die besonder en die Engelssprekende se rol in die algemeen in die Suid-Afrikaanse politiek sedert 1910, is.

Potchefstroom,
Desember 1963.

# Errata.

p. vii. In Inhoudsopgawe, hoofstuk 5, para. 1, lees: politiek.

viii. In Inhoudsopgawe, " 7, " 2, lees: "reaksioneres".

12. Voetnoot 71, lees: The Star, 29/9/06, soos aangehaal in Van Aardt, a.w.: p. 167.

26. reël 13, lees: "Fresh start"-beleid.
42. reël 32, haal heeltemal deur.
43. reël 9, lees: ...party se steun....
45. voeg in by voetnote: 48) Thompson, a.w.: p. 476.
46. voetnoot 49, lees: Verkiesingsuitslae, 1910 - 1943.
57. voeg in: die kind in die ander taal...
66. reël 11, haal eerste aan deur.
67. reël 14, voeg by (Jameson), na "sou moes toepas".
69. reël 9, lees: "reasons" i.p.v. "rasons".
89. reël 8, lees:(FitzPatrick).
148. reël 13, lees: "die verdwyning van ..."

# INHOUD.

Voorwoord .............................................. ii.

Hoofstuk 1. AGTERGROND VIR DIE STIGTING VAN DIE UNIONISTE PARTY.

1. Inleiding ........................................ 1.
2. Politieke groepering onder die Engelse in die Kaapkolonie voor 1910 ........................ 2.
3. Politieke groepering onder die Engelse in Transvaal voor 1910 ........................................ 7.
4. Politieke groepering onder die Engelse in die Vrystaat voor 1910 ........................................ 14.
5. Politieke groepering onder die Engelse in Natal voor 1910 ........................................ 14.
6. Die Nasionale Konvensie en die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 .................. 15.

Hoofstuk 2. DIE STIGTING VAN DIE UNIONISTE PARTY, MEI 1910.

1. "A Fresh Start"? - FitzPatrick ..................... 19.
2. "Best man"-regering? - Jameson ..................... 23.
3. Botha verwerp beroepe op 'n nuwe oriëntasie ......... 26.
4. Voorbereidings vir die stigting van 'n sentrale Engelse Party ...................................... 28.
5. Stigting van die Unioniste Party, Mei, 1910 ........ 30.
6. Naam van party, redes vir stigting en leierskap daarvan ........................................ 30.
7. Doel en program van beginsels ...................... 33.
8. Onderliggame van die Party: die Women's Unionist Association, die Unionist Party Club en die Young Unionist Society ................................. 35.

Hoofstuk 3. DIE UNIONISTE EN DIE EERSTE VERKIESINGS.

1. Leidende figure .................................... 38.
2. Beleidsverskille met S.A.P. ........................ 39.
3. Onderwys- en taalkwessie ........................... 39.
4. Verhouding tot Brittanje ........................... 41.
5. Die Arbeidersparty ................................. 43.
6. Die Unioniste en Natal ............................. 45.
7. Die algemene verkiesing, September 1910 ............ 45.

Hoofstuk 4. DIE UNIONISTE EN DIE TAALVRAAGSTUK.

1. Artikel 137, die Smuts-Onderwyswet en die Hertzog-Onderwyswet .................................... 50.
2. Die Nasionale Konvensie en die Taalvraagstuk ....... 51.
3. Onderwys- en taalkwessie in eerste verkiesings...... 53.
4. Kol. Crewe dien mosie in teen die Hertzog-Onderwyswet ............................................ 54.
5. Gekose Komitee aangestel ........................... 55.
6. Verslag van Gekose Komitee ......................... 56.
7. Traagheid om verslag uit te voer en omsendbriewe laat taalstryd weer opvlam ......................... 59.
8. FitzPatrick vs. Hertzog ............................ 61.
9. Die gevoellens bedaar .............................. 62.

Hoofstuk 5. "IMPERIALISME" : DIE UNIONISTE EN DIE VERHOUDING TOT BRITTANJE, 1910 - 1914.

1. Belangrikheid van "Imperialisme" in die S.A. politiek ............................................ 64.
2. Unioniste verteenwoordig Britse karakter in Suid-Afrika: uitsprake van leiers ...................... 65.
3. Die Engelse pers en "Imperialisme" ................ 68.
4. Die Imperiale Konferensie .......................... 69.
   i. Imperiale parlement ............................. 70.
   ii. Posisie van ledelande in 'n oorlog waarin Brittanje betrek sou word ............................. 70.
   iii. Verdediging van elke dominion ................. 71.
5. Hertzog en "Imperialisme" -trek te velde teen "vreemde fortuinsoekers" soos Byron en Smartt ............ 73.
6. Imperialisme veroorsaak skeuring in kabinet ........ 75.

Hoofstuk 6. DIE UNIONISTE PARTY EN SY BELEID t.o.v. DIE STAATSDIENS, IMMIGRASIE EN DIE NATURELLE-PROBLEEM.

1. Die Unioniste en die staatsdiens -samestelling van Staatsdienskommissie, reorganisasie van Staatsdepartemente ........................................ 76.
2. Die Unioniste en immigrasie ........................ 79.
3. Die Unioniste en die naturelle-probleem ............ 82.

Hoofstuk 7. "OPPOSISIE", 1910 - 1913.

1. Verklaarde beleid teenoor Botha se regering in 1910 . 88.
2. In onderwys- en taalvraagstuk en "Imperialisme" kom Unioniste hoofsaaklik teen Hertzog te staan; voel dit as hul plig om Botha teen sy "reaksionêres te steun ........................................ 90.
3. Organisasie na die eerste parlementsitting .......... 92.
4. Verandering in houding teenoor Botha word merkbaar .. 93.
5. Uittrede van Farrar, Desember 1911, en die neerlaag van die Unioniste in die daaropvolgende tussenverkiesing in Georgetown ............................ 96.
6. Unioniste besluit op 'n kragtiger "opposisie"-beleid.. 98.
7. Uittrede van Jameson en die betekenis daarvan vir die Unioniste Party ................................ 98.
8. Sir Thomas Smartt nuwe leier van die party ..........101.
9. Verdeeldheid in die kabinet ........................ 101
10. Breuk tussen Botha en Hertzog, en die Unioniste se aandeel daarin ................................ 103.
11. Stigting van die "Young Unionist Society", September 1913 ............................................... 107.

Hoofstuk 8. 1914 : 'n KRISISJAAR.

1. Inleiding .......................................... 109
2. Deportasie van leiers van 1914-stakings, en die houding van die Unioniste daarteenoor ............. 110.
3. Gevolge en betekenis van die stakings .............. 111.
4. Ontevredenheid oor optrede van Unioniste ........... 112.
5. Verhouding tussen Unioniste en Arbeiders ........... 113.
6. Die Arbeiders behaal groot oorwinnings in die 1914 Provinisale Raadsverkiesings in Transvaal ..... 115.
7. Ontevredenheid lei tot retrospeksie en introspeksie deur die party-leiding op ; byeenkoms van die Algemene Raad van die Unioniste in Transvaal ........... 116.
8. Bevindinge van die Algemene Raad ................... 117.
9. Jong-Unioniste ontbind, Mei 1914 ................... 119.
10. Stigting van "Unioniste Five Hundred" .............. 121.
11. Die Unioniste en die Rebellie ...................... 123.

Hoofstuk 9. DIE TYDPERK 1915 - 1918 : DIE UNIONISTE IN DIE OORLOGSJARE.


1. Naderende algemene verkiesing ..................... 128.
2. Verhouding tussen regering en Unioniste weer onder soeklig .......................................... 129.
3. Die Unioniste en die Arbeiders ..................... 135.
4. Die uitslag van die verkiesing ..................... 136.
5. Betekenis van die verkiesing ...................... 137.
6. Samewerking met die regering duur voort tot aan einde van die oorlog ................................... 138.
7. Die Unioniste steun aktiewe deelname, neem deel aan werwing van rekrute, vra ekstra staatsbydraes vir troepe ........................................... 139.
8. 'n Poging tot formele samewerking met S.A.P. misluk weer by Botha .................................... 142.


Hoofstuk 10. DIE LAASTE JARE VAN DIE UNIONISTE PARTY, 1918 - 1920.


1. "Imperialisme" tree weer na vore as faktor in die S.A. politiek ..................................... 144.
2. Oproep om 'n nuwe begin, deur Smuts na die dood van Botha ............................................ 145.
3. Unioniste in kongres, Oktober 1919 : Smartt laat inisiatief vir 'n nuwe begin aan Smuts oor .......... 145.
4. 1920-verkiesing word nog onder die ou party-indeling gevoer ....................................... 147.
5. Verkiesingsveldtog ................................ 148.
6. Uitslag en betekenis van die verkiesing ............ 151.
7. Poging tot 'n koalisie-regering misluk ............. 153.
8. Herenigingspogings tussen S.A.P. en N.P. misluk .... 154.
9. Kwessie van afskeiding van die Ryk tree na vore .... 154.


Hoofstuk 11. DIE ONTBINDING VAN DIE UNIONISTE PARTY.


1. Oproep van Smuts vir die stigting van 'n nuwe party van eendersdenkendes ................................ 156.
2. Die Unioniste en samewerking sedert 1910 ........... 158.
3. "Clarion call of General Smuts" algemeen verwelkom . 159.
4. Spesiale kongres van die Unioniste Party besluit op die ontbinding van die party ..................... 159.
5. Onderhandelings met Smuts en S.A.P. ................ 161.
6. Die vergrote S.A.P. behaal 'n groot oorwinning in die nuwe verkiesing, Februarie 1921 .................... 162.

Hoofstuk 12.

Slotbeskouing .................................... 164.

Bylae A. .......................................... 173.
Bylae B. .......................................... 175.
Bylae C. .......................................... 176.
Bylae D. .......................................... 189.

Bronnelys. ........................................ 192.

# HOOFSTUK I.

## AGTERGROND VIR DIE STIGTING VAN DIE UNIONISTE PARTY.

UNIEWORDING, op 31 Mei 1910, sou nie net groot veranderinge in die staatkundige en ekonomiese struktuur van Suid-Afrika tot gevolg hê nie, maar ook op politieke gebied was dit die aanleiding tot ingrypende veranderinge, veral m.b.t. die struktuur en samestelling van die politieke partye. Die vernaamste prikkels en dryfvere tot Uniewording, soos die spoorweg- en doeanevraagstuk, ekonomiese wedywering tussen die kolonies, die nie-blanke probleem en die netelige kwessie van die verhouding tussen die Afrikaans- en Engelssprekende dele van die bevolking het alles ten nouste met die praktiese politiek van die dag in verband gestaan. Uniewording het die noodsaaklikheid van politieke eenheid onder eendersdenkendes[1)] sterk na vore gebring, en reeds voor die inwerkingtreding van die nuwe grondwet (op 31 Mei 1910) het hierdie sentiment vorm begin aanneem met die stigting van die Unioniste Party, op 24 Mei 1910 - presies ŉ week voordat Unie ŉ praktiese werklikheid geword het.

Die Unioniste Party was dus in werklikheid die eerste Suid-Afrikaanse politieke party aangesien sy lede en organisasie versprei was oor die grootste gedeelte van die vier kolonies, wat kort daarna verenig het. Die Suid-Afrikaanse Party (S.A.P.), wat bestaan het uit die verskillende Afrikaansgeoriënteerde politieke organisasies in die drie groter provinsies (Transvaal, die Kaapkolonie en die Vrystaat), het eers in 1911 formeel tot stand gekom, en die 1910-verkiesings is deur hierdie groep nog onder die provinsiale indeling van partye gevoer, maar met formele samewerking.

Die politieke groepering onder die Engelssprekendes in Suid-Afrika was voor 1910 ŉ langsame en gekompliseerde proses, en die provinsiale grense het verhoed dat daar voor hierdie tyd sprake kon wees van ŉ algemene politieke bewussyn by hierdie deel van die bevolking. Daar was wel politieke bewustheid op provinsiale vlak, wat in hooftrekke egter dieselfde eienskappe geopenbaar het en wat gevolglik maklik in 1910 in die Unioniste Party kon kulmineer, sonder enige prysgawe van beginsels.

By sy stigting in 1910 het die Unioniste Party bestaan uit komponente van die voormalige Progressiewe partye in die Kaapkolonie en in Transvaal en die Konstitusionele Party van

---

[1)] In hierdie tyd kon eendersdenkendes tot ŉ aansienlike mate nog vereenselwig word met eenderstaliges. Die Anglo-Boereoorlog was naamlik pas verby en die kloof tussen Boer en Brit nog groot.

die Vrystaat. In Natal, wat oorwegend deur Engelssprekendes bewoon is, het die Unioniste aanvanklik gebrek gehad aan ondersteuners en by die stigting van die Unioniste Party was hierdie provinsie slegs deur waarnemers verteenwoordig.

Politieke groepering onder die Engelse in die Kaapkolonie voor 1910:

Dit was eers die Progressiewe Party, in 1898 finaal in die Kaapkolonie gestig, [2] wat vir die eerste keer 'n redelike mate van politieke eendersheid onder die Engelstaliges in hierdie provinsie verteenwoordig het. Tot in hierdie stadium was daar slegs sporadiese en geïsoleerde pogings tot politieke organisasie onder dié deel van die bevolking in Kaapland. Die politieke ontwaking van die Afrikaners,[3] soos dit uiting gevind het in die steeds-groeiende politieke mag van die Afrikanerbond, sou egter tot gevolg hê dat ook die Engelssprekendes hulle in 'n toenemende mate in politieke organisasies sou begin saamvoeg.

Die eerste noemenswaardige poging tot politieke groepering onder die Engelse was die totstandkoming van die sg. Empire League in Oktober 1884, 'n organisasie wat gestig is uit protes teen die Transvaalse belangstelling en inmenging in die omstrede gebiede Stellaland en Gosen in Betsjoeanaland.[4] Die fundamentele doelstelling van die League was: "....to maintain unimpaired the connection which now subsists between this Colony and the British Empire".[5] Verder het dit die beskerming en uitbreiding van die Imperiale belange in Suid-Afrika nagestreef,[6] en pogings om hierdie belange te skaad sou heftig bestry word. Terselfdertyd was die League ook

[2] In 1892 en weer in 1894 is pogings aangewend om so 'n party te stig, dog die innerlike bindkrag het ontbreek sodat dit vir alle praktiese doeleindes nie voor 1898 bestaan het nie. Sien Sank, Y.: The origin and development of the Cape Progressive Party, 1884 - 1898 (M.A.-verhandeling, Kaapstad, 1955), p. 53. Ook Marais, J.S.: The fall of Kruger's Republic (London, 1961), p. 167.

[3] Sien hiervoor Van Jaarsveld, F.A.: Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn (Johannesburg, 1957), p. ix.

[4] Du Plessis, J.H.O.: Die ontstaan van politieke partye in die Kaapkolonie tot 1885 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika S.ph, 1939) hoofstuk 18, p. 1 e.v.

[5] Verklaring van beginsels van die League, soos aangehaal deur Coetzee, J.A.: Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie (Johannesburg, 1941), p.194.

[6] Du Plessis: a.w., hoofstuk 18, p. 1.

gerig teen die Upington-ministerie se teenstand teen inmenging in Suid-Afrikaanse aangeleenthede.[7]

Hoewel nie van plan om in te meng in die partypolitiek van die Kolonie nie, [8] was dit gou duidelik dat die Empire League in werklikheid as teenvoeter van die Afrikanerbond bedoel was,[9] en was dit in wese dus meer 'n politieke drukgroep as 'n politieke party. Die League het 'n belangrike rol gespeel in die verwesenliking van Rhodes se ideaal van 'n verenigde Suid-Afrika onder die Britse vlag, en meer spesifiek dan m.b.t. die gebeurtenisse op die noordgrens van die Kaapkolonie (Betsjoeanaland)[10] Deur die anneksasie van 'n deel van hierdie gebied en die uitroep van 'n Britse protektoraat oor die res, is Rhodes se ideaal t.o.v. hierdie gebied verwesenlik en is die weg na die noorde, die sg. "Suez-kanaal" of die "bottelnek", oopgehou. Hiermee het die League sy praktiese waarde verloor en het dit begin kwyn a.g.v. die verdwyning van die prikkels wat dit in die lewe geroep het.[11]

Die groot betekenis van die Empire League is daarin geleë dat dit die basis verskaf het waarop die Progressiewe Party later gestig sou word en dat dit 'n simptoom was van daardie rigting in die Suid-Afrikaanse politiek wat hom daarop sou toelê om Britse imperialisme in Suid-Afrika te vestig.[12] In sy diepste wese het dit hier gegaan oor die beginsel van Britse oorheersing in botsing teen 'n Suid-Afrikaanse nasionalisme of nasieskap.[13]

Twee verdere klein politieke bewegings het die weg voorberei vir die stigting van die Progressiewe party, nl. die Political Union en die Frontier Party, respektiewelik in 1886 en 1888 gestig.[14] Die lokale en seksionele kleur van albei het egter veroorsaak dat hulle geen diepe inslag kon vind nie, dog in hul opposisie teen die Afrikanerbond het hulle, saam

---

[7] Daar het reeds vroeër 'n South African Confederation Union bestaan, met hoofsaaklik dieselfde sentimente. Sien Sank: a.w., p. 23.

[8] Sank: a.w., p. 20.

[9] Coetzee: a.w., p. 194.

[10] Die inmenging van Engeland in die persoon van Charles Warren was hoofsaaklik toe te skryf aan die invloed van die League. Sien Sank: a.w., p. 21.

[11] Ibid, p. 22 en 23.

[12] Du Plessis: a.w., hoofstuk 19, p. 3 en 4.

[13] Coetzee: a.w., p. 194.

[14] Sank: a.w., p. 28 en 30 onderskeidelik.

met die Empire League, die weg voorberei vir die totstandkoming van ŉ sentrale politieke party vir die Engelssprekendes in die Kaapkolonie, nl. die Progressiewe Party.

Dit sou egter nog ŉ aantal jare duur voordat hierdie groepering sou plaasvind, en wel vanweë die afwesigheid van ŉ groot en aktuele geskilpunt in die Kaapse politiek. Verskeie pogings tot die daarstelling van so ŉ party het misluk,[15] terwyl kleiner politieke verenigings soos die South African Political Association van J. Rose-Innes en die Central Farmers' Association van Brabant[16] net verdere politieke onsekerheid in die geledere van die Engelstaliges gesaai het. Dit sou eers die Jameson-inval in die Suid-Afrikaanse Republiek in 1896 wees wat ŉ prikkel verskaf het tot doelgerigte politieke ontwaking en wat ŉ nasionaal-politieke party met ŉ Britse gees tot gevolg sou hê.[17] Vir die eerste keer kon die Engelssprekendes ŉ eenheidsfront openbaar, ŉ eenheid gesentreer in die verdediging van Jameson en Rhodes vir die saak van "British Supremacy".[18]

Op politieke gebied het die Jameson-inval verreikende gevolge gehad. Die tot dusver beoogde "co-operation and fusion" tussen die twee rassegroepe is met een hou vernietig deur die man wat die rasse na daardie ideaal moes lei (Rhodes); "Racialism burst forth again, reviving more intensely than ever, all the anger, suspicion, and bitterness which the annexation of the Diamond Fields and the Anglo-Transvaal war of 1881 had eviled".[19]

In die geledere van die Progressiewes was daar aanvanklik heelwat teenstand teen die politiek van Rhodes,[20] dog sedert die"Raid"het hulle steeds nader beweeg aan die ondersteuners

---

15) Ibid, p. 51; Verder ook Coetzee: a.w., p. 197; Grundlingh, M.A.S.: The Parliament of the Cape of Good Hope - with special reference to party politics, 1872 to 1910 (ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1945), p. 254 en 255.

16) Vir besonderhede, sien Sank: a.w., Hfst. 3 en 4. Verder ook Baxter, W.D : Turn back the pages - Sixty-eight years at the Cape (Kaapstad, 1954), p. 28 e.v., en Marais: a.w., p. 165.

17) Coetzee: a.w., p. 197.

18) Ibid, p. 198.

19) Grundlingh: a.w., p. 280; Baxter: a.w., p. 149 en 150.

20) Sank: a.w., p. 138; Volgens Marais het die kern van hierdie party sedert 1890 bestaan, en is dit gevorm "to watch the Rhodes ministry". Sien Marais: a.w., p. 167.

van Rhodes, saamgegroepeer in die South African League,[21] wat as doelstelling gehad het die begeerte

"....in working towards the unity of all nationalities comprising the different races in South Africa".[22]

Hierdie samewerking het uiteindelik uitgeloop op die totstandkoming van die Progressiewe party in 1898, met Rhodes as die leidende persoonlikheid in die nuwe sentrale Engelse party. Hierdie party was "British-minded", dog het gehoop om daardie Afrikaners wat nie by die Afrikanerbond tuis was nie, te betrek.[23] Rhodes, wat vir ŉ kort rukkie na die Jameson-inval in die politieke wildernis verkeer het, het in hierdie nuwe party nou die posisie beklee van "...the god now of those he had once scorned...the Jingoes".[24] Die mate van eenheid wat in die Progressiewe Party bereik is, is toegeskryf aan die invloed en persoonlikheid van Rhodes:

"His name and personality have supplied the needed stimulus and the still more needed party amalgamation".[25]

Dog hiermee het daar dan ook ŉ nuwe verskyning in die Suid-Afrikaanse politiek na vore getree, want Rhodes en sy ondersteuners in die Progressiewe Party het hulle in ŉ sterk mate as die kampvegters vir Britse oppergesag, Britse eer en Britse tradisie voorgedoen, en hiermee het hulle ŉ nuwe en onnatuurlike verdeling in die Suid-Afrikaanse politiek gebring,[26] ŉ verdeling wat vir baie dekades die politiek van die land sou oorheers.

Die 1898-verkiesing in die Kaapkolonie was in werklikheid ŉ stryd oor die vraagstuk "Union Jack of Vierkleur" en om die beginsel van Britse oorheersing, veral m.b.t. die moeilikhede in Transvaal. Die Progressiewes is deur die Afrikanerbond verslaan, en "...as the Union Jack had been defeated, British Supremacy had to be defended by the sword".[27]

---

21) Baxter: a.w., p. 30 en 31.

22) Cape Argus, 27/7/1896, aangehaal deur Grundlingh: a.w., p. 287.

23) FitzPatrick-versameling: artikel van sir Percy FitzPatrick in Times, 14/5/25 (uitknipsel).

24) Millin, S.G.: Rhodes (Nuwe en hersiene uitgawe, London 1952) p. 292. Ook Marais: a.w., p. 167.

25) Cape Argus, 26/7/1898, soos aangehaal deur Grundlingh: a.w. p. 302.

26) Kruger, D.W.: Paul Kruger, deel II (Johannesburg, 1963), p. 226. Ook Marais: a.w., p. 167.

27) Grundlingh: a.w., p. 307. Sien ook Marais: a.w., p. 224.

Die houding van die Progressiewes in die Kaapkolonie het in 'n groot mate die "impending catastrophe", die oorlog tussen Boer en Brit in Suid-Afrika, aangehelp.[28)]

Na die dood van Rhodes in 1902 het dr. Leander Starr Jameson, die omstrede figuur van die berugte Jameson-inval enkele jare tevore, leier van die Progressiewes geword, met 'n ywerige helper in die organisasie van die party in die persoon van Thomas Smartt.[29)] Jameson was nie net die formele leier van die Progressiewe Party in die parlement nie, maar hy was verder ook nog president van die South African Political Association en voorsitter van die South African League,[30)] bewegings wat in 1904 saamgesmelt het in die South African Political Union, van nou af die enigste verteenwoordigende liggaam van die Progressiewes.[31)]

In 1904 het die Progressiewe Party aan bewind gekom en was Jameson Eerste Minister van die Kaapkolonie - slegs 8 jaar na sy mislukte invalspoging in die S.A. Republiek! Vanweë onderlinge verdeeldheid op ekonomiese gebied[32)] en die oorwegend stedelike karakter van sy party[33)], swak partyorganisasie en verbintenis met die mynbelange[34)], het die Jameson-bewind maar 'n wankelende bestaan gevoer. Verder het die Progressiewe Party aan bewind gekom op 'n tydstip toe die verhouding tussen die twee taalgroepe op sy swakste was, en die uitgesproke Britse kleur van die party [35)] het die party verder gekortwiek, veral namate die verhouding tussen die twee groepe begin verbeter het.

In September 1904 het die Progressiewe Party 'n naamsverandering ondergaan, en wel na die South African Unionist Party, kortweg die Unioniste Party.[36)] Dog nóg hierdie naamsverandering, nóg 'n poging om 'n nuwe en groter party van gematigdes en progressiewes onder leiding van W.P. Schrei-

---

28) Ibid, p. 315.
29) Ibid, p. 364.
30) Ibid, p. 366.
31) Ibid, p. 368.
32) Ibid, p. 403.
33) Sank: a.w., p. 210.
34) Ross, B.K.: A study of politics in the Cape Colony from January 1908 to May 1910 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Kaapstad, 1950), p. 8. en 9.
35) Grundlirgh: a.w., p. 398.
36) Ross: a.w., p. 2; Grundlingh: a.w., p. 409; Colvin, I.: The life of Jameson, deel I (London, 1922), p. 267.

ner, 'n vooraanstaande Kaapse politikus, tot stand te laat kom (Schreiner was daarteen gekant)[37] kon verhoed dat die Unioniste en die Jameson-bewind tot 'n val kom. Die regering moes bedank toe 'n finansiële maatreël verwerp is, en in die verkiesings in Januarie 1908 het John X. Merriman se Suid-Afrikaanse Party 'n groot oorwinning behaal en moes Jameson en sy progressiewe Unioniste die opposisiebanke betrek. Met die ontbinding van die parlement van die Kaapkolonie in 1910 was hulle nog steeds daar.

Politieke groepering onder die Engelse in Transvaal voor 1910.

Waar die Kaapkolonie voor 1900 die sentrum van die politieke bewuswording onder die Engelssprekendes en die basis van "British Supremacy" in Suid-Afrika [37] was, het die klem sedert 1900 na Transvaal verskuif en het hierdie provinsie die middelpunt van politieke woeling en wording, ongeëwenaard in die geskiedenis van Suid-Afrika, geword. Dog reeds so vroeg as die laat-tagtigerjare van die 19e eeu kan daar al politieke verwikkelinge onder die Engelssprekendes in Transvaal bemerk word, en wel onder die uitlanderbevolking wat die destydse Suid-Afrikaanse Republiek na die ontdekking van goud en diamante binnegestroom het.

Hierdie uitlanderbevolking was veral saamgetrek in die stede, wat soos paddastoele rondom die ertsdraende gebiede opgeskiet het. Hier het die politieke organisasie onder die Engelssprekendes sy ontstaan gehad en wel as gevolg van die aandrang van die uitlanders op meer politieke regte in die Republiek. Reeds in 1888 is die Transvaal Republican Union in Barberton gestig, en dit is in 1892 gevolg deur die stigting van die Transvaal National Union.[38] Hierdie organisasies was gemik teen die regering van die Republiek en het hulle griewe steeds onder die aandag van die Britse regering en die Britse volk gebring.[39] Uiteindelik het

[37] Grundlingh: a.w., p. 409, Colvin: a.w., p. 266 e.v.
[38] Coetzee: a.w., p. 257, asook Marais: a.w., p. 56.
[39] Ibid, p. 258. Vir die S.A. League se aandeel in die oorlog, sien Marais: a.w., p. 162, 233 en 243, asook Hugo, M.J.: Die stemreg-vraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Republiek (D. Phil-proefskrif), in Argiefjaarboek vir S.A. geskiedenis, 10de jaargang (1947), p. 168 en 169.

die hele uitlanderkwessie uitgeloop op die Jameson-inval in Transvaal en op die Anglo-Boere-oorlog (1899-1902), waarin die twee Republieke hul onafhanklikheid moes inboet en wat tot gevolg gehad het dat "British Supremacy" tot aan die Limpopo uitgebrei is.

Op die oog af het die Engelse element die stryd om voortbestaan gewen, 'n stryd wat sedert die permanente koms van die Engelse in 1806 geheers het en wat veral in die laaste kwart van die 19de eeu in heftigheid toegeneem het. Die tydperk 1902-1910 is veral gekenmerk deur die beweging ten gunste van staatkundige eenheid in Suid-Afrika, dog op politieke gebied was dit ook 'n tydperk van woeling en wording van die allergrootste betekenis vir die politieke geskiedenis van die land. In die heersersposisie na die oorwinning in die oorlog, het die Engelse element verder veld gewen in hul stryd om oorheersing deur die bewuste denasionalisasiebeleid van Milner, soos toegepas in die staatsdiens, die skole en t.o.v. immigrasie.[41] Boonop het die Progressiewe Party in 1904 in die Kaapkolonie aan bewind gekom, met Jameson as premier, en was die sukses van "British Supremacy" oënskynlik verseker.

Dog hierdie sukses sou bloot tydelik blykte wees. 'n Politieke ontwaking soos nog nooit tevore nie het hom onder die Afrikaanssprekendes begin voltrek, geïnspireer deur die neerlaag in die oorlog, die doelbewuste anglisasiebeleid van die oorheersers en 'n ontwaking op kulturele gebied. Op politieke gebied het die ontwaking uiting gevind in die stigting van politieke partye in Transvaal (Het Volk) en in die Vrystaat (Orangia-Unie). Die politieke groepering onder die Afrikaners sou op sy beurt weer dieselfde ontwikkeling by die Engelssprekendes as teenpool hê, en hiermee het die stryd tussen Afrikaner en Engelsman, wat enkele jare tevore nog die vorm aangeneem het van 'n gewapende botsing op die oorlogsveld, verander in 'n politieke stryd, 'n stryd wat met baie bitterheid en veel venyn geveg sou word.

Behalwe die politieke ontwaking van die Afrikaners, het ook die kwessie van die delegering van selfregering aan die twee voormalige republieke (by die vredesooreenkoms in 1902 in die vooruitsig gestel) en die Chinese arbeidskwessie die totstandkoming van Engels-georiënteerde politieke partye ten grondslag gelê. Reeds in 1902 het 'n groep uitlanders aan

---

[41] Thompson, L.M.: The Unification of South Africa (Oxford, 1960), p. 7 e.v.

die Rand oorgegaan tot die stigting van die Transvaal Political Association,[42] die doel waarvan was om onmiddelike selfregering vir Transvaal na te streef. Deur 'n belofte van 'n groot mate van selfstandigheid onder die heersende regeringsvorm het Chamberlain, die Koloniale Sekretaris, die wind uit hul seile geneem en het die beweging tot niet gegaan, om aan die einde van 1904 weer te herleef as die Pretoria Political Association.[43] In 1906 het dit weer die naam Transvaal Political Association aangeneem.[44]

Die sprake van die toekenning van selfbestuur aan Transvaal het die stigting van twee groot Engelse politieke partye in hierdie tyd tot gevolg gehad. In November 1904 is die Transvaal Responsible Government Association gestig met die doel om selfregering vir Transvaal na te streef as middel tot die verkryging van politieke stabiliteit, vrede en 'n selfstandige politieke ontwikkeling.[45] Onder hierdie groep was daar manne soos die Solomon-broers, Harry en E.P.[46] Die T.R.G.A. word beskryf as 'n groep gematigde Engelse wat die Progressiewes se herhaalde verwysings na die Engelse vlag as "ongevraagde jingoïsme" uitgekryt het,[47] terwyl hulle in die oë van Milner die Britse posisie in Suid-Afrika ondermyn het.[48]

Op dieselfde tydstip het die Transvaal Progressive Association in Transvaal onder leiding van manne soos Farrar, Percy FitzPatrick en Abe Bailey tot stand gekom.[49] Ander vooraanstaande figure by die stigting van die party was J. Roy (voorsitter), Drummond Chaplin, Richard Currie, W. van

---

42) Van Aardt, J.M.H.: Die Botha-bewind in Transvaal, 1907-10 (ongepubliseerde doktorale proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1958), p. 52.

43) Ibid.

44) Kleynhans, W.A.: Politieke strominge en verantwoordelike bestuur in Transvaal, 1905-1909 (M.A.-verhandeling, Pretoria, 1952), p. 40.

45) Spoelstra, B.: Die bewindsaanvaarding van die Botha-regering in 1907 (Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, jrg. no. 2. p. 326

46) Coetzee: a.w., p. 321.

47) Weideman, N.C.: Die politieke naweë van die Anglo-Boereoorlog in Transvaal tot 1907 (ongepubliseerde doktorale proefskrif, Pretoria, 1955), p. 406.

48) Van Aardt: a.w., p. 53.

49) Coetzee: a.w., p. 327.

Hulsteyn en Mackie Niven, terwyl die ou Reform Committee van voor die oorlog en die Imperial Light Horse ook goed verteenwoordig was in die party.[50)]

Die Progressiewe Party het dit as sy taak gestel om steeds te ywer vir die Britse vlag, terwyl dit as onmiddellike doelstelling gehad het die bestryding van die toekenning van selfbestuur aan Transvaal en, om in stede daarvan, hom te beywer vir die verkryging van verteenwoordigende regering as 'n noodsaaklike tussenstadium.[51)] Verder het die party se program die handhawing van die Britse vlag, die aandrang op gelyke stemwaarde en dieselfde stemregkwalifikasies vir blankes, asook 'n ferme Naturelle- en Asiatebeleid ingehou.[52)]

Hoewel Farrar, met die oog op 'n versnelde ekonomiese beleid, gewaarsku het teen die oorhaastige ontheffing van die Imperiale regering van alle verantwoordelikheid, het hy tog by 'n latere geleentheid verklaar dat dit hulle ernstige begeerte was dat die toekomstige regering van die land

"....a British Government, carried on on British principles by British officials and British institutions" moes wees.[53)]

FitzPatrick het die doelstelling van die party beskryf as

"....from the start to urge one thing -selfgovernment with equal rights," [54)]terwyl hy by 'n ander geleentheid

almal verwelkom het om saam te werk ter wille van hierdie gelyke regte en "....working to make the British-the towns, and the mining community into one solid whole..."[55)] Die Progressiewe party sou, in teenstelling met die T.R.G.A., alles in hul vermoë doen om die onmiddelike toekenning van selfregering aan Transvaal te vertraag en om sodoende te verhoed dat die regering in die hande van die Afrikaner val. Dié party, wat hoofsaaklik bestaan het uit volgelinge van Milner en Milnerisme, het verder ook die steun geniet van die meeste groot mynmaatskappye en van die industriële middelklas in die stede, en word tereg gekarakteriseer as die verteenwoordigers van die mynmagnate en die kapitaliste [56)]

---

[50)] Van Aardt: a.w., p. 53.
[51)] Weideman; a.w., p. 371 en 540.
[52)] F.V.: Transvaal Progressive Association: Constitution (Johannesubrg, 1905).
[53)] The Star, 27/4/06, soos aangehaal deur Kleynhans: a.w., p. 62.
[54)] F.V.: Toespraak te Pretoria, in The Star, 26/1/06.
[55)] F.V.: Toespraak te Springs, in The Star, 3/2/06.
[56)] Van Aardt: a.w., p. 55 en 157.

asook as die politieke beliggaming van die Kamer van Mynwese.[57)]

Behalwe hierdie twee groot groepe kan daar ook nog ander kleiner groepe in die geledere van die Engelssprekendes onderskei word. So was daar die Labour Political League (die latere Arbeidersparty), wat in 1905 uit ŉ amalgamasie van die verskillende arbeidersgroepe ontstaan het, [58)] terwyl die Transvaal Political Association en die Reform Club (ŉ splintergroep wat van die Progressiewes weggebreek het, o.a. ook as gevolg van die selfbestuurkwessie[59)]), hul kragte by die T.R.G.A. ingegooi het. Hierdie drie groepe het in 1906 in ŉ nuwe gematigde party verenig, die sg. <u>National Association</u>, wat hom veral ten doel gestel het om die partyverdeling op rassegrondslag te bestry.[60)]

So het die samegroepering van die Engelse in politieke partye in hierdie tyd ten nouste in verband gestaan met die kwessie van die toekomstige regeringsvorm van die Transvaal. Aan die een kant die Progressiewe Party, hewig gekant teen die toekenning van selfbestuur en ten gunste van ŉ mate van selfbestuur as tussenstadium, en aan die ander kant die National Association (die T.R.G.A., die Transvaal Political Association en die Reform Club), wat weer meer na die kant van die Afrikaners oorgehel het en selfregering vir Transvaal beslis nagestreef het. Hierdie vraagstuk het die Engelssprekendes verdeel in ŉ stadium toe die politieke eenheid onder die Afrikaanssprekendes hoë vlugte geneem het. Hierdie verdeeldheid in eie geledere en die politieke eenheid onder die Afrikaners sou die voortbestaan van die idee en die ideaal van "British Supremacy" in die nabye toekoms aan strenge toetse onderwerp.

Twee belangrike verwikkelinge het die verdeeldheid onder die Engelse net verder onderstreep, nl. die Chinese Arbeidskwessie[61)] en die bekendmaking van die Lyttleton-konstitusie[62)] wat die T.R.G.A. en sy filiale finaal in die arms van die Afrikaners gedryf het.[63)] Verskeie pogings is aangewend

---

57) Spoelstra: a.w., p. 326.

58) Weideman: a.w., p. 465.

59) Ibid, p. 529: hierdie groep sou hulle beywer vir ŉ Suid-Afrikaanse nasieskap met Britse tradisies.

60) Weideman: a.w., p. 529, Kleynhans: a.w., p. 42.

61) Van Aardt: a.w., p. 56.

62) Die konstitusie is in April 1905 bekendgemaak en het wel ŉ verkose element bevat, dog die uitvoerende gesag sou steeds in die hande van Britse amptenare bly. Sien Thompson; a w., p. 22.

63) Van Aardt: a.w., p. 56.

om die verskille te oorbrug en om die noodsaaklike eenheidsoptrede onder die Engelssprekendes te verkry,[64] dog sonder enige sukses. Die herroeping van die Lyttleton-konstitusie en die vervanging daarvan deur een wat volle selfregering aan Transvaal gegee het, asook die eerste verkiesings onder die nuwe bedeling, het die tekens van hierdie verdeeldheid onder die Engelse gedra, en het die swakheid van die voorstanders van "British Supremacy" duidelik aan die lig gebring.

Die 1907-verkiesing in Transvaal het om die Sjinese probleem en die Imperiale verbintenis gewentel[65], en die Progressiewes het gehoop dat die Sjinese werkvolk die handel en industrie so sou bevorder dat die Engelse element aan die hoof van die regering geplaas sou kon word.[66] Met betrekking tot die verhouding tot Brittanje is gevoel dat

> "....the Progressive and Imperial interests are one",[67]

en kiesers is aangeraai om vir die Progressiewe Party te stem "...because first and essentially it is the British Party". [68] Die partye van die toekoms sou noodwendig "Boer and British" wees, is geredeneer.[69]

Die Progressiewes se begeerte was dus 'n Britsgeoriënteerde regering, en dit was die enigste samebindingsfaktor waarmee hulle gehoop het om die Engelse in Transvaal in 'n sentrale Engelse party te verenig, "...a combination of all the

> British groups in one party pledged to British Supremacy".[70]

Die gebondenheid aan Brittanje was nog sterk aanwesig by hierdie mense, en daar is gevoel, ook uit reaksie teen die konsiliasiebeleid van Botha en sy volgelinge, dat samewerking met die Afrikaners uit die bose was:

> "...the Britisher, imbued with the ideals of his race, cannot long remain in union with those to whom that ideal are foreign, if not absolutely repugnant ".[71]

---

64) F.V.: pamflet oor die korrespondensie tussen sir Percy FitzPatrick en die Pretoria Political Association.
65) Van Aardt: a.w., p. 168.
66) Weideman: a.w., p. 538.
67) The Transvaal Leader, 14/2/07, soos aangehaal in Van Aardt: a.w., p. 168.
68) Ibid.
69) The Star, 24, 26 en 29 September 1906, soos aangehaal in Van Aardt; a.w., p. 167.
70) F.V.: Ongedateerde ontwerp - omsendbrief.
71) Van Aardt: a.w., p. 167, soos aangehaal in The Star, 29/9/06.

Hierdie Britsgebondenheid en imperialistiese gees van die Progressiewes het nie oral byval gevind nie, nie by die Afrikaners nie, maar ook nie by Engelssprekendes wat die land as hul eie beskou het en die belange daarvan bo dié van Engeland gestel het nie. Reeds voor die 1907-verkiesing was daar al bedenkinge oor die toekoms van hierdie party, en toe sir Richard Solomon, een van die vooraanstaande persone in die party, op die vooraand van die verkiesing na die Nationaliste oorgeloop het, het selfs die mondstuk van die Progressiewes tot die gevolgtrekking gekom dat 'n ekstremistiese Britsgesinde politieke party nie bestaansmoontlikheid het nie, maar dat die Imperiale belange die beste gedien sou word deur 'n party wat die hardste vir die saak van Transvaal sou werk. Die vreemde uitlandse karakter van die party blyk dan duidelik uit die versugting, "...we are really at

> a total loss to know what the local agents of the overseas magnates have to do now", want sir Richard se stap

is beskou as "...conclusive proof that the Progressive Party

> as such is destined to disappear entirely from the political scene". [72]

Soos algemeen verwag is, het die Het Volk Party, met die steun van die Arbeiders en die Nationalists, 'n meerderheid van 25 setels oor die Progressiewe Party behaal (plus die onafhanklikes), en sonder sy bondgenote 'n meerderheid van 5.[73] Hoewel die Progressiewes in die Senaat 'n meerderheid gehad het, kon die ewewig tussen die twee huise gehandhaaf word deurdat die voorsitter van die senaat 'n Nationalist was.[74] Genl. Louis Botha, leier van Het Volk, is deur Lord Selborne versoek om 'n regering saam te stel, en so was daar, pas vyf jaar na die Vrede van Vereeniging, 'n Afrikaner aan die roer van sake in Transvaal. Dieselfde toestand is kort hierna ook in die Vrystaat bereik toe die Orangia-Unie van Abraham Fischer byna skoonskip gemaak het in die verkiesings wat op die toekenning van selfbestuur aan hierdie kolonie gevolg het.

---

72) The Star, 19/1/07, soos aangehaal in Weideman; a.w., p.540.

73) Het Volk-party het 37, die Progressiewe party 21, die Nationalists 6, die Arbeiders 3 en Onafhanklikes 2 setels verower. Sien Hancock; W.K.: Smuts I, The Sanguine Years (London, 1963), p. 228.

74) Spoelstra: a.w., p.346.

Politieke groepering onder die Engelse in die Vrystaat voor 1910.

Anders as in die ander drie provinsies, het die Engelse in die Vrystaat slegs 'n klein persentasie van die totale blanke bevolking uitgemaak, en het hierdie provinsie nooit juis die stryd tussen Afrikaans- en Engelssprekendes so sterk aan die lyf gevoel nie.

Met die politieke ontwaking van die Engelse in die Kaapkolonie en in Transvaal, is ook in die Vrystaat 'n behoefte gevoel om die Engelssprekendes in hierdie provinsie in een politieke organisasie saam te snoer. Dit het dan ook geskied op 1 Januarie 1907, toe die Constitutional Party onder voorsitterskap van sir John C. Fraser gestig is.[75)] Die Constitutional Party was ook ten gunste van verantwoordelike regering, dog dit moes eers vertraag word totdat die tyd daarvoor ryp was - in wese dus dieselfde beleid as dié van die Progressiewes. In die verkiesings wat gevolg het, was die taalkwessie in die onderwys die vernaamste strydpunt tussen die Konstitusionaliste en die Orangia-Unie,[76)] en hoewel hulle 'n groot neerlaag gely het, het die Konstitusionaliste as opposisie die Onderwyswetgewing van genl. Hertzog, minister van Onderwys in die kabinet van Abraham Fischer, heftig bestry, dog sonder sukses.[77)]

Hoewel die stryd tussen die twee taalgroepe nooit in die Vrystaat so heftig was nie, het hierdie provinsie tog daardie vraagstuk opgelewer of in die midde gelê wat later die kern van die stryd tussen die twee bevolkingsgroepe sou vorm, nl. die taalvraagstuk. Met Uniewording in 1910 het dit 'n nasionale vraagstuk geword, die voorwerp van baie onenigheid en 'n bittere stryd.

Politieke groepering onder die Engelse in Natal voor 1910.

Die politieke situasie in Natal toon in hierdie tyd ook noue ooreenkoms met dié in die Vrystaat, dog met die verskil dat Engelssprekendes in hierdie provinsie die oorgrote meerderheid gevorm het en dat die inwoners van Natal begerig was

---

75) Trollip; A.E.G.: The first phase of Hertzogism (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Johannesburg, 1947), p. 78.

76) Ibid, p. 79.

77) Ibid, p. 92 e.v.

om hul Britse identiteit te behou. Ook hier was daar feitlik geen tekens van die stryd tussen die twee taalgroepe nie (selfs minder as in die Vrystaat), en partypolitiek in die ware sin van die woord was daar feitlik nie. Die posisie van Natal word raak geskets deur L.M. Thompson in sy pragwerk oor die Unifikasie van Suid-Afrika waar hy sê:

> "Since Natal acquired responsible government in 1893, the colony had been controlled by shifting groups of British colonists, nearly all of whom represented the farming interest and had much the same outlook".[78)]

Hoewel die Nataliers oor die algemeen baie afsydig gestaan het teenoor sowel die Afrikaans- as die Engelssprekende politieke partye van die ander provinsies, het daar tog gedagtes ontstaan oor die moontlike amalgamasie van Natal en Transvaal voor Uniewording, dog die begeerte na die handhawing van Natal se eie identiteit was sterker en die skema is laat vaar (ook Transvaal wou nie byt nie).[79)] Met die beweging ten gunste van nouer eenwording het Natal 'n afsydige houding ingeneem uit vrees dat hy sy Britse karakter en identiteit sou verloor, en hulle het 'n losse federasie voorgestaan.

Op die vooraand van die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika was dit dus duidelik dat die land op politieke gebied deur die Afrikaanssprekende oorheers sou word. In die twee noordelike provinsies is die oorwinning van die Britse leërs in 1902 ongedaan gemaak deur die toekenning van selfbestuur en die daaropvolgende verkiesings, wat Afrikaanse politici aan die bewind gebring het. In die Kaapkolonie was Jameson nie in staat om sy regering teen die steeds-groeiende Afrikaner-nasionalisme te handhaaf nie en is hy in 1908 vervang deur Merriman en sy Suid-Afrikaanse Party. Slegs in Natal het die Britse element 'n duidelike oorwig gehad, dog Natal se bevolking was maar klein in vergelyking met dié van die ander provinsies. Boonop was daar weinig ooreenstemming tussen die politieke aspirasies van die Engelse in Natal en dié van die res van die land.

Die Nasionale Konvensie en die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910.

Kort na die Vrede van Vereeniging is reeds begin met die aanvoorwerk vir die toekomstige eenwording van die ver-

---

78) Thompson: a.w., p. 41.
79) Thompson: a.w., p. 49.

skillende kolonies in suidelike Afrika. Genl. J.C. Smuts was die eerste persoon wat daadwerklike aandag aan hierdie saak gegee het, en hy het sedert 1903 voorbrand begin maak vir eenheid met die doel om sodoende die Imperiale faktor in Suid-Afrika uit te skakel.[80] Maar ook sir Percy Fitz-Patrick was besiel met hierdie begeerte, en reeds in 1904 was hy oortuig dat "The Union of the two races is the fundamental condition and the essential preliminary to the task of making the country great".[81] Na die teleurstelling van die Progressiewes met die toekenning van selfregering aan die voormalige republieke sê hy: "We are all South Africans

and we are going to work for the future prosperity and the everlasting peace of the country".[82]

Die werklike impuls tot eenwording het egter uitgegaan van die Britse Hoëkommisaris in Suid-Afrika, Lord Selborne en sy "Kindergarten" van bekwame jong Britse amptenare. In 'n spoedige eenwording is die enigste voorwaarde vir die verkryging van 'n Britse politieke meerderheid en die handhawing van "British Supremacy" gesien.[83] Om dit egter 'n eg-Suid-Afrikaanse kleur te gee is die hulp van Jameson, in hierdie stadium nog Eerste Minister van die Kaap, ingeroep, en hy het die bal aan die rol gesit deur die saak van eenwording onder die aandag van die verskillende parlemente te bring. Smuts, Merriman, Botha en Jameson was die vernaamste leiers van hierdie beweging[84] en selfs lord Milner, wat nog steeds 'n aktiewe belangstelling in Suid-Afrika getoon het (soos blyk uit sy korrespondensie met FitzPatrick), het dit verwelkom. Unie sou die Britse posisie in Suid-Afrika versterk, het hy - en sonder twyfel baie ander Britsgesindes - gedink.[85].

Aanvanklik bang vir oorheersing deur die Afrikaners,[86] het die Progressiewes gaandeweg die beweging ten gunste van Unie gesteun. In die afwesigheid van Jameson, wat op hier-

---

80) Ibid, p. 71.

81) F.V.: artikel oor die oorlye van FitzPatrick, in Cape Argus, 26/1/31.

82) Ibid.

83) Thompson: a.w., p. 64. Onder die lede van die Kindergarten was daar manne soos Patrick Duncan, Phillip Kerr, Lionel Curtis, en Richard Feetham.

84) Walker, E.A.: Lord de Villiers and his times - South Africa, 1842-1914 (London, 1925), p. 433.

85) F.V.: Milner aan FitzPatrick, 4/8/08.

86) F.V.: ongepubliseerde manuskrip "Equal Rights", p. 16.

die tydstip in Engeland was, het FitzPatrick aanvanklik die leiding geneem[87] en hom veral daarop toegespits om eenheidsoptrede by die Transvaalse lede van die Konvensie te bewerkstellig en om die publiek gunstig te stem teenoor die voorgenome eenheidsbeweging.[88] As basis vir samewerking met die regering is die eis van gelyke regte gestel,[89] en hierdie eis is gestel ten opsigte van die basis van verteenwoordiging sowel as die gebruik van die taal.[90] Die erkenning van hierdie beginsel, veral t.o.v. die taal, het in die onderhandelings met Botha en Smuts die deurslag gegee en verseker dat die Transvaalse afgevaardigdes na die Konvensie as ŉ eenheid kon opruk.[91]

Die verteenwoordigers van die Progressiewe Party van Transvaal op die Konvensie was Farrar, FitzPatrick en Lindsay (tot groot teleurstelling van Chaplin)[92], terwyl die Unioniste of Progressiewes van die Kaapkolonie verteenwoordig was deur Jameson, Smartt, Walton en Jagger. Die Vrystaatse Konstitusionele Party is verteenwoordig deur Browne.[93]

Die werksaamhede van die Nasionale Konvensie sowel as die verhouding tussen die afgevaardigdes buite die vergadersale is gekenmerk deur ŉ gees van samewerking soos nog nooit tevore in die geskiedenis van die verhouding tussen die twee bevolkingsdele nie. Boer en Brit het saam om dieselfde tafel gesit van wie baie pas agt jaar tevore ŉ aktiewe aandeel gehad het in die bloedige stryd tussen die twee bevolkingsgroepe, en saam het hulle beraadslaag oor ŉ gemeenskaplike toekoms in ŉ verenigde staat. Die rassefaktor het byna nooit gedurende die werksaamhede van die Konvensie sy verskyning gemaak nie, en waar daar koloniale wrywing was (en dit was volop), het die twee taalgroepe mekaar dikwels ter wille van koloniale belange gesteun. Die belangrikste geskilpunt tussen die twee taalgroepe op die Konvensie was

---

87) F.V.: ongepubliseerde manuskrip "The Language Question", p. 2.

88) F.V.: "Equal Rights", p. 16, en "The Language Question", p. 2.

89) Ibid, p. 30.

90) Ibid, p. 42.

91) Wallis, J.P.: Fitz, **the story of sir Percy FitzPatrick (London, 1955,)** p. 135.

92) Long, B.K. Drummond Chaplin, his life and times in Africa (London, 1941), p. 126-127.

93) Thompson: a.w., p. 175.

die taalvraagstuk, wat egter deur die leiers aan weerskante in 'n goeie gees uit die weg geruim is.[94]

By die voorlegging van die ontwerpkonstitusie aan die verskillende parlemente het die Kaapkolonie sekere wysigings ten opsigte van die kiesstelsel voorgestel wat die plattelandse kiesers ten koste van die stedelikes sou bevoordeel,[95] en hierteen het die Opposisie, wat vir sy steun veral van die stede afhanklik sou wees, dadelik in opstand gekom. Veral FitzPatrick, Farrar, Phillips en J.W. Jagger het kwaai protes aangeteken, dog Jameson was meer gematigd en wou nie Unie net ter wille daarvan laat skipbreuk ly nie.[96] Uiteindelik is op 'n welwillende manier tot 'n kompromis geraak waardeur albei die partye tevrede gestel is.[97] Hierna het die grondwet maklik die steun van die verskillende parlement verkry, hoewel in Natal eers 'n referendum vir die doel gehou moes word.[98]

Oor die algemeen kon die progressiewe verteenwoordigers op die Konvensie tevrede voel met wat bereik is, en Jameson het by die goedkeuring van die grondwet in die Kaapse parlement homself dan ook beskryf as die luitenant van die Eerste Minister.[99] In 'n sekere mate het die Nasionale Konvensie met sy gees van samewerking tussen Engelsman en Afrikaner die Progressiewes aan invloed laat toeneem sedert hulle hulle in die voorafgaande jare so pertinent op die standpunt van "British Supremacy" gestel het. Hoewel dit nie die Progressiewe Party aan bewind sou bring nie, het FitzPatrick gemeen dat die verkryging van gelyke regte, soos saamgevat in die grondwet, sou verhoed dat 'n "racial party" Suid-Afrika sou regeer.[100] Daar is gevoel dat, ter wille van Imperiale belange, die bestaande op-rasseverskil-gebaseerde geskilpunte uit die weg geruim moes word, en 'n nuwe gees het merkbaar begin word by hierdie rigting wat hom in die verlede so onverbiddelik op die "Supremacy"-standpunt gestel het. Die toekoms is met groot entoesiasme tegemoet gegaan:

> "We have reached an entirely fresh stage - not a new chapter, but a new book and a new epoch."[101]

---

94) Thompson: a.w., p. 134, 373 en 374.
95) Ibid, p. 342.
96) Ibid, p. 364.
97) Ibid, p. 372.
98) Ibid, p. 393 e.v.
99) Ibid, p. 337.
100) F.V.: FitzPatrick aan Milner, 14/3/09 (afskrif).
101) FitzPatrick, soos aangehaal in Wallis: a.w., p. 143.

## HOOFSTUK 2.

## DIE STIGTING VAN DIE UNIONISTE PARTY, MEI 1910.

Geïnspireer deur die gees van eensgesindheid en samewerking wat daar tydens die Nasionale Konvensie geheers het, die sg. Konvensie-gees,[1] het daar 'n gevoel ontstaan om weg te doen met die bestaande verskille en stryd tussen die twee bevolkingsdele en om "complete and real co-operation"[2] tussen Boer en Brit as noodsaaklike vereiste en voorwaarde vir sukses, voorspoed en eenheid in die toekoms te bewerkstellig. Hierdie beweging het sy kulminasiepunt in Maart 1910 bereik toe daar van die hand van sir Percy FitzPatrick 'n oproep om 'n "Fresh Start" in pamfletvorm die lig gesien het.[3]

Hierdie oproep het verskyn juis op 'n tydstip toe die kwessie van die eerste premier en die samestelling van die eerste kabinet onder die nuwe grondwet die onderwerp van drukke bespreking was. Dit het kortliks 'n kragtige voorstel bevat vir 'n algehele nuwe oriëntasie van bestaande politieke partye op model van die rasseharmonie en -samewerking soos geopenbaar tydens die Nasionale Konvensie. Prakties het dit neergekom op die ontbinding van die bestaande partye, wat op rassegrondslag gevorm was,[4] en op die stigting van 'n nuwe party van eendersdenkendes onder die leiding van Botha en Jameson.

In die "Fresh Start"-pamflet, wat dertien getikte foliobladsye beslaan, wys die outeur, wat hom sedert 1907 uit die sakelewe onttrek het met die doel om hom te wy aan die verwesenliking van Rhodes se ideale,[5] daarop dat die Nasionale Konvensie duidelik geopenbaar het dat die ou party-indeling, op rassegrondslag gefundeer, "artificial...even disastrous, perplexing, unworking and paralysing" is. As praktiese

---

[1] "...a phrase which at that time expressed and was widely understood to mean a broader, more generous, more truly patriotic and non-party attitude than had ever marked any discussion or purpose in the past". -FitzPatrick in "Language Question", p. 18.

[2] Thompson: a.w., p. 433.

[3] F.V.: The Union: a plea for a Fresh Start (afskrif, vervat in Bylae), gepubliseer deur The Transvaal Leader, 15/3/10.

[4] In die tydperk onder bespreking is die term "ras" nog algemeen gebruik om die verskillende blanke taalgroepe van mekaar te onderskei.

[5] Wallis: a.w., p. 147.

oorweging vir die wenslikheid van ŉ nuwe begin word die onvoorspelbaarheid van die eerste verkiesings voorgehou en die feit dat die regering saamgestel moet word voordat die verkiesings kan plaasvind. Dit kon tot gevolg hê dat die regering slegs uit een bevolkingsdeel saamgestel word, wat weer wantroue by die ander groep sou wek.

Verder wys FitzPatrick daarop dat die wedersydse respek, openhartigheid en opregte begeerte om mekaar te verstaan nie net onder die leiers bestaan nie, maar ook onder die bevolking in die algemeen, en die bestaande politieke indeling loën hierdie houding. Indien voortgegaan sou word op die ou weë, sal die vernaamste vraagstukke van Suid-Afrika bly voortbestaan en sal dit slegs "disappointment, dismay and sense of betrayal"...tot gevolg hê. Alle beroepe op vertroue van die een kant sou deur die ander kant met wantroue bejeën word, daar ŉ mens slegs vertroue van iemand kan verwag indien hy bereid is om dit van sy kant af ook te toon.[6)]

Daar word drie uitweë in die pamflet aangetoon om uit die huidige omstandighede los te kom. Een is die handhawing van die status quo, wat egter verwerp word; in die tweede plek die vorming van ŉ koalisie[7)], wat ook nie aan die toetse voldoen nie. Die derde en aangewese uitweg is ŉ heel nuwe begin op die model van die konsiliasiebeleid van Botha en Smuts in Transvaal sedert 1908. Bestaande verskille in beleid, metodes en beginsels word nie ontken nie, dog die outeur voel dat die punte van ooreenkoms meer en belangriker is as dié van verskil, veral na die verwydering van die groot en fundamentele verskille wat die twee groepe uitmekaar gehou het. Hierdie oproep om ŉ nuwe begin word deur hom gedoen in sy persoonlike hoedanigheid en uit die oortuiging "....that we stand once more - for the last time - at a point where the roads diverge; one leading to long lasting differences between the two white races, the other to peace".

Dan voeg hy waarskuwend toe: "It is the people of South Africa,- present and to come - who will have to pay the whole price for any mistake that may be made".

---

6) "A Fresh Start"-pamflet, p 184, in Bylae.

7) Ibid, p. 185. Onder koaliste verstaan hy "...the inclusion in one Cabinet of men representing at the moment the different Governments and different oppositions in the four Colonies, entirely regardless of their principles, records and aims".

Onmiddellik na afloop van die oorlog in 1902 het Fitz-Patrick hom begin beywer om die eenheid tussen die twee rassegroepe te bevorder, en reeds in 1904 het hy eenheid as noodsaaklike voorwaarde vir die grootsheid van Suid-Afrika gepropageer.[8] Die dade en woorde van FitzPatrick en sy mede-Engelse het egter nie altyd ooreengestem met hierdie ideaal nie en het eerder die indruk geskep dat die Britse Ryk die enigste voorwaarde vir grootheid was. 'n Laaste verbete poging om eers Britse oorheersing en dan eenheid te kry, is in die 1907-verkiesings in Transvaal aangewend, dog dit het ooglopend misluk. Vanaf hierdie tyd kan daar 'n geleidelike verandering in die politiek van die progressiewe Engelssprekendes bemerk word.

Die gedagte aan 'n "fresh start" kom, sover vasgestel kan word, vir die eerste keer in 1906 voor, toe steun van Transvaal aan Natal verleen in lg. se moeilikhede met die naturelle, die outeur van die stuk die hoop laat ontstaan het dat "...we might perhaps utilise it in trying to make a fresh start".[9] In Maart 1909 sit Fitz-Patrick hierdie gedagtes van hom aan Milner uiteen in 'n oorsig oor die werk van die Nasionale Konvensie, en sê hy o.a.:

> "...we have clearly reached an entirely fresh stage - not a new chapter, but a new book, a new epoch in South African history ...I am thinking that we should aim at a fresh start and that the natural and sound alliance is between the Progressives of both races".[10]

Jameson het dieselfde idees as FitzPatrick gehad, dog was nie so uitgesproke daaroor nie en het dit eerder vir homself gehou.[11]

In April 1909 spreek FitzPatrick in sy private korrespondensie[12] hom weer sterk ten gunste van 'n nuwe begin uit en skets hy sy houding oor die hele saak soos volg:

> "I cannot and shall not start the new era on the old lines and am convinced (and every day brings

---

8) Sien artikel by oorlye van FitzPatrick, in Cape Argus, 26/1/31: in F.V.

9) F.V.: Verslag van toespraak te Johannesburg, in The Star, 25/4/06.

10) F.V.: FitzPatrick aan Milner (afskrif), 14/3/09.

11) F.V.: FitzPatrick aan Hawk (Hawkley, 'n prokureer in die Chartered Company), 19/4/09.

12) F.V.: FitzPatrick aan Hawk (afskrif), 19/4/09.

> it out more clearly) that the best British Progressive Policy is to wipe out the race line - not even try for a "British" party, but annex the best of the Dutch, divide them from the old gang and make them feel that we are the best allies, broadminded and unselfish. If the price to be paid is Botha's leadership, I for once would consider it cheap - provided Jameson will hold on long enough to say and see that the Government includes fair representation of races.. For months I have been abused and cold-shouldered and privately maligned as having gone over to Het Volk and such rot; because of doing what I always said I would, i.e. the day they pass the test - Equal Rights - I mean to bury the hatchet, if allowed to, and help where I can to get the progress and real unity that will secure this country for ever as truly British. Farrar, who before the convention would not face the fight for Equal Rights on the voter's basis, swung to the other extreme when it was carried, and talked now of how we would knock these chaps out and run the country ourselves as a party. He could not see that this was only half the victory and half the price. We have still to make and keep them the champions of Equal Rights and Progress and give them the reward and credit. Divide and release Botha from Hofmeyr - not by mischief-making but by helping Botha along the right road and leaving the others miles behind".[13)]

FitzPatrick het dit by 'n ander geleentheid ook weer as sy begeerte uitgespreek, en wel teenoor lord Selborne, om Botha en die beste van die Afrikaners te wen vir 'n progressiewe Britse beleid, en dit was, volgens hom, baie moontlik.[14)] In 'n brief aan Milner toon hy die resultate van die veranderde beleid in die geledere van die Engelse aan en spreek hy dit as sy oortuiging uit:

> "...we will have the influence sufficient to keep the policy of South Africa right for the Empire as well as South Africa. In two years we have influenced their policy to such an extent that the extreme racial and backveld section is quite out of sympathy with Botha and Smuts, and the latter knows that they cannot hope to run South Africa or hold power by favour of a purely Dutch party. Indeed, I do not think they want to".[15)]

---

13) Ibid.

14) Wallis: a.w., p. 147.

15) F.V.: FitzPatrick aan Milner (afskrif), 15/2/09.

FitzPatrick se houding het byval gevind by ander leiers soos Jameson self, Smartt, Walton en andere, dog in die geledere van die Progressiewes was daar tog ook sterk teenkanting teen hierdie nuwe rigting, Veral die Transvalers Drummond Chaplin en George Farrar het hulle nie geneë gevoel om dieselfde mate van vertroue in die Afrikaner te plaas nie of selfs om een te volg nie.[16] Soos blyk uit die aangehaalde korrespondensie, moes FitzPatrick hewige kritiek verduur, selfs in die binnekringe van die party, en dit het tot gevolg gehad dat hy as adjunk-leier van die Party in Transvaal bedank het.[17] Die persoonlike verhouding tussen FitzPatrick en Farrar, wat nooit juis van die beste was nie, was grootliks die rede hiervoor,[18] en Chaplin moes dikwels tussen hierdie twee botsende persoonlikhede in die Progressiewe party as tussenganger optree. Toe daar in 1909 al sprake was dat Jameson weens sy swak gesondheid sou moes uittree, en die naam van Farrar as sy opvolger genoem is, het FitzPatrick dit as "madness" bestempel.

> "...madness from the point of view of British Progressive South Africa - it would burst us".[19]

By 'n latere geleentheid het hy Farrar daarvan beskuldig dat hy Jameson as leier van die party na die kroon probeer steek.[20]

Die veldtog vir 'n nuwe indeling van politieke partye het saamgeval met 'n soortgelyke kampanje vir die daarstelling van 'n regering bestaande uit die bekwaamste manne uit alle partye, die sg. "best man"-veldtog, onder die leiding van Jameson self. Jameson, wat algemeen beskou is as die leier van al die progressiewe Engelse in die land, het die daarstelling van so 'n regering as 'n geleentheid vir die verwesenliking van hul ideale beskou, en so 'n voorstel is dan ook aan Botha gedoen toe dit duidelik begin word het dat

---

16) Thompson: a.w., p. 433. Sien ook Long: Drummond Chaplin, p. 102.

17) F.V.: FitzPatrick aan Hawk (afskrif), 13/9/09. Sien ook Thompson: a.w., p. 147.

18) Long. Drummond Chaplin, p. 97. Die outeur meen dat FitzPatrick jaloers was op die leierskapsposisie van Farrar in die Progressiewe Party in Transvaal.

19) F.V.: FitzPatrick aan Hawk (afskrif), 19/4/09.

20) Ibid, 13/9/09. Drummond Chaplin het ook nie juis 'n hoë dunk van die leierskap van Farrar gehad nie. Sien Long: a.w. p. 96 e.v.

hy die eerste premier van die Unie sou word. Ook het Jameson hom beywer vir die stigting van 'n party van eendersdenkendes, met uitsluiting van ekstremiste na albei kante toe,[21] sodat die "fresh start"-beleid en die "best men"-beleid hier dus inmekaargevloei het.

In Februarie 1910 het Jameson sy beleid aan 'n groot gehoor in Kaapstad uiteengesit, en stel hy as die doel daarvan om toe te sien dat die regering wat op 1 Junie 1910 diens aanvaar en alle nodige aanstellinge moes doen, op 'n regverdige wyse saamgestel sou wees. Hy het genoeg vertroue in die volk van Suid-Afrika om aan tien van die bekwaamste manne, afgesien van afkoms of party, die regering van die land toe te vertrou - mits hulle in die verkiesing wat sou volg, die paal by die stembus sou haal. Die partystelsel sou nog bly voortbestaan, dog nou op natuurlike lyne. Die ideaal agter alles is:

> "...the doing away with the racial problem and getting the best men in South Africa to ensure the future honest government of South Africa."[22]

Jameson self het die ontstaan van hierdie beleid van hom so ver terug gevoer as 1896, met die Jameson-inval, toe dit sy voorneme was om, indien die inval sou slaag, 'n regering daar te stel wat op bekwaamheid en nie op verskil in ras sou berus nie.[23] Hierdie selfde strewe is in 1910 aangevoer as basis vir die totstandkoming van die Unioniste Party.[24] In wese het hierdie beleid ook baie ooreen gestem met die beleid wat Rhodes aan die begin van sy politieke loopbaan gevolg het, en FitzPatrick het dan ook daarop gewys dat dit dieselfde beleid as dié van Rhodes was, met die verskil egter dat Rhodes die sterk figuur en leier van die beweging sou wees; Rhodes het besef dat dit noodsaaklik was dat hulle die Afrikaners en die Kolonialers as die ruggraat van hul party moes kry, en nou is die kans aan hulle gegun waarvoor Rhodes in sy lewe wat sou wou gee.[25]

---

[21] Colvin: Jameson I, p. 287-288.
[22] Verslag van toespraak in The Transvaal Leader, 12/2/10.
[23] Verslag van toespraak van Jameson, in The Star, 1/9/10.
[24] Toespraak van Jameson op die Wanderers, Johannesburg, verslag in The Star, 4/8/10. Hierdie toespraak verskyn volledig in Kruger, D.W.: South African Parties and Policies, 1910 - 1960: a select source book (Kaapstad, 1960), p. 16 e.v.
[25] F.V.: FitzPatrick aan Milner (afskrif), 19/4/09

Die omvang en aard van die "best men"-beleid van Jameson het Botha in ŉ netelige posisie geplaas. Aan die een kant was die voorstelle van Jameson die logiese uitvloeisel van en heeltemal in ooreenstemming met sy beleid van konsiliasie soos toegepas in die Transvaal sedert 1907. Daarteenoor het egter die gevaar bestaan dat Botha, indien hy wel gunstig hierop sou reageer, die steun van baie Afrikaanssprekende ondersteuners sou moes verbeur, ondersteuners wat beswaar sou maak teen die insluiting van gematigde Engelse in die kabinet en dieselfde politieke party.[26)] En dit, nl. opname in dieselfde kabinet, was die essensiële voorwaarde vir samewerking tussen Jameson en Botha.

Terwyl hulle albei in Engeland was, het Botha en Jameson mekaar in Skotland ontmoet en onderhandelings is in die verband gevoer. Hulle was dit wel eens oor die breër objek van die plan, dog oor die metodes waarmee die doel verwesenlik sou word, kon nie tot ŉ uitsluitsel geraak word nie. Terug in Suid-Afrika is die onderhandelings voortgesit, waar Botha Jameson laat verstaan het dat hy, met die goedkeuring van die publiek, ŉ kabinet sou saamstel wat Jameson en ander Britse Suid-Afrikaners sou insluit.[27)] Dog van die kant van baie Afrikaanssprekendes was die teenstand teen sodanige optrede groot, en Botha het die risiko geloop om die steun te verloor van manne soos Merriman, Sauer, Steyn, Fischer en ander vooraanstaande Afrikaners indien hy op hierdie weg volhard en dit tot sy uiterste konsekwensie deurvoer. Veral John X Merriman was heftig gekant teen so ŉ koalisie, en was van mening dat bestaande partye die enigste basis gevorm het vir toekomstige partye.[28)] By Merriman en diegene wat soos hy gevoel het, dog ook by die Progressiewes, was daar egter onsekerheid oor die rigting wat Botha sou inslaan, en hy het gewonder "whether Botha is humbugging us or humbugging Jameson".[29)] Daarteenoor was oud-president Steyn meer optimisties en het hy geglo dat Botha slegs met Jameson saamgesels het met die doel om die teenstanders stil te hou met die oog op die eerste verkiesings.[30)]

---

26) Thompson: a.w., p. 434.

27) Colvin: Jameson I, p. 289.

28) Thompson: a.w., p. 440. Sien ook Wallis: a.w., p. 152.

29) Merriman aan Innes, aangehaal uit Innes Papers, deur Thompson: a.w., p. 444.

30) Steyn aan Merriman, Merriman Papers, aangehaal deur Thompson: a.w., p. 443.

Botha verwerp die "Best Men"-beleid:

Gaandeweg het dit, tot groot teleurstelling van Jameson en sy ondersteuners (dog tot groot blydskap van andere in die progressiewe kamp, bv. Chaplin[31]) duidelik begin word dat Botha die voorstelle vir 'n nuwe begin en vir die samestelling van 'n kabinet bestaande uit die beste en bekwaamste manne sou verwerp, en dat hy 'n kabinet uit sy eie ondersteuners sou saamstel, wat dan ook gebeur het. Botha is daarvan beskuldig dat hy te swak was om die druk van die "...extreme Africander wirepullers...the Steyns, Hertzogs, Fischers, and Sauers" te weerstaan,[32] FitzPatrick blameer Merriman en Fischer[33] en baie jare later (in 1924) skryf hy weer die mislukking van die fresh start-beleid aan Hertzog en sy mense toe.[34] Botha is openlik beskuldig van "double-dealing"[35] en daar is gemeen dat die kabinet alleen op rassegrondslag saamgestel is.[36]

Die algemene gevoel by die voorstanders van die nuwe begin was dat Botha nie ongeneë was om hul voorstelle te aanvaar nie, dog dat hy om verskeie redes nie bereid was om oor die bestaande verskille heen te kyk nie. Botha was egter van opinie dat koalisie op die voorgestelde basis nie sou slaag nie, dat die meerderheid van die bevolking daarteen gekant sou wees en dat dit sy taak was om 'n regering saam te stel uit die vier kolonies wat die vertroue van hul mense geniet het.[37] Die waagstuk sou te groot wees om, ter wille van die steun van 'n deel van die Engelssprekende bevolking (wat ook nie presies bepaal kon word nie), 'n miskien groter deel van die Afrikaanssprekendes van hom te vervreem. B.K. Long het later, in 'n biografie oor Drummond Chaplin, Chaplin sowel as Merriman se teenkanting teen die

---

31) Long: Drummond Chaplin, p. 144 e.v.
32) Hoofartikel, The Star, 10/4/12.
33) Toespraak te Pretoria, in The Star, 1/7/10.
34) F.V. Afskrif van artikel, ged. 6/6/24.
35) Hoofartikel, The Star, 15/9/10
36) Hoofartikel, The Transvaal Leader, 15/6/10.
37) Ibid.

"Best Men"-beleid en die gevolge wat so ŉ samestelling van ŉ kabinet, afgesien van rasse- en politieke verskil (wat ten nouste aan mekaar verbonde is), sou hê, as gegrond beskou:

> "If Botha had formed the Cabinet on 'Best Man' lines, there would have been immediate certainty, throughout South Africa, that he was no more than a tool of Britain".[38]

Gevolglik het Botha niks gewaag nie en het hy alle planne wat hy ook al in die rigting gehad het laat vaar.

Hoewel uiters teleurgesteld oor die mislukking van die poging tot ŉ "best-men"-regering, het sommige van die voorstanders van die nuwe rigting nie afgesien daarvan nie en dit steeds bly verkondig. So het Phillips die mening gehuldig dat Botha se volgehoue strewe na eenheid tussen die twee bevolkingsgroepe getoon het dat Botha hier in stryd met sy eie wense en begeertes gehandel het.[39] Kort voor die eerste verkiesings het dieselfde persoon verklaar dat Jameson, indien hy aan bewind sou kom, samewerking met Botha moes soek en so die geestelike eenheid van die volk moes simboliseer.[40] Jameson self het na die verwerping van sy voorstelle deur Botha verklaar dat hy, indien hy in die geleentheid gestel sou word, nie ŉ eensydige Engelse regering sou saamstel nie, maar dat hy ŉ regering sou saamstel uit die beste manne van albei rasse.[41]

Ten spyte van sy weiering om saam te werk, was Botha se aansien tog nog groot by ŉ deel van die progressiewe Engelssprekendes, want hy is immers, volgens hulle, in sy besluit gelei deur die reaksionêres in eie geledere. Aan die ander kant word die mening gehuldig dat nie baie Engelssprekendes Jameson se geloof in Botha gedeel het nie, maar saam met Chaplin gevoel het dat Botha Jameson gebruik om sy eie posisie teen Merriman te verstewig.[42] Toe dit duidelik was dat Botha nie bereid was om Jameson se voorstel te aanvaar nie, het die behoefte aan organisasie en eenheid in eie geledere hom sterk aan die progressiewe Engelse begin opdring,

---

38) Long: Drummond Chaplin, p. 143 en 144.

39) Phillips, L: Some Reminiscences (London, g.d.), p. 242.

40) Toespraak voor Union Club, in The Star, 1/6/10.

41) Verslag van toespraak in The Star, 10/8/10.

42) Long: Drummond Chaplin, p. 156 en 168.

en dit het met die stigting van die Unioniste Party op 24 Mei 1910 tot verwesenliking gekom.

Reeds in Desember 1909 het Jameson, Farrar en Chaplin planne in die rigting van die stigting van een sentrale vereniging van Progressiewes oor die hele land bespreek,[43] dog die onderhandelings van Jameson met Botha i.v.m. 'n regering van die bekwaamste manne het onvermydelik hierdie planne vertraag. Die gedagte aan nouer eenwording in eie geledere het weer sterk op die voorgrond getree op 'n groot byeenkoms wat in Februarie 1910 in Kaapstad gehou is, en waar J.W. Jagger vir Jameson aan die gehoor voorgestel het as leier nie alleen van die Progressiewes in Kaapland nie, maar ook van die Progressiewes oor die lengte en breedte van die land. By dieselfde geleentheid het Jameson dan ook die behoefte aan 'n sterk opposisie, indien die onderhandelings met Botha misluk, uitgespreek.[44] Te midde van bespiegelinge oor watter houding Botha sou inneem, is die hoop uitgespreek dat die komende kongres van die Party in Transvaal, wat uitgestel is tot twee dae voor die byeenkoms van die Transvaalse parlement in afwagting van Botha se antwoord, die laaste van sy soort sou wees, nl. as die kongres van 'n eksklusiewe Transvaalse Party. "Whether for war or alliance" - wat teen dié tyd al duidelik behoort te wees - "the time has come for the formal consolidation of the Progressive forces throughout South Africa with a common leader and a common programme".[45]

Reeds in Maart het Jameson, Farrar en Chaplin weer te Kimberley vergader, en toe dit duidelik was dat Botha nie tot die voorstel van Jameson sou toestem nie, is die ratte in werking gestel vir die stigting van die nuwe sentrale party. Chaplin het 'n program vir die nuwe party opgestel, dit is later deur Jameson en Farrar goedgekeur en ook die Transvaalse Progressiewe party het hul instemming daarmee op hul jaarlikse kongres kort hierna betuig.[46]

Op die sesde jaarkongres van die Progressiewe Party van Transvaal, gehou op 4 April 1910 in Johannesburg, is die

---

43) Ibid, p. 149.

44) Verslag van toesprake in The Transvaal Leader, 12/2/10.

45) Hoofartikel, The Star, 16/3/10.

46) Long: Drummond Chaplin, p.151 en 152.

saak van nouer samewerking met hul geesgenote in die ander provinsies deur sir George Farrar aangeroer n.a.v. soortgelyke pogings vanuit die Kaap.[47] Farrar stel as beleid van sy party "close co-operation with the rest of their progressive friends in South Africa and the choice of a common leader under whom they were to serve", en as leier noem hy dadelik die naam van Jameson. Die posisie waarin die Progressiewes hulle bevind, word deur hom toegelig met 'n aanhaling uit die Cape Times, nl.:

> "The public throughout South Africa is bound to conclude that the objects which the General (Botha) discussed with Dr. Jameson have now been dismissed as impracticable. We may expect, therefore, that the progressives throughout South Africa will now begin active preparations for the coming electoral campaign. It is all very well for general Botha to speak of a platform 'high and broad enough' for everybody; but if there is to be a party administration the party which is excluded cannot afford to take any risks...".[48]

Farrar, wat nooit juis aangetrokke gevoel het tot die "fresh start"-beleid nie, sê dat die hoofstuk oor koalisie nou gesluit kan word (anders as bv., FitzPatrick, Jameson en hul ondersteuners, wat steeds daarmee sou volhou) en dat die party nou sy eie huis in orde moes bring en sy beleid duidelik moes stel. Dit help nie om die bestaan van 'n rassegevoel te ontken nie:

> "Racialism was here and would be here for many a long day",

en daarvan getuig gebeure in die onderwyskwessie in die Vrystaat baie duidelik. Hy maan ook die Britse sentiment om nie die band met die "Mother Country" te versaak nie, en hy maan hulle: "Let us never forget the maintenance of the principles which we as a party fought for in the past years".[49]

Die resultaat was dat dr. Jameson 'n konferensie van alle Progressiewes vir 9 Mei 1910 te Bloemfontein belê het. Om

---

47) Vir verslag van verrigtinge, sien The Star, 5/4/10.

48) Toespraak te Johannesburg, in The Star, 5/4/10.

49) Ibid.

egter nie aan Botha aanstoot te gee nie, en om sodoende die planne vir samewerking ꞥ knou toe te dien nie, moes dit aan hom verduidelik word dat die party sterk moes wees om hom te steun in ooreenstemmende beginsels indien daar dan nie tot ꞥ ooreenkoms geraak kon word nie, en om hom sodoende te help teen "...the Merrimanites, who, I take it, will be his real opposition".[50)]

Weens die dood van koning Eduard VII moes die konferensie uitgestel word en het dit toe op 23 en 24 Mei 1910 byeengekom, onder voorsitterskap van sir John Fraser, leier van die Konstitusionele Party in die Vrystaat. Op Dinsdag 24 Mei, presies ꞥ week voor die inwerkingtreding van die Uniegrondwet, het dr. Jameson die ontstaan van die nuwe party, die Unioniste Party, aan ꞥ geesdriftige gehoor in die Grand Teater in Bloemfontein aangekondig.[51)] Dit was die resultaat van die werksaamhede van 112 afgevaardigdes van die Progressiewe Partye in Transvaal en die Kaapkolonie en van die Constitutional Party in die Vrystaat. Die ander kolonie, Natal, was nie amptelik op die kongres verteenwoordig nie, dog het wel enkele waarnemers daar gehad. Die hoop het ontstaan dat Natal mettertyd sy gewig by die nuwe party sou ingooi, en hoewel baie nog wantrouig gestaan het teenoor sowel Uniewording as die bestaande politieke partye, het Jameson tog die tyd voorsien dat hulle sy party sou steun, en wel sodra die nuwe party begin het om sy beginsels uit te voer.[52)]

Die naam van die nuwe party, die <u>South African Unionist Party</u> (kortweg die Unioniste Party) was nie sommer ꞥ willekeurige keuse nie, dog is volgens B. Long na versigtige oorweging gekies as

> "...the name which best expressed this cardinal article in the Unionist creed - the desire to consummate a permanent fusion of the two white races in South Africa".[53)]

Dit was ook geensins bedoel om enige verbintenis met die Unioniste in Engeland te simboliseer nie, dog is gekies om die begeerte na eenheid onder die twee blanke rasse, wat ꞥ

---

50) Wallis: a.w., p. 154.

51) Vir volledige verslag van verrigtinge en toespraak van Jameson, sien The Star, 25/5/10. Ook Long: a.w. p. 154 e.v.

52) Ibid.

53) B.K. Long, in ꞥ artikelreeks, "The creed of Unionism", in The Star, 24/8/12. Lady Chaplin, vrou van Drummond, beskou dit egter as "a stupid name". - Sien Long: Drummond Chaplin, p. 155.

eretitel in die program van die party beklee, te beklemtoon.[54] Jameson is self van mening dat dit die "most suitable name" is, en aan diegene wat om sentimentele redes nog aan die ou naam (Progressiewe) vaskleef, gee hy die troos: "...if

> we are the Unionist Party, we are still a progressive party".[55]

Dit is dan ook baie duidelik gestel dat die Unioniste Party slegs die Progressiewe Party in ŉ nuwe gedaante en onder ŉ nuwe naam was: "I want you to understand," het Jameson in sy toespraak by die stigting van die party gesê,

> "that there are no new principles involved in this large party, combined with other parties. I want you to understand that it is the Progressive policy which we are continuing - that we have nothing to take back, that we have nothing new to add; that we are a consistent party, whether we consider ourselves as a Progressive Party or whether we consider ourselves as one party of the whole of United South Africa".[56]

Jameson spreek hom ook uit oor die ontstaansgrond van bestaande politieke partye en erken dat hulle gladnie op beginsels gebaseer is nie, maar op historiese gronde, op die stryd in die verlede en grootliks op die rassestryd.[57] Nou sou dit juis hierdie samestelling volgens rassepatroon wees wat aanleiding sou gee tot bittere reaksies en hewige stryd in die komende verkiesings en ook in die jare wat sou volg. Die rasseverbintenis en die onaangename assosiasies daarvan vir die ander kant kon deur geen party voldoende afgeskud word nie, daarvoor sou die ander groep sorg. Die vrees dat genl. Botha en sy volgelinge ŉ verwyderde doelstelling gehad het om ŉ onafhanklike staat te vorm en die

---

54) Long in artikelreeks, The Star, 24/8/12. Nathan meen dat hulle hier op te veel aanspraak maak, want dit is presies dieselfde strewe as die van die S.A.P. Sien Nathan, M.: The South African Commonwealth (Johannesburg, 1919), p. 337.

55) The Star, 25/5/10.

56) Ibid.

57) "As a matter of fact parties were not based on principles at all. Parties were based on historical grounds. They were based on the result of the fighting in the past. They were based largely on those racial questions". - Jameson, in The Star, 25/5/10. Ook FitzPatrick erken "...That the existing parties were racial in their origin, their reason and their aims". - "A Fresh Start"-pamflet, in Bylae C, p. 184.

Imperiale band te verbreek, word deur 'n geskiedskrywer aangevoer as werklike rede vir die stigting van die nuwe party.[58] Die stigting van die Unioniste Party was egter 'n produk van sy tyd en 'n logiese konsekwensie wat deur Uniewording op die politieke struktuur van die land afgedruk is. Veral nadat pogings om 'n heeltemal nuwe indeling van partye te bekom, misluk het, het dit vir hierdie groep nodig geword - wat volgens alle tekens in die minderheid was - om kragte saam te snoer en so 'n verenigde front te openbaar.

Die kwessie van die leierskap van die nuwe gekombineerde party sou nie veel probleme oplewer nie, en Jameson was die eenparige keuse as nuwe leier. Die enigste ander persoon wat hier in die prentjie kon kom, was George Farrar, die leier van die Progressiewes in Transvaal en 'n eertydse president van die Kamer van Mynwese, dog hy self het reeds vroeër [59] die kandidatuur van Jameson as leier onomwonde gesteun. Die swak gesondheid van Jameson het reeds in hierdie tyd soos 'n wolk oor die toekoms van die party gehang, en die Nasionale Konvensie het reeds duidelik getoon dat Jameson nie meer veel langer sy pligte in die politiek sou kon nakom nie. Hy het al meer en meer die posisie van nominale leier van die party begin beklee, terwyl die werklike leiding en werk verrig is deur manne soos Farrar, Fitz-Patrick en Thomas Smartt. Jameson het egter drie belangrike eienskappe gehad wat hom goed te pas sou kom in sy taak as leier van een verenigde party van Engelssprekendes in Suid-Afrika, nl. sy stewige vriendskapsbande met Botha, sy besef dat samewerking tussen Afrikaner en Engelsman van albei kante moes kom, en in die derde plek, sy unieke persoonlikheid, wat oral 'n indruk gemaak het.[60]

Jameson se waarde vir die nuwe party was veral daarin geleë dat hy as samebindingsfaktor moes optree in die geledere van 'n party wat andersins baie maklik kon verbrokkel, en sy waarde sou veral blyk wanneer daar sprake sou wees van 'n moontlike nuwe bedeling: "Jameson could be dictator

> from our side and stand out if he chose on grounds of health, but he should not let go until the first government is formed",

---

58) Nathan: The South African Commonwealth, p. 338.

59) Farrar te Johannesburg, in The Star, 5/4/10.

60) Long: Drummond Chaplin, p. 137.

was FitzPatrick se mening vroeg in 1909. Graag wou hy Jameson by hulle hou aangesien daar niemand was wat die teuels by hom kon oorneem nie:

> "The suggestion of Farrar is madness - madness from the point of view of British Progressive South Africa - it would burst us".[61)]

Hiermee het hy waarskynlik verwys na Farrar se onvermoë en onwilligheid om in te skakel by die veranderde beleid, soos voorgestaan deur homself en Jameson, nl. die beleid van verdraagsaamheid en hulpvaardigheid aan Botha teen die reaksionêre elemente in sy geledere. FitzPatrick was ook van mening dat Farrar agteraf besig was om Jameson na die kroon te steek en om vir homself steun in die Vrystaat en Natal op te bou, en om hierdie rede het hy as onderleier van die party in Transvaal bedank.[62)] Aan die ander kant word die mening daarop nagehou dat FitzPatrick op sy beurt weer naywerig was op die posisie wat Farrar in die party beklee het.[63)]

Nadat Farrar in die openbaar sy volle steun agter Jameson ingegooi het, kon Jameson die partyleierskap van die pasgestigte party aanvaar

> "...with an absolute assurance that his backing is as solid and spontaneous in the Transvaal as in the Cape".[64)]

<u>Doel en program van beginsels van die Unioniste Party;</u>

Met die oog op Uniewording, het die pasgestigte party dit nodig gevind om die belangrikste beginsels waarvoor dit sou staan, aan die volk voor te lê:

> "Our object is to bring to completion the Union of South Africa in accordance with the spirit and intention of the people, for the promotion of agriculture, commercial and industrial prosperity, for the settlement in the country of a permanent and contented population; to build up in South Africa a strong and contented nation, morally, mentally and physically equipped for the task before it, working out its own domestic problems according to its own needs and aspirations, and taking its share in the defence of the Empire, and

---

61) F.V.: FitzPatrick aan Hawk (afskrif), 19/4/09.
62) Ibid, 13/9/09.
63) Long: Drummond Chaplin, p. 98.
64) Hoofartikel, The Star, 5/4/10. Sien ook Long: a.w., p. 150.

> in all movements leading to a more efficient participation by the different portions of the Empire in its common benefits and obligations". [65]

Na die uiteensetting van die algemene oogmerke, volg die beleid wat die party ten opsigte van die vernaamste vraagstukke oor Suid-Afrika beoog. Dit is nl.:

1. Die versterking van Suid-Afrika binne sy eie grense en as deel van die Britse Ryk.
2. Om 'n doeltreffende en onpartydige staatsdiens te verseker.
3. Om die maatskaplike toestande van die volk te verbeter.
4. Om 'n digte bevolking te verkry en om die produktiewe vermoëns van die grond te verhoog.
5. Om industriële ontwikkeling en uitbreiding aan te moedig.
6. Om die beginsels van plaaslike regering te handhaaf.

Wat die komende verkiesing betref, sou die beleid van die Unioniste - in die woorde van Jameson- wees:

> "...equality of opportunity ...the one ideal, and the rapid development of the country in the common interest of the country...the other...They must go hand in hand. Rapid development without equality of opportunity I don't think would be worth having".[66]

Ten opsigte van die onderwys, wat in hierdie tyd 'n aktuele kwessie was, is 'n beleid aanvaar van

> "...compulsory education where possible, and free education where necessary",

terwyl die party die voordeel en verpligtinge wat die verbintenis aan die Ryk verskaf erken deur te streef vir 'n "adequate" bydrae tot die Imperiale vloot. Net soos wat die geval was met die Nasionale Konvensie, het ook die Unioniste Party die nie-blanke kwessie aan die toekoms oorgelaat, terwyl Jameson die taalkwessie nie as 'n rassekwessie wou beskou nie, maar as 'n suiwere onderwysprobleem waaronder albei groepe se kinders ly, die Afrikanerkind meer as dié van die Engelsman.[67]

---

65) Program van beginsels, in The Star, 25/5/10. Gepubliseer in Kruger: Parties and Policies, p. 45, en vervat in Bylae A.

66) Toespraak in The Star, 25/5/10.

67) Ibid.

Die koers wat die party op politieke gebied sou inslaan, sou wees om te werk vir die heil van Suid-Afrika, en hierin sou hulle Botha teen die ekstremiste in eie geledere steun:

> "We shall not be a destructive opposition. We shall watch and we shall criticise, but we shall support every measure in our programme adopted in our constitution".

Indien Botha egter nie gehoor gee aan hul eise nie, sal hulle hulself as geregverdig beskou om ŉ meer waaksame en kritiese houding in te neem. Die basis vir die stigting van die party was, volgens Jameson, "To get the best men Government in this Country".[68] en hoewel die onderhandelings in hierdie verband misluk het, sou hulle hulle steeds in die toekoms daarvoor beywer.

Insiggewend was dat sommige Natalse koerante hulle gunstig uitgespreek het oor die stigting van die nuwe party.[69] Dit het belofte ingehou vir die toekoms van die party in hierdie provinsie, dog die Friend, mondstuk van die Orangia-Unie in die Vrystaat, het die indruk gekry dat die oorwegende rassekarakter van die party sou lei tot sy ondergang. Ook is dit geen logiese party nie, want slegs ŉ kort rukkie gelede het Jameson te Kaapstad erken dat hy en Botha oor geen groot vraagstuk verskil nie. Boonop het Jameson by die stigting van die party verklaar dat dit oor geen nuwe beginsels beskik nie, dog dat dit gestig is met die doel om Botha te opponeer. Die vraag wat die Friend nou stel, is hoe dat die opposisie dit gaan doen.[70] Mev. Chaplin, Drummond Chaplin se vrou, sien dieselfde probleem as ŉ onmoontlike dilemma[71] vir die Unioniste Party. Sou Jameson en sy volgelinge dit kon oorkom?

Die Unioniste Party is in sy werksaamhede gesteun deur drie kleiner bewegings, nl. die Women's Unionist Association of South Africa, die Unionist Party Club en later ook die sg. Young Unionist Society.[72]

---

68) Ibid.

69) Die Natal Advertizer en Natal Mercury. Sien berig in The Star, 26/5/10.

70) The Friend, aangehaal in The Star, 26/5/10.

71) Long: Drummond Chaplin, p. 154.

72) P.H. Coetzee: Party-politiek in Suid-Afrika sedert 1910- ŉ Histories-staatsfilosofiese studie (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Bloemfontein 1952), p. 81.

Eersgenoemde twee verenigings het albei ŉ sterk ondersteunende rol gespeel in die aktiwiteite van die party op politieke gebied, terwyl die Jong Unioniste beperk was tot die sosiale en industriële lewe.[73)]

Die onstaan van die Unionist Women's Association dateer reeds uit die tyd voor die stigting van Unie, en die doel van hierdie beweging is op die vyfde jaarvergadering daarvan, deur die presidente daarvan, mev. Scandrett (wat in 1911 vir Lady Farrar vervang het) as volg geskets:

> "...being a political organisation our work should be to express the views of our party, defend its interests, and uphold its principles, and that this work should be done more in the spirit of our motto, 'In small things, liberty, in great things unity, and in all things charity'".[74)]

Hierdie eksklusiewe vrouebeweging het ywerig aan die politiek deelgeneem, met die registrasie van kiesers gehelp,[75)] byeenkomste, danse en debatte vir oud en jonk gereël, die jeug ingelig oor die verhouding van Suid-Afrika tot die Ryk,[76)] en het telkens aan die leiers en parlementslede van die Party geleentheid verskaf om die doelstellings van die Party uiteen te sit en te propageer. Soos dit ŉ getroue eggenote betaam, het die Vroue-Unioniste voortbestaan tot by die verdwyning van die Unioniste Party in 1920.[77)]

Die Unionist (Party) Club is op 20 Januarie 1913 geopen met ŉ ledetal van ongeveer 3000 mans en 600 dames.[78)] Die doel en aard van hierdie Club word saamgevat in die gelukwense van die mondstuk van die Party aan die klub: The Star spreek dit as sy hoop uit

> "..that this spacious halls and comfortable club rooms may prove a great rallying point for all classes of

---

73) Ibid. Die stigting van die vereniging word in hoofstuk 7 bespreek.

74) Verslag van verrigtinge by kongres in Grand National Hotel, Johannesburg, in The Star, 27/9/11.

75) Sien The Star, 16/1/11, 28/9/11 en 24/10/11.

76) Sien Jaarverslag, in The Star, 27/9/11: "..the efforts of the Womens Unionist Association to educate, amuse and Imperialise both old and young was decidedly successful".

77) Ontbindingskongres, verslag in The Star, 2/11/20.

78) Berig oor opening van Unionist Club, in The Star, 20/1/13.

> Unionists, a centre of live and fruitful political discussion, and a training school for a large army of active workers whose co-operation will prove of the utmost value in the winning of seats in Parliament and the Provincial Council".[79]

Hierdie vereniging was hoofsaaklik 'n sosiale instelling wat hom in die komende jare sou toespits op en leen vir die byeenbring van Unioniste d.m.v. konserte, debatte, danse, besprekings en ander byeenkomste.

---

[79] Hoofartikel, The Star, 17/1/13.

# HOOFSTUK 3.

## DIE UNIONISTE EN DIE EERSTE VERKIESINGS.

Onmiddellik na die stigting van die Unioniste Party het die nuwe organisasie ywerig voorbereidings begin tref vir die algemene verkiesing van volksraadslede vir die eerste Unie-parlement. Reeds moes die Unioniste veel aan tyd en prestige inboet vanweë die pogings tot 'n reoriëntasie van partye[1) ] en dit het inderdaad geskyn asof Steyn se opinie oor Botha se motiewe korrek was, nl. dat hy met Jameson saamgesels het slegs met die doel om hulle stil te hou.[2)]. Die Unioniste sou alles in die stryd moes werp om die verlore tyd en prestige in te haal voordat die verkiesings teen die middel van September sou plaasvind. Vergaderings is oral in die land toegespreek deur welsprekende politici, nuwe takke met koorsagtige haas gestig en kandidate vir die verskillende kiesafdelings gekeur. Ook die pers van die Unie is meegesleur deur hierdie politieke bewustheid, ellelange kolomme is aan toesprake gewy terwyl ook die briewekolomme oorwegend politiek gekleurd was.

Aan die spits van die verkiesingsveldtog het gestaan dr. Leander Starr Jameson, leier van die Unioniste Party en voormalige Eerste Ministervan die Kaapkolonie (vanaf 1904 tot 1908). Hy is ywerig bygestaan deur manne soos George Farrar, voormalige leier van die Progressiewe Party in Transvaal, Thomas Smartt, Jameson se regterhand in die Kaapkolonie, Percy FitzPatrick, 'n vleiende en aangrypende spreker, Patrick Duncan, 'n lid van die beroemde "Kindergarten" en 'n man wat in baie opsigte voor sy tyd gelewe het,[3)] en F.D.P. (Drummond) Chaplin, 'n voormalige joernalis en groot mynmagnaat.[4)] Anděr vooraanstaande lede van die Party het o.a. ingesluit

---

[1)] Long: Chaplin, p.157.

[2)] Steyn aan Merriman, 22/2/10, aangehaal in Thompson, a.w., p.443.

[3)] Neame, L.M.: Some South African Politians, p.110. Hy word ook genoem "the most democratic of the Unionists" -hoofartikel, The Star. 19/7/12.

[4)] Ibid. p.161 e.v.

J.W. Jagger, 'n ekspert op die gebied van finansies[5], Lionel Phillips, 'n voormalige president van die Kamer van Mynwese en een van die leiers van die Hervormingsbeweging van 1895[6], J.W. Quinn, "...a Unionist with independent leanings[7]." en Abe Bailey, 'n groot mynmagnaat wat nie altyd presies geweet het wat hy op politieke gebied wou hê nie: "Too South African for the ultra - British, he was too British for the extreme Africanders."[8]

Met hierdie en ander manne aan die spits, het die Unioniste Party sy saak aan die kiesers van Suid-Afrika gestel. Dit sou geen maklike taak wees nie, gesien in die lig van die pogings tot samewerking met Botha en sy mense kort tevore. Selfs na die stigting van die Party het Jameson steun aan Botha teen die ekstremiste in die geledere beloof[9], en nou moes Jameson die kiesers probeer beïnvloed om hom en nie Botha nie te steun - ietwat van 'n dilemma vir 'n politieke leier!

Word die program van beginsels van die Unioniste Party[10] vergelyk met die manifes wat genl. Botha op 2 Junie 1910 te Pretoria uitgereik het[11], is die groot mate van ooreenstemming in sake soos Suid-Afrikaanse burgerskap, die nie-blanke beleid, verdediging, immigrasie, industrieële ontwikkeling, ens., opvallend. Ook t.o.v. onderwys [12] en die verhouding tot die Britse Ryk[13] was die ooreenkomste groot, sodat dit duidelik is dat daar ander gronde moes wees waarop die Unioniste hul saak kon baseer waarin hulle Botha kon opponeer. Die reedsgenoemde onderwyskwessie en die verhouding tot Brittanje sou hier op 'n besondere wyse te pas gebring word.

Die onderwysvraagstuk, en spesifiek die Hertzog-Onderwyswet in die Vrystaat met al sy moontlike konsekwensies, is saam met die verhouding tot Brittanje deur die Unioniste in verband gebring met hul verklaarde beleid van

---

5) Ibid, p.99-105. Ook Hoofartikel, The Star, 15/7/14.

6) Sien The Star, 1/1/12.

7) Neame: a.w., p. 191.

8) Ibid. p.167.

9) Sien hoofstuk 2, p. 35.

10) In bylae, nr. A.

11) Die manifes is opgeneem in Kruger: Parties and Policies, p. 48.

12) Die U.P. streef 'n "vigorous education policy" na, Botha beoog "An expanding education policy". V.g.l die Program van beginsels (in Bylae, A.) en Botha se manifes, in Kruger: Parties and Policies, p.49.

13) Ibid.

"...equality of opportunity...and the rapid development of the country in the commonwealth interest..."[14]

Hierdie twee strewes het hand in hand gegaan, en in hul beywering daarvoor het die Unioniste in botsing gekom met veral genl. Hertzog, wat as kampvegter vir die Afrikaner en sy regte ("gelyke regte") opgetree het. So het "Hertzogisme" in werklikheid die belangrikste politieke vraagstuk in die 1910 -verkiesing geword, en is dit deur die Unioniste as ŉ stok in die hand gebruik om Botha te slaan, terwyl dit aan die ander kant hul verklaarde beleid van steun aan Botha moes motifeer.

Die Unioniste was nl. sterk gekant teen die onderwyswet wat Hertzog in 1908 in die Vrystaat deurgeloods het, veral toe daar sprake was dat dit oor die hele Unie uitgebrei sou word. Die uitwerking van Hertzog se onderwyswet (met sy beginsel van verpligte tweetaligheid)[15] was dat eentalige Engelse onderwysers, wat in Milner se tyd die land binnegebring is, tot ŉ groot mate lamgelê is. Die Unioniste het hulle beywer vir die reg van die ouer om oor die medium van onderrig te besluit, en in hierdie opsig was dit, volgens Jameson, die kinders wat onder die Vrystaatse stelsel aan die kortste end getrek het.[16] Farrar was afkerig daarvan dat dwang t.o.v. die medium op die kinders uitgeoefen moes word, en het gesê dat die Unioniste nie ŉ rassekwessie daarvan wil maak nie.[17] Hy waarsku egter dat die uitbreiding van verpligte tweetaligheid oor die hele land die basis sou vorm van een van die bitterste twiste wat die land sou ervaar.[18] Ook Lionel Phillips vind die Hertzog-Onderwyswet "educationally unsound...and in the second place...racially irritating".[19]

Die handhawing van die Hertzog-wet is deur die Unioniste as ŉ breuk met die bepalinge van die Unie-grondwet en die

---

14) Volgens Jameson te Wanderers, Johannesburg, in The Star, 25/5/10.

15) Sien Kruger: Age of the generals, p. 61.

16) Te Wanderers, in The Star, 5/8/10.

17) Ibid.

18) Hoofstuk 4, voetnoot 12.

19) Phillips te Johannesburg in The Star, 15/9/10.

interpretasie van die Nasionale Konvensie beskou. Nie net het hulle die opheffing van hierdie wet geëis nie, maar later ook die uitsetting van Hertzog uit die kabinet.[20] Jameson het Botha gekritiseer omdat hy nie die uitlatinge van Hertzog m.b.t. die onderwys en taal gerepudieer het nie, veral vanweë die eendersheid en ooreenkoms in die beleid van die Unioniste en Botha.[21] Ook die regering as ŉ geheel is aangeval, as "...a ministry which sacrifices its principles for the sake of hanging together..."[22], wat weens die uiteenlopende verskille tussen die lede daarvan,[23] as ŉ koalisie beskryf is, dog "...a coalition in the worst sense of the word".[24]

Die Unioniste moes skynbaar besef het dat hulle nie in ŉ kans gestaan het om die paal te haal nie, want Jameson het dit as die plig van die Unioniste beskou om toe te sien dat hulle party so sterk as moontlik is "...so as to help the Premier against his reactionaries", wat in werklikheid vir Botha dikteer.[25]

Op die vooraand van die verkiesing is die Party se beleid t.o.v. die onderwys uiteengesit as

> "...a system which will make educational efficiency the first an only consideration, and which will bring proper educational opportunities within the reach of every white child in the country".[26]

Die sentiment oor die verhouding tot Brittanje het ŉ groot rol gespeel in die eerste verkiesing, en het ten nouste saamgehang met die onderwys- en taalkwessie. Dit was spoedig duidelik dat die verkiesingstryd, wat in werklikheid ŉ stryd was tussen die Unioniste en Hertzog, weer in die ou stryd tussen Boer en Brit ontaard het, ŉ stryd waarin beskuldigings van rassehaat oor en weer geslinger en ontken is.

Vir die Unioniste was Hertzogisme die sinoniem vir

---

20) Neame: General Hertzog, p.91.
21) Toespraak van Jameson te Wanderers, in The Star, 5/8/10.
22) Ibid.
23) Hoofartikel, The Star, 24/8/10.
24) N.a.v. Hertzog se defenisie dat ŉ koalisie regering onderneem om kragte saam te span. Jameson se toespraak, in The Star, 5/8/10.
25) The Star, 5/8/10.
26) "An Election Address by a Candidate", in The Star, 15/9/10.

Afrikaner-oorheersing, en in hierdie verband het uitlatinge soos die van Abrahm Fischer, nl dat die Afrikaner altyd baas moet bly in Suid-Afrika[27], en 'n politiek-gekleurde eredienս van ds. H. van Broekhuizen[28] baie nuttig as bewyse vir beskuldigings vir die ontaarding van die verkiesingstryd in 'n rassebotsing gedien. Hierteenoor het FitzPatrick die Unioniste se beleid gestel as "...to unite men who took a broadminded view of the development of South Africa - to unite them regardless of race."[29]

Die Britsgebonde karakter wat die Unioniste Party nog steeds aangekleef het, het op sy beurt weer die Unioniste die skyf gemaak vir beskuldigings dat hulle die ou rassegevoel opwek.[30] Kort voor die verkiesing het Lionel Phillips laat blyk dat die bande met Engeland nie maklik verbreek sou word nie, terwyl hulle ook nie sou toelaat dat Engels as 'n vreemde taal in Suid-Afrika bejeen word nie. Hy het die program van die Unioniste kort en bondig opgesom as

> "...fair play all round, progress and recognition of what we owe to Great Britain in this country."[31]

Die belange van Suid-Afrika is steeds gesien teen die agtergrond van die van die Britse Ryk,[32] en in hierdie holistiese Imperialistiese siening het Smuts grootliks gedeel.[33] Ook hier was dit in wese eerder 'n stryd tussen die Unioniste en Hertzog as tussen die Unioniste en Botha as premier.

Afgesien van hierdie twee vraagstukke, het die Unioniste hulle verder in die eerste verkiesings-veldtog beywer vir 'n onafhanklike, onpartydige en politiek-vrye staatsdiens, imigrasie van blankes, die belasting van onverbeterde eiendomme en die beskikbaarstelling van grond vir voornemende setlaars.[34] Dog in werklikheid het die 1910 - verkiesing gewentel om die onderwys- en taalkwessie en die kwessie van die verhouding tot Brittanje.

---

27) Aangehaal in hoofartikel, The Star 5/9/10.

28) Volledige teks in The Star, 12/9/10.

29) Toespraak van FitzPatrick in The Star, 30/8/10.

30) Deur L.E. Neame, redakteur van die Rand Daily Mail, in 'n brief aan die Londonse Daily Mail, aangehaal in The Star, 17/9/10.

31) Aangehaal in The Star, 14/9/10.

32) V.g.l. hoofartikel, The Star, 15/9/10.

33) Sien Thompson: a.w., p. 465.

34) "An Election Address...; a.w., The Star, 15/9/10.

verhouding tot Brittanje, wat op hul beurt weer ontaard het in die opwekking van rassegevoelens aan albei kante. Hoewel die Unioniste veral teen Hertzog te staan gekom het, is die onus vir die rassestryd op Botha geplaas: Sy weiering om die "best man" beleid te aanvaar, is hom ten laste gelê as dat dit die

"...old spirit of racialism, of whom General Botha constituted himself the champion..."

sou laat herleef het.[35] Tog het Jameson sy party se stem in die uitvoer van Botha se beleid, wat basies ook dié van die Unioniste was, dog wat deur die reaksionêres in eie geledere van uitvoering weerhou sou word, toegesê.[36]

Reeds uit hierdie verkiesingsveldtog was dit duidelik watter lyne die politieke verdeling in die toekoms in Suid-Afrika sou volg. Hoewel nie openlik nie, was daar reeds tekens van verskil in die geledere van die Afrikaners, en hierdie verskil is negatief geopenbaar deur die mate van ooreenstemming in die beleid van die Unioniste en Botha. Gepaard met die verandering in hul houding teenoor die Afrikaanssprekendes,[37] veral sedert 1907, het ook die politieke metode van „verdeel en heers" in hierdie tyd 'n belangrike element in die strategie van die Unioniste Party geword.[38] In hierdie opsig sou hulle geredelik aansluiting vind by die konsiliasiebeleid van Botha en Smuts, wat deur baie Afrikaners verwerp sou word. Die uitkristallisering van hierdie toestande in die praktyk sou egter baie jare in beslag neem en in dié proses gepaard gaan met bittere stryd en politieke wantroue.

Afgesien van die Unioniste en die Bothagroep[39] het ook die Arbeidersparty o.l.v. kolonel Cresswell as derde

---

35) Hoofartikel, The Star, 16/9/10.

36) te Wanderers, in The Star, 5/8/10.

37) 'n Verandering wat deur gematigdheid gekenmerk is.

38) Sien hierbo, hoofstuk 2, p. 22.

39) Het Volk, Orangia-Unie en die Suid-Afrikaanse Party het hul aparte identiteit nog behou, egter met formele samewerking.

politieke party aan die 1910 - verkiesings deelgeneem. Ook die Arbeiders het daarop aanspraak gemaak dat hulle 'n "absolutely non-racial" party was,[40] en oor die algemeen was daar 'n redelike verstandhouding tussen hulle en die ondersteuners van Botha. Saam met die Nasionaliste het hulle heftig te velde getrek teen die kapitaliste in die geledere van die Unioniste[41], en het hulle gewaarsku:

> "Every vote for a Unionist is a vote for Directors' Domination!"[42]

Van die kant van die Unioniste is hard probeer om die indruk te wek dat daar geen verskil tussen hulle en die Arbeiders was nie,[43] dog op die vooraand van die verkiesing is besef dat dit niks gebaat het nie, en kiesers is gewaarsku om nie die Arbeiders te steun nie. Hulle moes steeds onthou dat dit 'n stryd was tussen die Unioniste en die Het Volk - Bond - Unie - ooreenkoms:

> "...the voter who supports a Labour Party candidate is, whether he knows it or not, singly playing the game of the Nationalist Party".[44]

---

[40] Verklaring van die Arbeidersparty, aangehaal in hoofartikel, The Star, 19/7/10.

[41] Thompson: a.w., p.469.

[42] "Election Posters", soos gebruik deur Thompson: a.w. p. 469.

[43] FitzPatrick in The Star, 30/8/10; Phillips in the Star, 30/8/10, en hoofartikel, The Star, 5/9/10.

[44] "An Election Address...", a.w., The Star, 15/9/10.

Die Unioniste en Natal: Net soos tydens die Nasionale Konvensie, het Natal in die eerste verkiesings ook 'n gematigde houding ingeneem, en het hulle hulle afsydig gehou van die politieke stryd soos dit in die res van Suid-Afrika bestaan het. Ten spyte daarvan dat Natal by die stigting van die Party slegs deur waarnemers verteenwoordig was, het die Unioniste in hierdie tyd egter 'n wye veldtog in Natal geloods om steun te kry, en die deur is steeds oopgehou vir Natallers wat wou aansluit. Phillips was van mening dat Natal uit hoofde van sentiment, tradisies en belange die Unioniste moes steun[45] terwyl Jameson by die stigting van die Unioniste party dit as sy oortuiging uitgespreek het dat, indien die party daartoe sou oorgaan om sy beginsels te verwesenlik, Natal - in elk geval die grootste meerderheid - die Unioniste sou steun.[46] By die 1910-verkiesing het Natal egter grotendeels buite die partypolitieke stryd gebly staan en verkies om as lede van die Natal Party [47] aan die stryd deel te neem. Hulle sou eers 'n afwagtende houding inneem en kyk hoe Unie in die praktyk werk voordat hulle tot een van die politieke partye sou toetree - die waarskynlikste waarvan sou wees dié van Botha, indien hy 'n plan met Hertzog kon maak.[48] — ?

Die Algemene Verkiesing, September 1910: Die verkiesing, wat op 15 September 1910 plaasgevind het, het aldus die vorm aangeneem van 'n driehoekige stryd tussen die Nasionaliste (bestaande uit die Suid-Afrikaanse Party, Het Volk en Orangia Unie, wat verkies het om elk nog voorlopig selfstandig voort te bestaan), die Unioniste en die Arbeidersparty. In Natal het die "Natal Party", die Unioniste en Onafhanklikes die stryd uitgespook. By die stembusse was dit egter veral 'n stryd tussen die Nasionaliste (Het Volk, Orangia Unie en S.A.P.) en die Unioniste, die ondersteuners van Botha aan die een kant en dié van Jameson aan die ander kant.

---

[45] Toespraak in The Star, 6/9/11.
[46] Toespraak te Bloemfontein, in The Star, 25/5/10.
[47] Op 22 Junie 1910 gestig met doel: "to form the nucleus of a real South African liberal movement". Sien program in The Star, 23/6/10.

48?

Die stemming het, op enkele uitsonderings na, volgens verwagting verloop, en Botha kon die eerste parlementsitting tegemoet gaan met 'n meerderheid van dertien bo al die ander partye en /of groepe gesamentlik. Die amptelike uitslag was:[49)]

| | |
|---|---|
| Nasionaliste | 67 |
| Unioniste | 39 |
| Arbeiders | 4 |
| Onafhanklikes | 11 |

In die Kaapkolonie het die Unioniste 21 teenoor die Nasionaliste se 29 setels verower, terwyl die syfer in Transvaal 12 teenoor 20 was. Die enigste suksesvolle Unionis in die Vrystaat was 'n Afrikaner, C.L. Botha, wat Bloemfontein-stad vir die Unioniste verower het. In Natal is vyf Unioniste tot lede van die Volksraad verkies, met 2 Nasionaliste en soveel as 10 onafhanklikes [50)].

Die oorwinning wat Sir Percy Fitzpatrick in Pretoria-Oos oor die eerste minister, generaal Botha, behaal het, was vanuit Unionis-oogpunt beskou, 'n hoogtepunt.[51)] Reeds in die voorafgaande veldtog is die meeste aandag op hierdie botsing gefokus, en die Unioniste het dit as 'n "test case" beskou tussen die Konvensie-gees, soos verteenwoordig in die Unioniste, en die rassestryd, waarvan Botha die argitek was.[52)] Sir Percy, een van die vooraanstaande lede van die Unioniste Party, het na 'n hewige verkiesingsveldtog die setel verower, en so vir die tweede keer 'n oorwinning oor 'n aangewese eerste minister behaal.[53)] Die uitslag is deur die Unioniste beskou as die kiesers se antwoord op Fitzpatrick se beroepe op 'n "non-racial start" en "straightforwardness in public life",[54)] terwyl "The Star" ten opsigte van Botha se posisie konkludeer het dat

> "... his prestige, and the prestige of his party, has suffered a blow from which it will not recover quickly."[55)]

Inderdaad het Botha sy neerlaag baie gevoel en dit sterk

---

49) Malan, I.P.A., en Van Rensburg, M.C.: Verkiesingsuitslae, 1910-19 , met volledige naamlys van Volksraadslede (Fotokopie).

50) Thompson, L.M.: a.w. p. 477.

51) The Transvaal Leader, 16/9/10 bevat opskrifte soos: "A great Day for the Unionists" en "Fitz Patrick's magnificent Victory"

52) Hoofartikel, The Star, 16/9/10.

53) Die vorige keer was toe hy Richard Solomon in die 1907-verkiesings in Transvaal verslaan het. Sien Thompson, L.M.: a.w. p.28, en Long: Drummond Chaplin, p.88.

54) Hoofartikel, The Star, 17/9/10.

55) Hoofartikel, The Star, 10/9/10.

oorweeg om uit die politiek te tree, dog eindelik het hy 'n veilige setel in Losberg aanvaar.

Hoewel Botha voor die verkiesing teenoor Fitzpatrick die hoop uitgespreek het dat die uitslag nie invloed sou hê op hulle persoonlike verhouding nie, het Botha en FitzPatrick mekaar vir 'n lang tyd daarna geignoreer.[56] Na die verkiesing sou Smuts aan Fitzpatrick gesê het:

> "Your win is the only fly in the ointment, but we have got the government of the country now... not five years - fifty years - for ever. We are in for ever now."[57]

Ook Drummond Chaplin was dieselfde mening toegedaan en die toekoms in die Engelssprekende deel van die bevolking was vir hom maar bra donker:

> "And so, after all that has taken place, the country goes back to the Boers. They have got their thumb on us now and they will never be fools enough to take it off...Nothing violent will be done, but slowly and gradually Dutch traditions, ideals and methods will more and more assert themselves, and one fine day the British public will wake up to find that South Africa is actually Boer."[58]

So het die 1910-verkiesing dus die feit van die mislukking van die pogings tot "British Supremacy", wat reeds in 1907 in veral Transvaal en ook in die Vrystaat en die Kaapkolonie (1908) geopenbaar is, weereens duidelik onderstreep. Die toekoms van die Unioniste Party sou ten nouste hiermee saamhang, aangesien hierdie Party by uitstek die verteenwoordiger was van die Britse ideale en Britse tradisies.

Net soos hulle premier, het twee ander ministers neerlae in die verkiesing gely, nl. mnr. H.C. Hull (minister van Finansies) en Sir F.R. Moore. Hull het taamlik traag die voorbeeld van Botha gevolg en die veilige Barberton-setel

---

56) Sien F.V.: "The Botha Election", p.36, asook Long: Drummond Chaplin, p. 162.

57) F.V.: "The Botha Election", p.36.

58) Long: Drummond Chaplin, p. 58.

aanvaar, dog Moore het uit die kabinet bedank en is opgevolg deur Kol. Leuchars. In die algemeen beskou, kon die regering nie juis gelukkig voel oor die uitslag van die verkiesing nie, en Botha sowel as Smuts het hulle kollega Hertzog vir hierdie toedrag van sake beskuldig, veral vanweë die invloed van sy onderwysbeleid in die Vrystaat.[59)]

Die Unioniste het hul neerlaag in die verkiesing toegeskryf aan die samestelling van die kieserslys:

> "...the scandalous conduct of the Government in fighting the elections on an antiquated roll and in rushing the contests is the main cause of the few Unionist reverses,"[60)]

en in die post-mortem word verder daarop aanspraak gemaak dat

> "...on an up-to-date voters' roll the Unionists would have swept the land from end to end."[61)]

Dit klink alteveel na grootpratery hierdie, en 'n ontleding van die verkiesing het dit dan ook duidelik aan die lig gebring. Daaruit blyk eerstens dat hoewel dit die Unioniste wel enkele setels gekos het, die kiesafdelingafbakeningstelsel nie so 'n groot rol gespeel het dat dit die Unioniste aan bewind kon gebring het nie.[62)]

Die uitslae het baie duidelik die stempel gedra van die rassestryd, en dit is duidelik getoon dat, ten spyte van die aansprake van albei groepe op "non-racial" platforms, ras en politiek oor die hele land ten nouste met mekaar verband gehou het.

Ten spyte van die invloed van die Nasionale Konvensie kort tevore was die kloof tussen Afrikaans- en Engelssprekende, soos dit ook tot 'n mate in die partyvorming geopenbaar is, in hierdie tyd miskien op sy grootste. Weens die historiese samestelling van die bevolking was die Afrikaansgeoriënteerde regeringsparty vir sy steun hoofsaaklik aangesê op die platteland, terwyl die Engelsgeoriënteerde Unioniste Party sy steun

---

59) Thompson: a.w., p.479, en Hancock: a.w., p.272 en 273.
60) Hoofartikel, The Star, 20/9/10.
61) Ibid.
62) Thompson: a.w., p. 477.

weer hoofsaaklik uit die stede getrek het. Die Konvensiegees was dood, en die beleid van konsiliasie het, wat die verkiesing betref, nog geen tasbare resultate gelewer nie. 'n Regeringsparty met twee onversoenbare standpunte in sy midde - wat egter nog nie duidelik uitgekristaliseer het nie - het die oorwinning behaal oor 'n party wie se steun uitsluitlik van Engelssprekendes (en ook nie eers die hele Engelssprekende bevolking nie) gekom het. Toe hulle pogings tot 'n nuwe begin op politieke gebied ("a fresh start") misluk het, het die Unioniste ongemerk en onvermydelik weer teruggesak tot die lae vlak van 'n oorwegend Britse party met Britse ideale. Weereens is duidelik getoon dat 'n uitsluitlik Engels-georiënteerde party geen sukses in die Suid-Afrikaanse politiek sou behaal nie.

Die rassefaktor, wat so 'n groot rol in die 1910-verkiesings gespeel het en wat Afrikaners teen Engelse en vice versa laat saamstaan het, ten spyte van innerlike verskille, sou in die toekoms bly voortbestaan en sou mede-verantwoordelik wees vir ingrypende veranderings in die politieke struktuur van Suid-Afrika. Hierdie verandering sou aan die een kant tot gevolg hê dat die Unioniste as opposisie al meer en meer op die agtergrond geskuif sou word veral vanweë die oorwegend Britse karakter van die Party, terwyl dit in die tweede plek tot gevolg sou hê dat die Unioniste gaandeweg oorgeneig het na Botha en die Suid-Afrikaanse Party. In 1910 was die rasseverskil die enigste diepgaande verskil tussen die Unioniste en in elk geval dan Botha en Smuts. Botha, as Eerste Minister, se groot taak was om die steun van die Afrikaners te behou en om terselfdertyd nie sy Engelse sprekende ondersteuners van hom te vervreem nie. Sou hy daarin kon slaag?

# HOOFSTUK 4.

## DIE UNIONISTE EN DIE TAALVRAAGSTUK.

> "Die Engelse sowel as die Hollandse tale is offisiële tale van die Unie. Hulle word op 'n voet van gelykheid behandel en besit en geniet gelyke vryheid, regte en voorregte. Alle aktes, verslae en verrigtinge van die Parlement word in albei tale gehou en alle wetsontwerpe, wette en kennisgewings van algemene publieke gewig of belang deur die regering van die Unie uitgegee, is en geskied in albei tale".

Met hierdie bewoording het die Nasionale Konvensie die uiters netelige taalkwessie probeer oplos, dog daarmee was die taalstryd nog geensins uit die weg geruim nie. Die terme van ooreenkoms, soos bereik in art. 137 van die Uniegrondwet was vaag en het ruim plek gelaat vir interpretasie. Reeds in die eerste verkiesings was die taalkwessie, veral m.b.t. die onderwys, die onderwerp van hewige politieke twiste, en daar was tekens dat dit in heftigheid sou toeneem.

Die doelbewuste anglisasiebeleid van lord Milner na afloop van die Anglo-Boere-oorlog het kwaai verset en teenstand van die Afrikaners uitgelok en het o.a. tot gevolg gehad die stigting van private C.N.O.-skole, wat na die verkryging van selfregering deur die voormalige republieke by die onderwysstelsels van die onderskeie kolonies ingeskakel is.[1] Die Smuts-Onderwyswet van 1907 het Engels in 'n bevoorregte posisie in Transvaal geplaas, dog in die Vrystaat het genl. Hertzog sy lewensfilosofie in 'n Onderwyswet gegiet wat Engels en Hollands (Afrikaans) op gelyke voet voor die wet geplaas het en taalgelykheid in alle opsigte verseker het.[2] Dit was juis hierdie onderwyswet van Hertzog wat die aanleiding sou wees tot kwaai kritiek van die kant van die Engelssprekendes, en so het daar 'n taalstryd ontwikkel wat veral aan die eerste jare van Unie in die brandpunt van die politiek sou staan.

Om die taalstryd goed te verstaan, is dit nodig om 'n duidelike begrip te hê van die elemente in hierdie stryd. Die Hertzog-Onderwyswet het kortliks ingehou dat die kind tot en met st. IV onderrig in die moedertaal sou ontvang terwyl die tweede taal as 'n vak aan hom gedoseer sou word en gaandeweg as 'n plaasvervangende medium sou dien. Na st. IV moes ten minste 3 vakke in elke taal aan die kind onderrig word.[3]

---

[1] Kruger: D.W.: The age of the Generals (Johannesburg,1958), p. 61.

[2] Thompson: a.w., p. 33.

[3] Sien hiervoor Malherbe, E.G.: Education in South Africa, 1952-1922 (Kaapstad, 1925), p. 381, asook 'n kort samevatting van genoemde maatreël in Kruger: The age of the Generals, p. 61, en Thompson: a.w., p. 135.

Hierdie taalbepaling van Hertzog het in 'n sekere sin die absolute taalgelykheid van Afrikaans en Engels verseker, dog die praktiese toepassing daarvan het die Engelstalige onderwysers en amptenare, wat dateer uit die tyd van kroonkolonieregering (sedert 1902), in 'n ongunstige posisie gestel aangesien hulle nie aan die vereistes van tweetaligheid voldoen het nie. In die Vrystaat het die onmiddellike oorskakeling na gelykheid gepaard gegaan met „diskriminasie" teen die eentaliges, en die Hertzog-wet en die toepassing daarvan het nie rekening gehou met die feit dat praktiese gelykheid geleidelik sou moes kom om ontevredenheid uit te skakel nie. Hertzog het homself die toorn van die Engelssprekendes sowel as van die Britse pers oor die hele land op die hals gehaal deur te volhard in hierdie weg wat hy reeds voor 1910 ingeslaan het.

Waar Hertzog na die Nasionale Konvensie is met die verklaarde begeerte om sy onderwyswetgewing oor die hele land uit te brei, daar het die Engelssprekendes (die Progressiewes) aanvanklik gehoop om Engels as die enigste taal van die verenigde staat erken te kry,[4] dog hierdie houding is laat vaar en daar is toe veral deur FitzPatrick aangedring op die beginsel van gelyke regte ook in die taalkwessie. Jameson het nie so sterk soos FitzPatrick oor die saak gevoel nie en was nie bereid om Unie daarvoor op te offer nie.[5]

Hoewel die taalvraagstuk druk bespreek is en die spanning soms byna breekpunt bereik het, is daar uiteindelik, na onderhandelinge waarin FitzPatrick en Hertzog die twee uiterste standpunte verteenwoordig het, tot 'n ooreenkoms geraak wat toe in art. 137 van die Unie-grondwet vasgelê is.[6]

Deur die aanvaarding van art. 137 is albei taalgroepe aanvanklik tevrede gestel, dog die welluidende woorde van die artikel sou baie gou aan die toets van die praktyk voorgelê word; toe sou dit blyk onvoldoende te gewees het en dat dit homself tot uiteenlopende interpretasies geleen het. Die gevolg was 'n hernieude stryd tussen die twee taal- en rasgroepe.

Hoe is die taalartikel presies geïnterpreteer?

---

4) Debatte van die Volksraad, Eerste sessie 1911, kol. 335-339.

5) Vir die houding van FitzPatrick en Jameson in hierdie saak, sien F.V.: "Equal Rights", p.36, en "The Language Question", p. 8 respektiewelik.

6) Die hele taalkwessie soos dit deur die Nasionale Konvensie bespreek en opgelos is, word behandel deur Walton, E.H.: The Inner history of the National Convention of South-Africa (kaapstad, 1912), asook Preller, J.F.: Die Konvensie-dagboek van sy Edelagbare Francois Stephanus Malan, 1908-1909 (Kaapstad, 1951-V.R.S.).

Hertzog was tevrede en in sy skik daarmee dat deur die vaslegging van gelykheid en die erkenning van albei tale as amptelike tale van die Unie die posisie van Afrikaans ( in hierdie tyd nog Hollands) verseker en die voortbestaan daarvan gewaarborg was. Sy Vrystaatse Onderwyswet was vir hom die middel tot die bereiking van hierdie ideaal. Aan die ander kant was die Engelssprekendes tevrede dat Hertzog se oorspronklike houding afgewater is, en hoewel hulle die gelykheid van die twee tale moes erken, was veral FitzPatrick en Walton tevrede dat die beginsels van verpligting volgens hulle mening, deur die artikel uitgeskakel is.[7] Ook Jameson het in hierdie houding gedeel en was van mening dat die aanvaarde artikel sou wegdoen met die hele taalvraagstuk:

"Now we have absolute equality," het hy in Februarie 1910 te Grahamstad verklaar, dog daaraan toegevoeg:

"But remember we were not carried away by sentiment. We recognised that this momentous change might, if misused, redound to injustice to individuals, and therefore we put in a clause, no. 146, which says that no officer in the service of the Union Government shall be dismissed for want of knowledge of either language.[8]

By die stigting van die Unioniste-party het Jameson hul houding t.o.v. die taalkwessie uiteengesit, en as enigste rede waarom hulle teen tweetaligheid gevog het, voer hy aan dat dit die onderwys en opvoeding van die kinders sou vertraag. Dog groter as hul teenstand was die begeerte na eenheid en dit het hulle laat toestem tot tweetaligheid. Dieselfde houding het hulle ook by die ander kant gemerk.[9]

"To put it briefly", het FitzPatrick baie jare later in 'n ongepubliseerde manuskrip oor die taalkwessie gesê,

"the idea was equality and no compulsion or coercion in any circumstances whatever. It was tested from the viewpoint of, and as it might be applied to, the general public, the Civil Service, the railways and education".

---

7) Walton:a.w., p. 108. Sien ook "The Language Question", in F.V.

8) F.V.: Ongeidentifiseerde koerantuitknipsel, datum 16/2/09.

9) Verslag van toespraak by die stigting van die Unioniste Party, in The Star, 25/5/10.

Hy gee dan 'n verdere relaas van die werk in die Konvensie en sê daar is ooreengekom

"...that in no circumstances whatever should there be either compulsion on or privilege granted to the knowledge of both languages".[10)]

Die opvatting van die Unioniste oor die taalkwessie het gou in botsing gekom met dié van Hertzog, veral toe dit duidelik geword het dat Hertzog nie van plan was om af te sien van sy wetgewing in die Vrystaat nie, maar inteendeel gehoop het om dit oor die hele Unie uit te brei. So het die onderwys- en taalkwessie enkele maande na die uiteengaan van die Konvensie weer ontbrand, en het dit een van die belangrikste verkiesingskrete geword vir die verkiesing wat in September 1910 gehou is. Hierdeur het die stryd tussen die twee bevolkingsdele weer die hoogwatermerk bereik.

In die program van beginsels van die Unioniste het die onderwys 'n prominente plek beklee",[11)] en in die eerste verkiesings het die Unioniste by monde van hul leier die standpunt van "compulsory education where possible and free education where necessary"[12)] ingeneem. Die stryd het veral gegaan teen Hertzog se Onderwyswet in die Vrystaat en sy interpretasie van art. 137 van die Uniegrondwet. As enigste alternatief teen die Hertzog-houding het Jameson die stigting van aparte skole voorsien, om die gees van die artikel te verwesenlik.[13)]

Reeds voor die stigting van die Unioniste Party het Farrar, leier van die Progressiewes in Transvaal, na die onderwystoestande in die Vrystaat verwys en gesê dat

"...neither the language of the English or Dutch should be thrust down the throat of the other". Dit sou moeilik gaan om tweetalige onderwysers te vind en die onderwysstandaard sou syns insiens ly onder so 'n stelsel. Hy waarsku dat as verpligte tweetaligheid na hoër onderwys oor die hele

---

10) F.V.: The Language Question, p. 20 en 27.
11) Sien program van geginsels van die Party, in Bylae A,
12) Verslag van toespraak te Bloemfontein, in The Star, 25/5/10.
13) Ibid.

land uitgebrei sou word, dit die basis sou vorm van een van die bitterste twiste wat die land sou ervaar.[14] Duncan, een van die Unioniste se leiers en 'n outoriteit op die gebied van onderwys, het die reg van die ouer om oor die taal van die kind te besluit, beklemtoon, en noem die Hertzog-wet "in the first place...educationally unsound, and in the second place ...racially irritating".[15]

Die houding van Botha in die hele kwessie het baie ooreenstemming getoon met die van die Unioniste, en die beginsels waarop hy hom gestel het was dieselfde, nl. geen dwang, moedertaalmedium en gelyke geleenthede.[16] Die Unioniste het Botha egter verkwalik dat hy die oorsaak van al die bitterheid was en dat hy nie die kragte kon bedwing wat hy in sy kabinet losgelaat het nie; hy is wel ten gunste daarvan dat daar geen dwang uitgeoefen word nie, en tog was hy bewus van die bepalinge van die Vrystaatse wet. Sauer het op sy beurt weer geen kwaad gesien in die verpligte leer van albei tale nie, en dit kon die Unioniste nie verdra nie.[17]

Die taalkwessie, soos dit geopenbaar is in die onderwysvraagstuk, was een van die vernaamste kwessies wat om 'n oplossing deur die eerste Unieparlement gevra het. Die kwessie is op 24 November 1910 voor die Volksraad aanhangig gemaak toe kolonel Crewe, "the star of the Jameson Party,"[18] namens die Unioniste 'n mosie ingedien het wat die Vrystaatse onderwysstelsel beskryf as strydig met die beginsels van gelykheid en vryheid soos vervat in die Suid-Afrika-wet van 1909.[19] Die uitwerking van hierdie stelsel van verpligte dubbelmedium is, volgens Crewe, dat dit teen sekere onderwysers (eentaliges) diskrimineer en dat dit 'n gebrek aan voldoende bekwame onderwysers tot gevolg het. Boonop, vervolg hy, verhoog dit slegs die spanning tussen die twee bevolkingsdele. Wat hulle vra, vra hulle nie met die hoed in die hand nie, maar hulle doen dit as 'n onvervreembare reg dat elke kind die reg sal hê om onderrig te ontvang in die taal gekies deur die ouer.[20]

---

14) Toespraak te Johannesburg, in The Star, 5/4/10.
15) The Star, 15/9/10.
16) Kruger: Parties and Policies, p.4.
17) Sien hiervoor The Star, 27/7/11, vir aanhaling van Sauer deur Duncan.
18) Barlow, A.G.: Almost in Confidence (Kaapstad, 1952),p.137.
19) Volksraadsdebatte, Eerste sessie 1911, kol. 264 en 265.
20) Ibid, kol. 281.

Crewe erken die nuttigheid van kennis van albei tale,[21] en hy word in sy voorstel ondersteun deur Jameson, wat sê dat kennis van albei tale slegs verkry kan word deur vryheid en gelyke geleenthede (,equal opportunity') en nie deur dwang (,compulsion') nie.[22]

Botha, wat in 'n ongemaklike posisie geplaas is deur die stryd tussen die Unioniste en genl. Hertzog, het intussen voorgestel dat die hele saak na 'n Gekose Komitee verwys word. Jameson het sy begeerte na samewerking en 'n gematigde houding geopenbaar deur die steun van sy party in die soek na 'n oplossing te beloof, en Crewe het hierop sy mosie teruggetrek en die voorstel van Botha aanvaar.[23] Deur hierdie optrede is 'n patroon daargestel wat kenmerkend sou wees van die optrede van die Unioniste in die 11 jaar wat hulle in die opposisiebanke sou deurbring, en hierdeur het hulle die eerste uiting gegee aan hul belofte van steun aan Botha in konstruktiewe maatreëls of besluite.

Die opdrag aan die komitee was om die bestaande onderwysstelsels in die verskillende provinsies te ondersoek en om te toets of dit a) in ooreenstemming is met artikel 137 van die grondwet, en b), of daar enige verpligting teenwoordig is in die onderrig en gebruik van die twee tale. Verder is aan die komitee opgedra om aanbevelings te doen oor hoe om ongerymhede wat mag ontstaan, uit die weg te ruim, met inagneming van die regte van die provinsiale owerhede.[24] Die komitee het bestaan uit vier regeringslede, nl. die minister van onderwys, mnr. F.S. Malan(konvenor), die minister van Justisie, genl. Hertzog, genl. Beyers en mnr, H.S. Freemantle, en vier lede van die opposisie, nl. kol. Crewe, mnr. Duncan, mnr. C.P. Robinson en mnr. C.L. Botha.[25]

Nadat die saak aan die Gekose Komitee toevertrou is, het daar 'n tydelike verslapping in die taalstryd gekom, dog

---

21) Ibid.

22) Volksraadsdebatte, eerste sessie 1911, kol. 339.

23) Ibid.

24) Ibid.

25) Ibid, kol. 478.

begin Maart is die stilte verbreek deur gerugte wat wou hê dat die komitee nie tot 'n ooreenkoms kon geraak nie. Hierdie nuus het die Johannesburgse mondstuk van die Unioniste laat uitroep:

"No graver news, since Mr. Kruger's ultimatum, has been heard in South Africa".[26]

Hoewel dit egter valse gerugte was, en die komitee na 'n kort vertraging weens die kroningsplegtigheid in London[27] verslag kon uitbring, toon hierdie uitroep van The Star die belangrikheid van die taalvraagstuk in hierdie tyd.

Die bevindinge van die komitee was insiggewend.[28] Dit het wel spore van ongelykheid in drie van die vier provinsies gevind maar nie in die Vrystaat nie, en bevind

"...that in every case of inequality English is in the more favoured, and Dutch in the less favoured, position".

Verder, t.o.v. die kwessie van dwang: met die uitsondering van Transvaal en die Vrystaat, vind die komitee dat geeneen van die huidige stelsels enige opsie aan die ouer oorlaat met betrekking tot die leer van die twee tale as vakke of die gebruik daarvan as medium nie.

Die verslag van die Gekose Komitee het uit twee dele bestaan: 'n meerderheidsrapport, onderteken deur sewe lede, en 'n minderheidsrapport, ingedien deur genl. Beyers, wat hom nie heeltemal met die meerderheid kon vereenselwig nie. Die meerderheidsrapport beveel aan dat die huidige onderwysers nie verplig sou word om albei tale te ken nie, maar dat alles in die werking gestel sal word om onderwysers tweetalig op te lei; ook dat kinders tot en met die vierde standerd onderrig in die moedertaal sou ontvang, met voorsiening vir onderrig in en d.m.v. die tweede taal, en daarna in die taal wat deur die ouer verkies sou word.[29] Die minderheidsrapport van genl. Beyers het voorsiening gemaak vir onderrig in albei tale vir alle kinders (behalwe waar ouers dit anders

---

26) Hoofartikel, The Star, 11/3/11.

27) Berig in The Star, 12/3/11.

28) Dit word gevind in S.C. 2, 1911: Union of South Africa - Report of the Select Committee on Public Education.

29) Ibid.

sou verkies) en moedertaalonderwys by die onderrig van alle vreemde tale; na st. V kan die ouer die kind in . taal laat oplei.[30] Hierdie minderheidsrapport van Beyers het noue verband getoon met die beleid soos dit deur Hertzog toegepas en verkondig is.[31]

In 'n verklaring aan die komitee het Hertzog laat blyk dat hy die minderheidsrapport van Beyers as in belang van die land beskou, en hy was slegs bereid om die aanbevelinge van die meerderheidsrapport te onderteken en te aanvaar as 'n moontlike oplossing vir die moeilikhede onder die huidige omstandighede. Hy sou egter niks doen wat met die aanbevelinge van die minderheidsrapport sou bots nie.[32]

In antwoord hierop het Crewe namens homself en die ander Unioniste-lede van die komitee 'n verklaring gedoen, waarin hy toon dat hulle ook die rapport slegs aanvaar as 'n kompromis wat, indien dit in al die provinsies aanvaar en uitgevoer word, 'n bevredigende oplossing vir die hele saak kan bied. Dog hy voeg by:

> "We still adhere to the view that the real solution of the question is to be found in the free exercise of parent's choice throughout the school course...".[33]

Hierdie addisionele verklarings van Hertzog en sy teenstanders het duidelik getoon dat die oplossing soos vervat in die meerderheidsverslag, slegs 'n kompromis was en die voorwaardelike steun van albei kante het net verwarring en onsekerheid geskep en het die gevaar meegebring dat die hele taal- en onderwyskwessie weer opnuut sou opvlam.

Die meerderheidsrapport is egter algemeen in die parlement aanvaar, met die aanbeveling dat die provinsiale owerhede die wenslikheid sou oorweeg om hul onderwyswetgewing in ooreenstemming met die aanbevelinge van die rapport te bring.[34]

In die afwesigheid van Jameson het Smartt sy party

---

30) Ibid.

31) Kruger: The age of the Generals, p. 62.

32) S.C. 2, 1911. Sien ook Wallis: a.w., p, 167

33) S.C. 2, 1911.

34) Volksraadsdebatte, eerste sessie 1911, kol.2886-2899. Sien ook Cloete, Bettie: Die lewe van senator F.S. Malan, President van die Senaat (Johannesburg, 1946), p.249.

se instemming met die rapport betuig en sy gelukwensinge aan die ander kant oorgedra vir hul aanvaarding daarvan.[35) ] Ook Duncan was tevrede daarmee indien albei partye dit met 'n eerlike motief sou aanvaar, dog het die hele saak as nutteloos beskou indien die Vrystaat nie daarby sou inval nie - dit was juis die spesifieke onderwystoestande in die Vrystaat wat aanleiding gegee het tot die hele ondersoek.[36)] Later het hy getoon dat dit 'n groot stap vorentoe sou wees indien die ooreenkoms die onderwysprobleem uit die politieke strydperk sou verwyder.[37)]

Waar Hertzog en ook Freemantle duidelik getoon het dat hulle simpatie eintlik by die verslag van Beyers gelê het, het daar ook in Unioniste-kringe ontevredenheid geheers oor die feit dat ouers en skoolkomitees nie meer die seggenskap sou hê oor die medium van onderrig nie, en Jagger was bv. heftig gekant teen die wegneem van hierdie reg van die skoolkomitees.[38)] Dit was egter duidelik dat die sukses van die werk van die komitee afhanklik sou wees van die aanvaarding daarvan deur die verskillende provinsies, aan wie beheer oor onderwys in die grondwet opgedra is.

Duncan het later erken dat die onderwys in die laer standerds nou meer doeltreffend sou wees vir bv. kinders wat sonder enige kennis van Engels op skool kom, terwyl hy tevrede is dat die posisie van onderwysers deur die bevindinge van die komitee beveilig is.[39)]

Die feit dat Engels op skool voortaan nie meer deur Hollandssprekende kinders as medium gekies kon word nie,[40)] (een van die grootste faktore vir die voortbestaan van Engels as enigste taal) het nie algemeen byval gevind in Engelse kringe nie, dog dit het aan die ander kant die voortbestaan van Hollands (Afrikaans) verseker deurdat weinig ouers na st. IV. die medium van onderrig (indien dit Hollands was) sou verander, aangesien dit slegs die kind sou benadeel.

---

35) Volksraadsdebatte, eerste sessie 1911, kol. 2899.
36) Duncan in 'n onderhoud, verslag in The Star, 28/4/11.
37) Verslag van toespraak te Krugersdorp, in The Star, 25/7/11.
38) Volksraadsdebatte, eerste sessie 1911, kol. 2896.
39) Onderhoud, The Star, 28/4/11.
40) Vergelyk vermelde verslag van Gekose Komitee, S.C. 2, 1911.

Die werk van die Gekose Komitee was egter nie die finale woord oor die onderwysprobleem nie, maar dit sou afhang van die aanvaarding daarvan deur die provinsiale rade van die vier provinsies. Weens 'n verskeidenheid van redes kon daar nie dadelik uitvoering gegee word aan die aanbevelings van die komitee nie, en totdat dit gedoen is, het die twee kante mekaar met wantroue dopgehou, en die Unioniste het veral gewag om te sien wat Hertzog se houding sou wees. Op die jaarlikse kongres van hierdie party, in November 1911 te Durban gehou, het Smartt weereens die amptelike steun van sy party aan die meerderheidsrapport aan Botha beloof indien hy sou toesien dat dit uitgevoer word. Indien nie, sou hy homself

> "...the strongest and unqualified opposition of the Unionist Party" op die hals haal.[41]

Die belangrike plek wat die taalkwessie in die beleid van die Unioniste Party beklee het, het o.a. tot gevolg gehad dat een van die lede van die party in Natal, mnr. Morris Kentridge, uit die party bedank het weens die gebrek aan 'n doelgerigte en kragtige beleid in die party en ook vanweë die prominente plek wat die taalkwessie in hul program ingeneem het.[42]

Transvaal het eerste die aanbevelings van die Komitee aanvaar, tot groot vreugde van die Unioniste, wat gemeen het dat dit as voorbeeld vir die Vrystaat sou, en moes, dien.[43] Kort hierna wys Arthur Barlow daarop dat daar by die Vrystaat nie die minste begeerte is om dieselfde te doen nie, en hierdie gevoel is, volgens hom, by baie Afrikaners in Transvaal en die Kaapkolonie aanwesig.[44] Die stryd het opnuut opgevlam en die skynbare onwil van die Vrystaat was vir die Engelssprekendes 'n teken ". to gird up their loins and prepare for battle,"[45]

'n stryd om "educational freedom and educational efficiency".[46] Die stryd het weer van voor af gewoed, en dieselfde houding van voor die aanvaarding van die verslag van die gekose

---

41) Toespraak voor Kongres van die Party te Durban, in The Star, 22/11/11.

42) Kentridge, M.: I Recall - Memoirs of....(Johannesburg, 1959) p.24 e.v.

43) Sien Hancock, W.K.: Smuts I - The Sanguine Years, 1870-1919, (Cambridge, 1962), p. 350.

44) Verslag van toespraak te Springs, in The Star, 18/9/11.

45) Hoofartikel, The Star, 18/9/11

46) Kommentaar van "Post", in The Star, 19/9/11.

komitee is ingeneem. Van die kant van die Unioniste is weer skerp te velde getrek teen verpligte tweetaligheid, wat volgens FitzPatrick sou lei tot "paralysing, inaction and, to our sorrow, our degradation and the utter ruin of our people".[47] Nie die onderwys nie, maar verpligte tweetaligheid was nou (en ook in die verlede) die groot probleem, en FitzPatrick het tot die gevolgtrekking gekom dat verpligte tweetaligheid, "veiled in theory, rampant in practice", en die weiering van die ouerkeuse en verantwoordelikheid slegs een alternatief laat, nl. aparte skole vir Afrikaanse en Engelse kinders: "Leave them freedom, and let the merits decide. That is equality of opportunity, which was the cardinal principle of our Union".[48]

Die taalkwessie is in hierdie tyd verder geaksentueer deur 'n aantal omsendbriewe van die verskillende regeringsdepartemente aan die spoorweë, die skole en aan geregshowe, waarin aandag geskenk is aan die wyse waarop aan die vereistes vir tweetaligheid, soos vasgelê in artikel 137, voldoen kon word. Die strekking van sommige hiervan was dat voorkeur gegee sou word aan persone wat tweetalig was, en in die geval van die howe, dat die een taal nie die ander moes verdring nie (gemik op die meerderwaardige posisie van Engels in die howe). Van die kant van die Unioniste is dadelik en heftig hierteen te velde getrek aangesien dit verpligte tweetaligheid sou beteken en as sodanig direk in stryd is met die ooreenkoms by die Nasionale Konvensie.[49]

Jameson, wat weens sy swak gesondheid nie juis 'n aktiewe rol in die werksaamhede van sowel die Party as die parlement kon speel nie, het nou ook van hom laat hoor en die spoorwegomsendbrief as 'n maatreël om verpligte tweetaligheid in die Staatsdiens te verseker bestempel. Hy wys daarop;

> "Neither the British nor the Dutch races would stand compulsion...A little give and a little take would bring them into harmony".[50]

---

47) Toespraak te Pietermaritzburg, in The Star, 24/11/11.

48) Brief van FitzPatrick in The Star, 7/12/11.

49) **FitzPatrick het** die Spoorwegomsendbrief (no. 420 van 27 Oktober 1911) in 'n mosie aangeval as "...in conflict with the terms and spirit of the Act of Union". Sien Volksraadsdebatte, tweede sessie 1912, kol. 519.

50) F.V.: Uitknipsel van verslag van toespraak te Kimberley, in Diamond Field Advertiser, 7/11/11.

Die twee voorbokke in die taalstryd, Hertzog en FitzPatrick, het weer die leidende aandeel geneem en beskuldigings van ernstige aard is oor en weer gegooi. Hertzog het die outeur van "Jock of the Bushveld" daarvan beskuldig dat hy die ontwikkeling van 'n nasionale gees teenstaan en rasseverdeling aanmoedig, o.a. deur die gebruik van die "Vote British"-kreet in die laaste verkiesing. FitzPatrick het dit heftig ontken en getoon dat die saamgroepering van die Engelse, of die pogings daartoe, die gevolg is van die weiering van die Afrikaners om met hulle saam te werk in o.a. 'n nuwe party.[51)]

Saam met Hertzog het ook Botha kapsie gemaak teen die kritiek van die Unioniste, want die omsendbriewe is immers deur sy regering uitgestuur. In die stryd met Botha het FitzPatrick hom telkens beroep op die werk van die Nasionale Konvensie, hy het in die openbaar 'n beeld geskep van wat presies in die Konvensie gebeur het en hy het as enigste oplossing vir die stryery aan die hand gedoen dat Botha die Nasionale Konvensie weer byeenroep om sodoende te bepaal en openbaar te maak watter interpretasie deur die Konvensie aan die taalkwessie gegee is.[52)]

In 'n ongepubliseerde manuskrip oor die taalkwessie[53)] het FitzPatrick die hele taalkwessie uiteengesit, en o.a. daarop gewys dat die idee was "equality of number and no compulsion or coercion in any circumstances whatever," en hy beweer dat daar nooit sprake was van moedertaalonderwys nie. Hy skryf die veranderde houding van die leiers van die Afrikaners daaraan toe dat hulle gevind het dat hulle in die Konvensiesale te ver gegaan het vir hul volgelinge, en

---

51) Brief in The Star, 7/12/11.

52) Sien brief in The Star, 7/12/11, asook brief in The Star, 17/11/11. Hierdie kwessie is deeglik in die parlement bespreek, en die resultaat was dat die Minister van Spoorweë bereid was om die omstrede omsendbrief sodanig te wysig dat tweetaligheid nie verpligtend sou wees vir 'n gebied waar dit nie nodig was nie. Sien Volksraadsdebatte, tweede sessie 1912, kol. 512-541.

53) F.V.: The Language Question.

dat hulle nou weer teruggeval het in die ou groef en slegs dit doen wat hulle volgelinge tevrede stel.[54)]

Nadat die Vrystaat in 1912 sy onderwys in ooreenstemming met die aanbevelings van die komitee gebring het,[55)] het die taalvraagstuk geleidelik op die agtergrond begin skuif en het die twee partye in die stryd begin verlief neem met die bestaande toestande. 'n Ander vraagstuk van geweldige omvang wat verreikende gevolge sou hê, was besig om die onderwys- en die taalkwessie te verdring uit die prominente posisie wat dit in die Suid-Afrikaanse politiek ingeneem het. Dit was nl. die vraag na die verhouding van Suid-Afrika tot Engeland en die Britse Ryk.

Die hele taalstryd was in werklikheid 'n stryd om die voortbestaan van Hollands (Afrikaans) op gelyke voet met Engels aan die een kant, en aan die ander kant die aanwend van verbete pogings om Engels in die heersersposisie te bring en te behou en om "British Supremacy" ten minste op hierdie gebied te verseker. Van die kant van baie Engelse is neergesien op die ander taal, wat in hierdie tyd nog besig was om te ontwikkel, en dit is dan ook beskou as "an inferior patois",[56)] as "the jargon without litterature, without scientific basis and without practical value outside local confines," 'n taal wat nooit gelyk gestel kon word aan "the world-wide language of the British Empire" nie.[57)] Ook is gevoel dat "Compulsion of Dutch is the deliberate compulsion of a foreign language," terwyl dit algemeen as beskaaf beskou is dat die beter tipe Afrikaner met trots die taal sou gebruik wat die meeste geskik sou wees vir albei partye.[58)] Die onduidelikheid van art. 137 is, volgens hulle uitgebuit "to inflict an oppressive and compulsory inequality on the British-speaking people,"[59)] en die pogings ter wille van die opheffing van Afrikaans is gedoen met die oog op

> "...the attempted perpetuation in power of predikantes and politicians who want the Africander to be baas".[60)]

---

54) Ibid.
55) Malherbe: a.w., p. 386.
56) Hoofartikel, The Star, 20/10/10.
57) Hoofartikel, The Star, 20/7/11
58) Hoofartikel, The Star, 18/2/11.
59) Hoofartikel, The Star, 20/10/10.
60) Ibid.

Teenoor die bedreiging van die kant van die Engelse taal het Hertzog hom geleidelik begin ingrawe in die posisie van kampvegter van die Afrikanerdom en van sy taal. Hy sou nie toelaat dat die jong taal die „vyand"ten prooi val nie en die voortbestaan van die Afrikaanse volk het vir hom ten nouste saamgehang met die voortbestaan van die taal van daardie volk.

Tog kan daar nie weggekom word van die feit dat die taalstryd in menige opsigte onnodig was nie, en dat dit 'n groot struikelblok was in die ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse nasieskap bestaande uit die twee taalgroepe - die ideaal van Botha met sy konsiliasie beleid. Die groot probleem het daarin gelê dat wat vir die een kant gelykheid was, deur die ander as ongelykheid beskou is, en vice versa. Die Engelssprekendes, en in hierdie geval dan die Unioniste, kon nie insien dat Hertzog se optrede die enigste was wat gelyke kanse ook aan die Afrikaanse deel van die bevolking gegee het nie, en wat voorkom het dat die Afrikaner in die maalstroom van verengelsing beland het nie. Ook op taalgebied was "British Supremacy" uitgedien en op pad om te verdwyn.

Die taalvraagstuk het die goeie verhouding tussen die twee rasse baie gestrem en het gelei tot veel bitterheid in die Suid-Afrikaanse politiek. Die kloof tussen Engelsman en Afrikaner in hierdie land is hierdeur steeds in stand gehou en het gevoelens opgewek wat baie nadelig was vir die nasionale ontwikkeling; ook het dit veroorsaak dat alle aandag, krag en energie aan hierdie saak gewy is terwyl groter en veel ernstige probleme soos bv. die nie-blanke kwessie daardeur op die agtergrond geskuif is. Hoewel die Engelssprekendes begerig was om Engels as wêreldtaal te handhaaf en hulle nie begerig was om dit oor een kam met Hollands te skeer nie, kan die skuld vir die stryd nie alleen op hul rekening geplaas word nie; die doen en late van die Afrikaners het dikwels juis die stryd onnodiglik verder aangeblaas;

> "...in the last result few were free from the fault of arousing or keeping alive racial passions".[61)]

---

[61)] Nathan, M.: South Africa from within (London, 1926),p. 129.

# HOOFSTUK 5.

## "IMPERIALISME": DIE UNIONISTE EN DIE VERHOUDING TOT BRITTANJE, 1910 - 1914.

"The trouble in those days were that the one group shouted "Rule Brittania"!, and the other "Afrikaner Bo"! - Arthur Barlow.[1]

Met Uniewording in 1910 het die pasgestigte Unie van Suid-Afrika outomaties 'n integrerende deel van die Britse Ryk gevorm. Die verhouding van Suid-Afrika, regeer deur 'n Afrikaansgeoriënteerde regering, tot 'n land waarmee 'n groot deel van die Afrikaanssprekendes skaars agt jaar gelede nog in 'n bloedige en uitgestrekte stryd gewikkel was, sou in die jare onmiddellik na die totstandkoming van die Unie een van die belangrikste debatspunte in die politiek hier ter plaatse word. Maar dit het verder gestrek en loop soos 'n goue draad deur die politieke geskiedenis van Suid-Afrika tot en met Republiekwording op 31 Mei 1961, toe die bande met Engeland en die Britse Ryk finaal verbreek is - en daarmee al die assosiasies wat dit vir albei kante, die voorstanders sowel as die teenstanders daarvan, gehad het.

In die tydperk onmiddellik na die totstandkoming van die Unie het die kwessie van Suid-Afrika se verhouding tot Brittanje (ook aangedui as "imperialisme"),[2] saam met die onderwys- en taalvraagstuk in 'n stryd tussen die verteenwoordigers van die twee bevolkingsdele ontbrand, en het dit tot gevolg gehad dat die sg. "Konvensiegees" 'n dooie letter geword het, 'n begrip sonder inhoud.

Die Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika, sedert 1911 formeel dog vanaf 1910, teoreties saamgesnoer in 'n politieke eenheid te midde van verdeeldheid onder hulle Britse landgenote, het egter nie dieselfde eenheidsfront ten opsigte van sake soos die onderwys en taal en die verhouding tot Brittanje geopenbaar nie. Wat die laaste saak betref,

---

1) Barlow: Almost in Confidence, p. 142.

2) "Imperialism cannot be defined with precision; it is a chameleon which constantly changes its colour while one is looking at it". - Hancock: a.w. p. 350.

het Botha, Smuts en hul volgelinge, uitgaande van hul konsiliasiebeleid, 'n goeie gesindheid en verhouding met die Britse Ryk en Engeland nagestreef, en Botha, as premier, het dan ook geglo dat dit 'n eer en 'n voorreg vir Suid-Afrika is om aan die Ryk verbind te wees.[3)]

Aan die ander kant het 'n ander deel van die Afrikaanssprekendes, onder leiding van manne soos pres. Steyn, Hertzog en Fischer, nie gedeel in hierdie sentiment van hul leier nie en was hulle in die algemeen taamlik onverskillig teenoor die Imperiale konneksie. Enigiets wat assosiasies met Britse oorheersing kon wek, het groot vyandigheid uitgelok: die oorlog met Engeland was slegs pas verby en die Vrede van Vereeniging nog vars in die geheue. Hierdie deel van die Afrikanerdom sou dan ook geleidelik 'n rigting begin inslaan wat algehele afskeiding van die Britse Ryk ten doel sou hê.

Dit was duidelik dat die Unioniste wat imperialisme betref, net soos in die geval van die onderwys, slegs teen 'n deel van die Afrikanerelement te staan sou kom, want hulle het in hoofsaak met Botha en sy volgelinge saamgestem oor die verhouding tot Brittanje. In sy uiterste vorm sou dit ook hier gaan om 'n stryd tussen "British Supremacy" aan die een kant en die voortbestaan van die Afrikanervolk aan die ander kant, en daarmee was die elemente vir 'n hewige stryd weer eens aanwesig.

Die Unioniste kan in die algemeen beskryf word as die verteenwoordigers van die Britse gedagte in Suid-Afrika. Hierdie Britse gedagte is, net soos imperialisme, moeilik definieerbaar, dog daaronder word verstaan die begeerte na die handhawing van die bande met Engeland as moederland en die Ryk, terwyl dit in die tweede plek ook betrekking het op die begeerte van die Engelstaliges in Suid-Afrika om die regeringsmag in eie hande te hê.

Die basis van die Britse gedagte of van Britse Imperialisme word reeds by die Empire League aangetref en voortgesit in die Progressiewe Party,[4)] waar dit veral in Transvaal tot 'n hoogtepunt gestyg het tydens die stryd om die konstitusie enkele jare na afloop van die Anglo-Boere-oorlog. Die standpunt van hierdie groep was kort en saaklik:

---

3) Engelenberg: F.V. General Louis Botha (Pretoria, 1928) p. 247.

4) Sien hoofstuk I hierbo.

> "The end in view is British Supremacy, assured by a British majority".[5]

Die Lyttleton-konstitusie sou hiervoor voorsiening maak, en as een van die redes vir hul eise vir die behoud daarvan is gestel:

> "That British Supremacy (irrespective of party differences) is imperative and that no chance be it ever so small may be taken to forfeit it".[6]

Ten spyte van alle pogings om die Lyttleton-konstitusie te behou, is dit op die ou end vervang deur ŉ konstitusie wat aan die Afrikaners aan die bewind geplaas het. Die verdeeldheid in die geledere van die Engelssprekendes was ŉ groot hindernis in die weg van die verwesenliking van die ideaal van "British Supremacy".

Kort voor sy dood het Rhodes, die groot argitek van "British Supremacy", by FitzPatrick daarop aangedring om hom daarop toe te lê om Britse immigrante die land in te bring en om sodoende ŉ Britse meerderheid, essensieel vir sy groter federasieplanne, te verseker.[7] Ten spyte van alle ander oorweginge, kan die hele immigrasie-beleid van die Unioniste teruggevoer word na hierdie ideaal van Britse oorheersing. Vir FitzPatrick het voorspoed,uitbreiding en gevolglik immigrasie net een ding beteken: "British"![8], terwyl Byron in 1919 erken het dat hulle nie teen Hollandse immigrante as sodanig was nie, maar dat hulle slegs in hul eie taalgroep bo almal gestel het as dit by immigrasie kom.[9]

Die bande aan Brittanje word duidelik gesimboliseer deur die versugting van FitzPatrick:

> "I was born under the Union Jack and under that flag, please God, I shall die".[10]

Dieselfde persoon het vroeg in sy politieke loopbaan erken dat die stryd tussen die twee bevolkingsgroepe in werklikheid ŉ stryd om oppergesag tussen die twee bevolkingsgroepe was. Hy prys die teenstanders se "solidarity and doggedness" en sê dat dit ydel is om hul strewe "disloyal or improper" te noem: "They are quite right to get it, if

---

[5] Ontwerp-dokument in F.V., gekorrigeer en van aantekene voorsien deur FitzPatrick. (ongedateerd).

[6] Ibid.

[7] Wallis: a.w., p. 90 en 91.

[8] FitzPatrick aan sy vrou, aangehaal in Wallis: a.w., p. 137.

[9] Kol. Crewe in ŉ toespraak te Port Elizabeth, in The Star, 16/9/20.

[10] Wallis: a.w., p. 111.

they can; it is our business to see that they do not get it".[11]

Dog in 1909 toon hy aan dat hierdie begeerte slegs daarop gerig is om die Engelssprekende bevolking in Suid-Afrika aan bewind te plaas en dat sy strewe glad nie verband hou met eksterne imperialisme (direkte regering van Brittanje in Suid-Afrika) nie toe hy in ŉ toespraak in London verklaar het dat hy ŉ aksie ("grudge") het teen elke Suid-Afrikaner wat terugkeer en hom in London kom vestig.[12] Enkele jare later sou genl. Hertzog dieselfde mense aanval en hulle as "birds of passage" bestempel, ŉ uitlating wat hom die toorn van die Engelssprekendes en die Unioniste op die hals sou haal. Hiermee het hy ŉ oordeel uitgespreek wat hy later ook op sy leier sou moes toepas.

Kort voor die stigting van die Unioniste Party het Farrar, die leier van die Progressiewes in Transvaal en ŉ sterk voorstander van die behoud van die bande met Brittanje, op die jaarlikse partykongres o.a. gesê:

"...let us never forget our relationship to the Mother Country and the various parts of His Majesty's Empire. Let us remember that we as a party, must join with other parties in South Africa in advocating at all times the policy of taking upon our shoulders our just obligations, not only in defence of the land we live in, but also of participating in the cost and maintenance of the Navy of the Empire on which our trade and the safety of this country depends".[13]

Die Unioniste Party, as verteenwoordiger van die grootste gedeelte van die Engelssprekendes en van die Britse gedagte, het in hul program van beginsels die verbintenis aan en verpligtinge teenoor die Britse Ryk as een van hul basiese beginsels erken. Getrou aan die afkoms en agtergrond van hierdie mense, sou hulle aan die verbinding met Brittanje probeer vashou. Die gedagte aan ŉ magtige Britse Ryk het bly voortleef in die woorde en dade van hierdie groep

---

11) Ibid, p. 112.

12) F.V.: uitknipsel van toespraak in Times, 22/7/09. Die leier van die Unioniste, Jameson, het na sy uittrede in 1912 na Engeland teruggekeer.

13) Verslag van toespraak van Farrar voor die sesde jaarkongres van die Transvaalse Progressiewe Party, in The Star, 5/4/10.

en Suid-Afrika is oral en altyd gesien as deel hiervan; in dié proses is die belange van Suid-Afrika dikwels ondergeskik gestel aan dié van Engeland, en dit het kwaai reaksie van die kant van Hertzog en sy volgelinge uitgelok.

Van die kant van die Unioniste is Suid-Afrika se vooruitstrewende posisie toegeskryf aan die verbintenis met die Britse Ryk,[14] en die Imperialiste het by monde van FitzPatrick van Afrikaner sowel as van Engelsman geëis om hul kragte in te gooi en van die Britse Ryk te maak

> "...a living whole, the greatest engine ever created by the wit of man; the greatest gift that God had ever given to any people in the world".[15]

Veral die Engelstalige pers het hierdie sentiment tot in sy uiterste vorm deurgevoer, en in die proses 'n baie groot aandeel gehad in die aanblaas en stimulering van die reeds-bestaande rassehaat. Die gedurige verwysing na die "Empire" en die "Mother Country" het slegs die toorn van die Afrikaanssprekendes laat opvlam en hulle weer tot die ander uiterste laat oorhel. Uitsprake soos

> "There is one, and only one, Imperial nation under the British Crown...a colony is not a nation except for the purpose of minor politicians and minor poets"[16]

en

> "It is our proud boast that on the British Empire the sun never sets. Look at the Map: Canada is red, Australia is red, New Zealand is red, India is red, South Africa is red"!,[17]

toon in watter mate "Empire-verheerliking" nog by hierdie mense aanwesig was. So 'n houding kon nie anders as om reaksie by die teenstanders uit te lok nie.

Teenoor hierdie imperialistiese houding het Hertzog, die kampvegter van die Afrikaanse taal en van die Afrikanerdom in die algemeen, die geloof aan 'n eie Suid-Afrikaanse nasieskap gehuldig, terwyl hy van mening was dat die Britse Ryk slegs in naam bestaan het en dat dit die beleid van imperialisme was wat daarvan 'n werklikheid wou maak. Hiervoor sou hy nie te vinde wees nie.[18]

---

14) B.K. Long, in The Star, 8/9/12.

15) Sir Percy FitzPatrick in 'n "Empire Day"-toespraak by die Fonteine, Pretoria, in The Star, 25/5/11.

16) Hoofartikel, The Star, 5/11/10.

17) Ibid, 7/5/12.

18) Verslag van toespraak te Smithfield in The Star, 2/7/14. Sien ook Van den Heever, C.M.: General J.B.M. Hertzog (Johannesburg 1946), p. 146.e.v.

Reeds in die eerste verkiesings in 1910 het Imperialisme of die verbintenis aan die Britse Ryk ꞌn belangrike rol gespeel.[19] In Junie 1910 het een van die stigterslede van die party, W. van Hulsteyn, uit die party bedank en hom by Botha gevoeg aangesien hy lg. se beleid as sterk nasionaal-Suid-Afrikaans beskou het en ook vanweë die feit dat in sake rakende die volk van Suid-Afrika, Botha en sy volgelinge

> "...are less affected by rasons carrying them outside our country than the leaders of the Unionist Party are".[20]

Dit was duidelik ꞌn aanklag teen die Britsgebondenheid van die Unioniste, en Van Hulsteyn het hom in hierdie opsig meer tuis gevoel by Botha met sy beleid van konsiliasie. Botha, Smuts en hul volgelinge het wel in ꞌn mate gedeel in die imperialistiese beskouings van die Engelssprekendes, dog hulle sou nie so sterk soos die Unioniste daarop hamer nie.

Met die taal- en onderwyskwessie nog onopgelos het Botha, vergesel van ministers F.S. Malan en David Graaf, pas na afloop van die eerste sitting van die Unieparlement per boot na Engeland vertrek om die Imperiale Konferensie aldaar by te woon. Hierdie konferensie sou die aanleiding verskaf tot ꞌn drukke bespreking van Suid-Afrika se verhouding tot die Britse Ryk.

Ten spyte van aanvanklike bedenkinge van sowel die Opposisie as van hul pers oor die houding wat die Suid-Afrikaanse afgevaardigdes op die konferensie sou inneem, is Botha met groot entoesiasme in Engeland ontvang en soos ꞌn held getrakteer en behandel. Vir baie Afrikaners was dit ꞌn steen des aanstoots, en hulle het begin dink dat Botha "Engels" geword het. Hertzog het die verrigtinge oorsee noukeurig dopgehou, en Botha se verdere optrede en houding op die konferensie het hom tot aksie laat oorgaan. Hiermee was die tradisionele vet in die vuur.

Botha het aan die Imperiale Konferensie die versekering gegee dat geen deel van die Ryk meer lojaal teenoor haar was as juis Suid-Afrika nie,[21] terwyl die moontlikheid

---

19) Sien hoofstuk 3 hierbo.

20) Die brief met die redes vir die bedanking van Van Hulsteyn verskyn in The Star, 27/6/10.

21) Sien berig in The Star, 23/6/11.

van staatsondersteunde immigrasie, wat in hierdie tyd van verskeie kante deur Unioniste in Suid-Afrika opgehaal is, ook deur Botha in London aangehaal is en hy hom ten gunste daarvan uitgespreek het.[22)] Botha het 'n houding begin inneem wat tot gevolg sou hê dat hy beskou sou word as die beliggaming van imperiale beginsels,[23)] en hierdie toestand van sake het geensins gestryk met die opvattinge van Hertzog nie.

Hertzog het sy gedagtes openlik begin verkondig, staatsondersteunde immigrasie is deur hom as 'n "crime" beskou, en nóg die landbou nóg die verdediging het syns insiens 'n groter bevolking nodig gehad.[24)] Hy deel geensins in die imperialistiese siening van bv. Botha nie:

> "In the ambitions of Europe we do not participate, in its intrigues we do not share and with its quarrels we have no concern".[25)]

Die vraag na die verhouding van die kolonies tot die Britse Ryk in oorlogstyd is ook op die Imperiale konferensie bespreek, en wel vanweë die noodsaaklikheid om duidelikheid oor die kwessie van verdediging te verkry in die skaduwee van dreigende onweerswolke in Europa. Hoewel die beginsel erken is dat elke ledeland in oorlogstyd die keuse sou hê met betrekking tot sy deelname al dan nie aan 'n oorlog waarin Brittanje betrokke sou raak, was die posisie teoreties so dat die verskillende ledelande outomaties in 'n oorlog betrek kon word indien Brittanje daarin gesleep word. Die kwessie van deelname al dan nie aan so 'n oorlog het een van die vernaamste besprekingspunte in die Suid-Afrikaanse politiek geword, sou dit vir baie jare bly en het groot verdeeldheid en baie bitterheid onder die verskillende bevolkingsdele tot gevolg gehad. Ook die Unioniste as verteenwoordigers van die Britse gedagte is ten nouste hierdeur geraak.

Reeds in 1910 het Jameson die gedagte aan 'n Imperiale parlement as "an inspiring thought" bestempel en gesê dat Suid-Afrika voorbereid moet wees om deel te neem in daardie regeringsvorm, "where responsibility and power will go hand in hand".[26)]

Op die Imperiale Konferensie in 1911 is 'n voorstel vir

---

22) Van den Heever: a.w., p. 146, en Neame: General Hertzog p. 107.
23) Lady Phillips, voor die Vroue-Unioniste. Sien The Star, 12/5/15.
24) Neame: General Hertzog, p. 109.
25) Ibid, p. 108.
26) The Star, 10/8/10

Imperiale federasie egter skerp veroordeel, ook deur Botha.[27] Dit was egter veral die kwessie van neutraliteit in tyd van oorlog wat die gemoedere in Suid-Afrika gaande gemaak het.

Hierdie vraagstuk is vroeg in Julie 1911 aangeroer toe 'n Hollandse koerant, De Volksstem, daarop aanspraak gemaak het dat Suid-Afrika konstitusioneel neutraal kon bly indien Brittanje in 'n oorlog betrek sou word.[28] Daar is dadelik deur die Unionistiese pers te velde getrek teen hierdie "pernicious and unconstitutional doctrine",[29] en met belangstelling is uitgesien na wat Botha se houding in hierdie verband sou wees. Botha, wat in Engeland die

> "...the absurdity of the idea of one part of the Empire maintaining neutrality in the time of war"

aangetoon het,[30] was nou egter nie so uitgesproke nie (tot groot teleurstelling van die Cape Times), en het verklaar dat die kwessie van neutraliteit deur die vyand bepaal sou word.[31] F.S. Malan, minister van Onderwys en een van die afgevaardigdes na die Konferensie, was van mening dat Suid-Afrika wel wettiglik in oorlog sou verkeer, dog dat die finale seggenskap by die parlement van die Unie sou berus.[32]

Die kwessie van die verdediging van elke dominion was ten nouste verbonde aan die neutraliteitsvraagstuk. Hierdie saak is ook op die Imperiale Konferensie bespreek, waar gevoel is dat die ledelande sover moontlik sy eie verdediging in oorlogstyd moes waarneem.[33] Hierdie siening is ook deur die Unioniste gehuldig, en Duncan[34] en Farrar[35] was van mening dat die Unie sy eie verdediging op 'n gereedheidsgrondslag moes bring - dit is reeds in 1910 deur Farrar bepleit.[36]

---

27) Hancock: a.w., p. 351.

28) Sien The Star, 11/7/11, asook Van den Heever: a.w., p.166.

29) Hoofartikel, The Star, 14/8/11.

30) Volgens "Daily Chronicle", aangehaal in The Star, 27/9/11.

31) Berig vanuit Engeland, in The Star, 26/7/11.

32) Verklaring gedoen deur Malan by sy aankoms in Suid-Afrika na afloop van die Konferensie, in The Star, 22/8/11.

33) Kruger: The Age of the Generals, p. 62.

34) In 'n toespraak voor Overseas Club, Johannesburg, in The Star, 16/12/11.

35) By die Party-kongres te Durban. Sien The Star, 22/11/11.

36) The Star, 5/4/10. Sien ook voetnoot 13 hierbo.

Die verdedigingssisteem van die Unie is in 1912 deur wetgewing vasgelê, en die Verdedigingswet (1912) van genl. Smuts het die algemeen byval gevind by die Unioniste. Hierdie saak is vir die eerste keer in die parlement aangeroer deur ꞌn Unionis, sir A. Woolls - Sampson, die lid vir Braamfontein, wat ꞌn mosie ingedien het om die hele saak van verdediging te ondersoek.[37)] Dit is veral gedoen met die oog op binnelandse gevare van die nie-blankes.[38)] In sy kritiek op die Verdedigingswet het Duncan aangetoon dat dit wel voldoende was vir binnelandse beveiliging, dog dat dit nie instaat was om ꞌn goedafgerigte leër te weerstaan nie.[39)] Ook voorsien hy dat daar ꞌn tyd sal kom wanneer die Britse vloot elders sal moet opereer, en dan sal Suid-Afrika instaat moet wees om homself te verdedig en miskien ook nog aan "the Old Country" hulp te verleen. Hy sê dit nie in ꞌn gees van Jingoisme of aggressie nie, maar weens die feit dat die voorregte van hul verbintenis aan die Britse Ryk ook die plig "...in keeping the Empire strong and proof against external attacks" op hul skouers plaas.[40)]

Die Unioniste, by monde van Duncan[41)] en Phillips[42)] het voortgegaan om groter bydraes vir die Britse vloot te vra, terwyl W.T. Lee, die sekretaris van die Party in Transvaal, die Unie se bydrae as ꞌn skande beskou in vergelyking met dié van Australië en Nieu-Zeeland.[43)] Die Verdedigingswet sou met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog aan die toetse van die praktyk onderwerp word, en toe sou die kwessie van bydraes aan die vloot en van onderhoudskoste aan vegtende Unie-burgers in oorsese lande weer sterk deur die Unioniste gepropageer word.

Die beleid van die Unioniste ten opsigte van die verbintenis aan die Britse Ryk is in September 1911 deur die uittredene ere-sekretaris van die party beskryf as

---

37) Volksraadsdebatte, eerste sessie (1910-11), kol. 1335.
38) Ibid, kol. 1339.
39) Sien The Star, 10/1/12.
40) Sien The Star, 16/12/11.
41) The Star, 18/7/12.
42) The Star, 17/7/12.
43) Artikelreeks oor Imperiale Verdediging. Sien The Star, 12/3/12 en 7/5/12.

"Rightly and broadly interpreted, the policy of the party meant the Imperial idea, consolidation and Union throughout the Empire";[44)]

FitzPatrick weer beskou dit as "...a policy conceived in the interests of South Africa as part of the British Empire". It was not a racial policy. It was not a party policy....We are sticking to that policy".[45)]

Ook B.K. Long, sekretaris van die party, vra in 'n artikelreeks oor Imperiale Verdediging om 'n breër uitkyk en sê dat die Britse Ryk deur die Afrikaner misverstaan word. Wat Suid-Afrika is, het hy aan die Britse Ryk te danke.[46)]

In April 1912 het Jameson die tuig neergelê as leier van die Party en is hy deur Smartt opgevolg, wat dadelik 'n meer offensiewe houding teenoor die regering begin inneem het. Afgesien hiervan is die regering se posisie verswak deur die kabinetskrisis wat uitgeloop het op die bedanking van mnr. Hull as minister van Finansies in die Botha-kabinet. Imperialisme sou die gespanne houding in die geledere van die Afrikaners tot breekpunt bring.

Genl. Hertzog het nl. sy leier begin kritiseer oor sy imperialistiese houding, en in die proses het hy sy eie beskouinge oor 'n Suid-Afrikaanse nasieskap begin verkondig.[47)] In 'n reeks toesprake het hy te velde getrek teen diegene wat die Britse Ryk en nie Suid-Afrika nie eerste gestel het. In die besonder rig hy hom teen "vreemde fortuinsoekers" soos kolonel Byron, 'n vooraanstaande Unionis, en Smartt.[48)]

---

44) Verslag van toespraak van A.E. Balfour, uittredende eresekretaris van die Party, by geleentheid van 'n afskeid ter ere van hom, in The Star, 21/9/11.

45) Toespraak gelewer te Braamfontein, verslag in The Star, 14/11/11.

46) Artikelreeks in The Star, 8/9/12.

47) Dit was die sg. "tweestroom-beleid". Sien hiervoor toesprake van Hertzog oor Suid-Afrikaanse nasionalisme, in Kruger: Parties and Policies, p. 61 tot 67, asook Kruger: Age of the Generals, p. 67.

48) Ibid.

Die leier van die Opposisie word oor die kole gehaal vanweë die afwesigheid van ʼn Suid-Afrikaanse geesteshouding by hom,[49] en van hom word gesê dat hy "not a son of the people whom he served", sou wees nie.[50] Volgens Hertzog bestaan die aansprake van ʼn goeie Suid-Afrikaner in die positiewe beantwoordiging van die vrae of hy ʼn onverdeelde toewyding en liefde vir Suid-Afrika besit, of die land vir hom eerste en alles is en of dit sy algehele trou het. Die antwoord van sir Thomas hierop, nl. dat hy in die eerste plek ʼn Imperialis is en dan ʼn Suid-Afrikaner, en dat hy, gemeet aan die standaarde deur Hertzog gestel, nie ʼn goeie Suid-Afrikaner is nie, dien vir Hertzog as bewys dat hy reg was in sy oordeel oor die leier van die Opposisie toe hy hom in dieselfde klas as vir Byron geplaas het.[51] Later sou Hertzog die leier van die Unioniste egter om verskoning gevra het en erken het dat sy oordeel te kras was.[52]

Hertzog se kampanje teen die vreemdelinge is deur Fitz-Patrick beskou as ʼn belediging vir die onderdane van die koning wat hulle in Suid-Afrika gevestig het,[53] en die Unioniste oor die algemeen was op hul agterpote oor die uitlatinge van Hertzog. Smartt het Botha verantwoordelik gehou vir die uitlatinge van Hertzog, een van sy ministers.[54]

Die anti-imperialistiese houding van Hertzog het sy hoogtepunt bereik in die veelgeroemde toespraak te De Wildt, ʼn klein spoorweghalte naby Rustenburg, waar hy o.a. verklaar het:

> "Imperialism is important to me when it is in the interests of South Africa...if it is to the detriment of the country then it is my duty to have nothing to do with it".[55]

In dieselfde toespraak trek hy ook te velde teen die woorde konsiliasie en lojaliteit. De Wildt het die langverwagte breuk in die geledere van die regering ʼn werklikheid gemaak.

---

49) Toespraak te Smithfield, 14 Okt. 1912, in Kruger: Parties and Policies, p. 64. Hancock, in sy biografie oor genl. Smuts, sien die saak so: "Hertzog won a dialectical victory against sir Thomas Smartt, ...who let himself be manoeuvered into the position of putting the Empire before South Africa. Yet Smartt had served South Africa faithfully". (Hancock: a.w. p. 356).

50) Hertzog te Smithfield, toespraak vervat in Kruger: Parties and Policies, p. 65.

51) Hertzog te De Wildt, 7 Des. 1912. Kruger: Parties and Policies, p. 66.

52) Volgens ʼn hoofartikel in The Star, 30/12/12.

53) Sien The Star, 19/10/12.

54) te Adelaide, sien The Star, 15/10/12.

55) Kruger: Parties and Policies, p. 66.

Nie net die Unioniste nie, maar die Engelssprekende bevolking in die algemeen het eksepsie geneem teen die uitlatings van Hertzog, en kol. Leuchars, die Natalse verteenwoordiger in die Kabinet, het uit protes hierteen geëis dat Hertzog uit die kabinet moes bedank. Hertzog het geweier omdat Botha nie kon bewys dat Botha se houding nie dieselfde is as syne nie, en die gevolg was dat Botha sy bedanking ingedien het. Hy is weer deur die Goewerneur-generaal gevra om 'n kabinet saam te stel, wat hy ook gedoen het, dog hierdie keer sonder Hertzog sowel as Leuchars.[45]

So het Imperialisme of die verhouding tot Brittanje dan direk aanleiding gegee tot die breuk in die geledere van die Afrikaners, 'n breuk wat verreikende gevolge op politieke gebied sou hê. Dit het aanleiding gegee tot

> "...a movement...which would hurry Botha to his grave and carry Hertzog to ultimate victory".[56]

---

56) Kruger: The age of the Generals, p. 69. Hierdie saak word verder behandel in hoofstuk 7.

# HOOFSTUK 6.

## DIE UNIONISTE PARTY EN SY BELEID t.o.v. DIE STAATSDIENS, IMMIGRASIE EN DIE NATURELLE-PROBLEEM.

Wat sal gebeur, het sir Percy FitzPatrick in sy "Fresh Start" pamflet gevra, indien onderwerpe soos koloniale verkeer, bydraes tot die Imperiale vloot, ŉ gemeenskaplike Internasionale verdedigingskema, die taalkwessie, stemregvraagstuk, militêre opleiding en die verdediging van Suid-Afrika deur partye met ŉ rassegrondslag bespreek word? Die antwoord hierop het hy self verskaf:

> "It would not be long before one policy would become associated with one race, and the opposite with the other".

En indien die partyverdeling op die rasse-lyn sou voortbestaan, sou dit slegs tot gevolg hê "...disappointment, dismay and sense of betrayal".[1]

Dit was nie lank nie toe is die waarheid van hierdie woorde bewys en het die politiek van die land ten nouste geskakel met die verskille in afkoms en taal. Reeds vroeg in die eerste sitting van die Parlement is die onderwys- en taalvraagstuk te berde gebring - ŉ verbete stryd tussen die twee taalgroepe[2] was die gevolg. Vroeg in 1911 en as uitvloeisel van die Imperiale Konferensie in London het die verhouding van Suid-Afrika tot Brittanje en die Ryk (met al die verwante sake soos koloniale verkeer, bydraes tot die vloot, Internasionale verdediging, ens.) onder die soeklig gekom - en weer het die stryd tussen die twee bevolkingsgroepe ontvlam. Hierdie kwessie sou ingrypende politieke verwikkelinge tot gevolg hê en sou vir etlike dekades ŉ prominente plek in die politieke verwikkelinge in Suid-Afrika beklee.

### 1. Die Unioniste en die Staatsdiens:

In sy pamflet het FitzPatrick die pligte van die eerste Ministerie ontleed en die vraag gestel of ŉ kabinet, saamge-

---

1) "A Fresh Start"-pamflet, in Bylae no. C.

2) Hier moet egter aan die kant van die Afrikaners onderskei word: dit was veral Hertzog en sy volgelinge wat die stryd namens die Afrikaners aangeknoop het, met Botha in ŉ meer neutrale posisie.

stel uit slegs een bevolkingsdeel of politieke groep en sonder ŉ mandaat van die kiesers, daarin sou kon slaag om albei seksies van die bevolking tevrede te stel en om die onvermydelike vooroordeel en wantroue uit te skakel. Onder hierdie pligte was veral belangrik die reëlings vir die provinsiale administrasies, die finansiële en administratiewe verhoudinge tussen die provinsies, die aanstelling van staatsamptenare, ens.[3)]

In die verkiesingsveldtog is die beleid van die Unioniste m.b.t. die staatsdiens uiteengesit as ..."to free the

> public service from political influence by the establishment of an independent and impartial Civil Service Board which will control appointments and promotions; to ensure the civil servant reasonable security of tenure, and to maintain proper standards of qualification to which candidates for admission to the service must conform".[4)]

Een van die eerste take van die Botha-regering na sy bewindsaanvaarding op 31 Mei 1910 was om uit die verskillende provinsiale staatsdienste een sentrale Staatsdiens vir die hele land daar te stel. Hoewel soveel as moontlik van die voormalige provinsies se stelsels behou is[5)] was die Unioniste geensins tevrede met die behartiging van die staatsdiens deur die regering nie. Die samestelling van die staatsdienskommissie, wat verantwoordelik was vir die hele reorganisasie in die staatsdiens, is heftig gekritiseer as belaglik[6)] en "...a sop to the public and the Public Service", gladnie in ooreenstemming met die wense van die Nasionale Konvensie nie.[7)] Die algemene gevoel by die ontevredenes was dat die regering in ŉ posisie was om toe te laat dat taal en ander oorweginge ŉ rol kon speel by die aanstelling van amptenare.8) FitzPatrick wou hê dat persone met sowel ondervinding as besigheidsin in die kommissie aangestel

---

3) "A Fresh Start"- Bylae, A.

4) "An Election Address - Choice before the Voters", (By a candidate), in The Star, 15/9/10.

5) Kruger: The age of the generals, p. 58.

6) Hoofartikel, The Star, 9/7/10.

7) Hoofartikel, The Star, 13/8/10.

8) Hoofartikel, The Star, 12/10/11.

moes word[9], en in Oktober 1911 het hy voorgestel dat met besuiniging in die staatsdiens heel bo begin moet word deur die salaris van die Eerste Minister te besnoei.[10]

Op die kongres van die Party in November 1911 te Durban gehou, waar 'n mosie van B.K. Long aanvaar is in dier voege dat die regering in die reorganisasie van die Staatsdiens afgewyk het van die gees van die Nasionale Konvensie,[11] trek Smartt te velde teen die optrede van die regering in die aanstelling van die Staatsdiens kommissie en sê hy dat die regering wat aan so 'n daad skuldig is, nie die vertroue van die land werd was nie.[12] In hulle kritiek is die Unioniste gesteun deur Merriman, wat die politieke kleur van die aanstellings afgekeur het.[13]

Soos gewoonlik, was FitzPatrick prominent in hierdie dispuut en het hy d.m.v. die pers en op politieke platforms dikwels in woordewisselings met sowel Botha as Hertzog geraak. Benewens die onderwys en die taalkwessie, het ook die toestande in die Staatsdiens veel hiertoe bygedra, veral die uitstuur van 'n reeks omsendbriewe wat navraag gedoen het oor die mate van tweetaligheid van amptenare in staatsdiensdepartemente, 'n Belofte van promosie aan tweetaliges[14] is as "compulsory bilinqualism" en in stryd met die gees van die Konvensie beskou.[15] Hy het, net soos in die geval van die taalkwessie, versoek dat die Nasionale Konvensie her-gekonstitueer moes word om die saak te besleg,[16] ten spyte van 'n verklaring van Botha dat die regering verantwoordelik sou wees vir eise van skadevergoeding indien amptenare weens gebrek aan kennis van een taal ontslaan sou word.[17]

---

9) F.V.:"Political Notes", ongedateerd.

10) Toespraak te Uitenhage in The Star, 14/10/11.

11) Verslag in The Star, 21/11/11.

12) Toespraak voor Kongres, in The Star, 22/11/11.

13) The Star, 17/1/12. Sien ook hoofartikels, 18/1/12 en 22/1/12.

14) Sir Percy FitzPatrick te Kimberley, The Star, 7/11/11.

15) Ibid.

16) Ibid.

17) te Piet Retief, in The Star, 5/10/11. Die spoorweg-omsendbrief (no. 420, 27 Okt. 1911) is uiteindelik gewysig en FitzPatrick het sy mosie in dié verband teruggetrek. Vir bespreking sien Volksraadsedebatte, eerste sessie, (1910-1911), kol. 512-541.

In die parlement is die reorganisasie van die staatsdepartemente sowel as die personeelsamestelling van die departemente deur Jameson veroordeel[18], terwyl Duncan die regering daarvan beskuldig het dat hulle die Staatsdiens "...at their own disposal" en vir politieke doeleindes gebruik.[19] Ook Drummond Chaplin [20] en Crewe sluit by hul kollegas aan in hul ontevredenheid, en lg. sê dat hulle besware gerig is daarteen dat bekwame mense vanweë eentaligheid, deur andere vervang word.[21] Jameson moes nogtans erken dat Engelssprekendes in die meerderheid was in die Staatsdiens, dog hy verweer homself deur daarop te wys dat daar nie eensklaps ʼn verandering gemaak kon word sonder om effektiwiteit in te boet nie.[22]

Dit was duidelik dat die hele Staatsdienskwessie ten nouste verband gehou het met die kwessie van afkoms en taal. Hier het die Unioniste direk te staan gekom teen Botha as premier, en dus hoof van die Staatsdiens, dog insoverre dit verband met die taal gehou het was die stryd weer teen Hertzog gerig. Net soos dit die geval was met die meeste ander politieke vraagstukke van die tyd, het ook die Staatsdienskwessie geleidelik op die agtergrond verdwyn namate toestande verbeter het en die politieke soeklig op Hertzog geval het.

2. Die Unioniste en Immigrasie:

Die program van beginsels van die Unioniste Party maak voorsiening vir ʼn skema vir die plasing van geskikte setlaars vanuit Suid-Afrika of van oorsee, terwyl staatshulp ook vir geskikte immigrante bepleit word.[23]

Kort na die totstandkoming van die Unie is ʼn veldtog vir staatsondersteunende immigrasie deur die Unioniste van stapel gestuur. Dit is veral bepleit met die oog op die uitbreiding van die blanke bevolking, wat in getalle ver deur die nie-blankes oortref is. Patrick Duncan was van opinie dat Suid-Afrika slegs deur immigrasie ʼn witmansland sou bly,[24] en hierdie mening is ook deur Richard Currie gehuldig:

18) Volksraadsdebatte, 2de sessie 1912, kol. 337.
19) Ibid, kol. 392-394.
20) Ibid, kol. 414.
21) Ibid, kol. 463.
22) Ibid, kol. 493.
23) Sien Program van Beginsels, in Bylae.
24) Toespraak in The Star, 18/6/10.

> "It is immigration alone which will prevent South Africa from being dominated during the lifetime of the present generation by the black race". [25]

Richard Feetham was ŉ sterk voorstaander daarvan dat ingevoerde nie-blanke arbeid verminder en die immigrasie van ongeskoolde blankes bevorder moes word, met doel "...ultimately to rendering the country independent of imported native labour and securing the development of its resources through the work of the population permanently resided within its borders".[26]

Ook Lionel Phillips, ŉ leidende mynmagnaat, wou nie-blanke arbeid met blanke arbeid vervang.[27] Feetham het verder die idee gehuldig dat "men not morgen make a nation",[28] terwyl ook Duncan aangedui het dat die rykdom van ŉ land geleë is in die bevolking wat hy dra. Weereens waarsku hy dat "...unless the white population is reinforced from outside, South Africa is going to be occupied by a coloured problem". [29]

Om hul immigrasie-beleid te stimuleer, het die Unioniste die belasting van onverbeterde eiendomme sterk voorgestaan en is dit deur die Kongres van die Party in November 1911 as ŉ beleidspunt aanvaar. Tergelykertyd het hulle hul beywer vir die vervreemding van geskikte grond vir die plasing van setlaars, plaaslik of van oorsee, staatsondersteunde immigrasie en verbeterde landboumetodes,[30] en in 1912 se parlementsitting is veral die kwessie van staatsondersteunde immigrasie sterk bepleit deur manne soos Smartt, FitzPatrick en Duncan.[31]

In die verkondiging van hul immigrasiebeleid het die Unioniste te staan gekom teen genl. Hertzog, die kampvegter vir die regte van die Afrikaner, wat hom op ondubbelsinnige wyse teen immigrasie uitgespreek het.[32] Afgesien daarvan

---

25) Toespraak in The Star, 24/10/11

26) Toespraak in The Star, 3/4/13.

27) Verslag van toespraak voor Union Club, The Star, 1/6/10.

28) Verslag van toespraak voor Vroue-Unioniste, Jeppe, in The Star, 8/6/11.

29) Toespraak. Sien The Star, 6/6/11.

30) Resolusies op genoemde kongres aanvaar: The Star, 22/11/11.

31) Debatte, 2de sessie 1912, Kol. 253, 254 en 283. Sien ook The Star, 10/1/12.

32) Neame: General Hertzog, p. 108.

dat dit nie Suid-Afrika se probleme sou oplos nie,[33] sou dit die land binne 50 jaar verdeel onder "those to whom they owed no duty".[34] en beteken dit vir hom "the taking of the land from the people and presenting it to State imported settlers".[35]

Botha se houding t.o.v. immigrasie het sowel die Unioniste as vir Hertzog en sy volgelinge aan die twyfel gehad. Waar hy hom in London ten gunste daarvan verklaar het [36] (dit het Hertzog se reaksie verder uitgelok), het **hy**, terug in S.A., weer die Unioniste teen hom in die harnas gejaag toe hy ondersteunde immigrasie as beleid slegs met sekere voorbehoud aanvaar het.[37]

Die gemoedere van die Unioniste is in 'n mate gestil deur die aanvaarding van 'n "Land Settlement Bill" in 1912[38], wat die Unioniste beskou het as goed sover dit strek, dog dit strek nie ver genoeg nie.[39]

Die immigrasie-kwessie het ten nouste verband gehou met die stryd tussen die twee groot blanke bevolkingsgroepe. Vir Hertzog het immigrasie die gevaar ingehou dat dit die Afrikaners in die minderheid sou laat,[40] en hoewel die oplossing van die nie-blanke probleem as groot motief vir immigrasie aan die publiek voorgehou is, was dit in sy diepste wese tog nog 'n poging om die Engelse element in die land ten koste van die Afrikaners te versterk. Berigte uit London, nl. dat werwingsveldtogte om immigrante in Engeland te lok, voortduur, met die doel "...to reform South Africa in an English spirit"[41],kon slegs dien om Hertzog en sy mense verder die harnas in te jaag. Een van die leidende Unioniste in die Parlement, Kol. Crewe, het na sy uittrede uit die Parlement die houding van sy party t.o.v. immigrasie aan die lig gebring toe hy t.o.v. Hollandse immigrante

---

33) Hertzog te Smithfield, in The Star, 5/6/11.

34) Sien The Star, 3/6/11.

35) Hertzog te Bethal, verslag van toespraak in The Star, 21/9/11.

36) Neame: General Hertzog, p. 107.

37) Sien The Star, 4/8/11. Sy voorwaardes was dat immigrante veral boere moes wees, gekeur moes word en dat eers die eie hulpbehoewendes gehelp moes word.

38) Debatte, 2de sessie 1912, kol. 2087 en 3439.

39) Bv. FitzPatrick het weer aangedring op staatsondersteuning Sien Volksraadsdebatte, 2de sessie 1912, kol. 283.

40) Neame: General Hertzog, p.

41) Berig in Volkstem, aangehaal in The Star, 14/8/11.

gesê het:

> "We did not object to them, but we believe in our own race above all others".[42)]

Ook in sy private korrespondensie toon FitzPatrick hierdie konklusie as geregverdig, waar hy die volgende sê:

> "The future, as I see it, lies this way: both races hope for prosperity, prosperity means expansion, expansion means immigration, immigration means British!"[43)]

In 1919 het kol. Byron weereens immigrasie bepleit, dog hierdie keer op eie onkoste en nie meer op die onkoste van die volk van Suid-Afrika nie[44)] - dus 'n verwerping van die idee van staatsondersteunde immigrasie.

Dat daar wel 'n behoefte aan die uitbreiding van die blanke bevolking in die aangesig van die groot nie-blanke bevolking was, blyk duidelik uit die vroeër aangehaalde uitlatings van leiers van die Unioniste, dog ongelukkig het ook hierdie probleem in die maalstroom van die stryd tussen die twee bevolkingsdele beland en sou dit baie jare duur voordat immigrasie as hulpmiddel by die oplossing van die naturelle-probleem benut sou word. Eers moes alle vrees vir Britse oorheersing verwyder word.

3. <u>Die Unioniste en die naturelle-probleem</u>.

Die naturelle-probleem was een van die grootste probleme voor die Nasionale Konvensie, en behalwe dat die stemregvraagstuk deur 'n kompromis gereël is, is die hele nie-blanke kwessie egter vir oplossing na die toekoms verwys.[45)] In hierdie saak was daar nie juis sprake van verdeling volgens ras of politieke party nie.[46)] Die nie-blanke probleem moes egter wyk voor die begeerte na eenheid tussen die verskillende kolonies en baie jare sou verloop voordat daadwerklike pogings aangewend sou word om hierdie grootste van alle Suid-Afrikaanse vraagstukke op te los. Die politieke stryd tussen Afrikaanssprekende en Engelssprekende sou die toneel in die aanvangsjare van Unie oorheers, en daarna het

---

42) Kol. Crewe te Port Elizabeth, in The Star, 16/9/20.
43) FitzPatrick aan sy vrou, aangehaal in Wallis, a.w., p.137.
44) Sien hiervoor The Star, 29/10/19.
45) Thompson: p. 122 e.v., p. 219.
46) Ibid, p. 218 e.v. vir die besprekinge in die Nasionale Konvensie. Sien ook betrokke hoofstuk in Walton: a.w.

die Eerste Wêreldoorlog die aanpak van hierdie probleem verder vertraag, sodat daar gedurende die leeftyd van die Unioniste Party dus nie veel gedoen is in die rigting van 'n oplossing vir die nie-blanke probleem nie.

Die beleid van die Unioniste m.b.t. die nie-blankes soos neergelê in die program van beginsels van die Party, is vaag en maak voorsiening vir 'n naturelle-beleid "admit-

> ting of the treatment of questions relating to Natives in accordance with the degree of civilization attained by them, and with the different and local conditions under which they work and live".[47]

Die uitsprake van enkele leiers van die Party sal vervolgens beskou word sonder om daarop aanspraak te maak dat dit amptelike beleid van die Party was - uit die aard en omvang van die kwessie in hierdie tyd kan dit moeilik bepaal word.

Kort voor die stigting van die Unioniste Party het sir George Farrar sy Britse bevolkingsgenote gemaan om nie die "grave and just" verantwoordelikheid t.o.v. die gekleurde en groot naturelle-bevolking, deur Uniewording op hulle gelê, te vergeet nie:

> "...let us always bring to bear on this subject a wise, liberal, considerate, constructive and statesmanlike attitude, so that the blessing which we know will accrue under Union will be shared by all sections of His Majesty's subject in this great country".[48]

FitzPatrick, tydens die Nasionale Konvensie 'n groot voorstander van 'n beskawingstoets vir stemreg aan nie-blankes,[49] het die mening gehuldig dat die kleurskeidslyn nooit deur wetgewing vasgelê sou kon word nie, dog dat die blankendom skoon gehou moes word van vermenging met die nie-blankes deur in hul huislike kringe, in hul huishoudelike en sosiale lewe geen geleentheid daartoe te bied nie.[50] Hy het dit ook as 'n suiwer huishoudelike saak vir Suid-Afrika beskou en was van mening dat slegs die blankes van die land en nie negrofilistiese en "foolish sentimentalists" hierdie pro-

---

[47] Program van beginsels, no. 3, in Bylae, A.
[48] Toespraak in Johannesburg, in The Star, 5/4/10.
[49] Thompson: p. 213 en 219.
[50] Toespraak by Fonteine, in The Star, 25/5/11.

bleem kon oplos nie.[51] Die mondstuk van die party in Transvaal sien ŉ gevaar daarin dat te min vir die naturelle gedoen sal word, dog wys op "...a much greater danger -

> namely, the existence in England of people in responsible positions who seriously believe that precisely the same treatment is applicable alike to all the races of the Empire, white, black and yellow, civilised and barbarous, those with a thousand years of self-government behind them and those who have proved again and again that the grant of selfgovernment means collapse into chaos".[52]

Sowel die S.A.P. as die Unioniste in die Kaap was ten gunste van gelyke regte vir alle beskaafde mense, en die mate waarin hulle by hul standpunt gehou het, word weerspieël in die verskansing van die Kaapse stelsel in die Unie-grondwet.[53] Walton het hom sterk ten gunste van gelyke regte uitgespreek, terwyl Jameson van mening was dat die status quo m.b.t. die naturelle-beleid gehandhaaf moes word,

> "...until the neighbouring colonies are sufficiently educated to agree to allow equal facilities for blacks and whites to rise in the scale of humanity".[54]

Smartt, Jagger en ook Walton wou ŉ eenvormige en kleurblinde stemreg hê.[55] Verder was daar FitzPatrick, wat ten gunste was van ŉ aparte beskawingstoets aan nie-blankes wat die stemreg wou besit,[56] terwyl Farrar gewillig was om ŉ beperkte mate van aparte verteenwoordiging aan die nie-blankes te gee.[57] Vanweë die groot verskille oor die kwessie van nie-blanke stemreg het die Nasionale Konvensie uiteindelik ŉ kompromis tussen die twee uiterste standpunte aanvaar.

---

51) Toespraak te Cathcart, in The Star, 2/10/11.

52) Hoofartikel, The Star, 25/6/10.

53) Vir ŉ deeglike bespreking van die oplossing van hierdie probleem deur die Nasionale Konvensie, sien Thompson: a.w., p. 212 e.v.

54) Thompson: a.w., p. 116.

55) Ibid, 218.

56) Ibid, p. 213, 215, 219.

57) Ibid, p. 218.

Hiervolgens is die nie-blanke stemreg in die Kaap verskans, terwyl in die ander provinsies die kleurskeidslyn gehandhaaf is (in teorie en/of praktyk) en slegs blankes in die Parlement mag sitting neem.[58]

Jameson, die leier van die Unioniste, het bedenkinge oor die kompromis van die Nasionale Konvensie gehad: 'n wig is ingedryf deur die toegewing aan die Kaap, en hy voorsien dat "gradually ...that is, in the fulness of time", die opgevoede nie-blanke oor die hele land die stemreg sou verkry.[59] Tog het hulle hierdie "honourable compromise"[60] aanvaar, en ook Farrar het die versekering gegee dat die Unioniste nooit sou probeer om die stemreg van die nie-blankes uit te brei nie.[61]

Patrick Duncan was 'n sterk teenstander van segregasie: "Segregation, in the sense of an actual territorial seperation of the races, is neither possible in practice, nor, if it were, is it a policy on which the relations of the two races should be permanently based".[62]

Indien dit inhou dat die nie-blanke toegelaat moes word om steeds deel te hê in die industriële lewe, op die plase, in die myne en in ander beroepe, dan raak dit nie die probleme wat dit wil oplos nie. Hy sien geen maklike oplossing nie, dog reken "...it is fatal to a civilized race to live in daily contact with and in dependence on the services of an uncivilized subject race. If the civilized race is to safe itself, it must either put its subject and servient race away from it, or it must do what it can to raise that race in freedom, in civilization and in selfrespect". Omdat eg. uitweg, (segregasie, apartheid of aparte naasbestaan) nie moontlik is nie, moet die tweede aanvaar word, "in our own vital interest", wat sal inhou dat die blanke sy houding teenoor die nieblanke sal hersien, dat hy hom menslik sal behandel en die beskawing na hom sal bring op die gebied van die onderwys, die godsdiens en liggaamlike behoeftes. Die nie-blanke

---

58) Ibid, p. 225.

59) F.V. Morning Post, 17/7/09.

60) Jameson in The Star, 16/8/10.

61) Farrar in The Star, 5/9/10.

62) Duncan in 'n gepubliseerde pamflet, in The Star, 21/10/12.

> "must not be prevented by law or custom from raising to higher occupations when his powers enable him to do so".[63]

"The Star" noem hierdie verklaring van Duncan "most interesting" dog glo nie dat dit inslag sal vind as ŉ ernstige poging om die grondslae te lê vir ŉ wyse en versiende nie-blanke beleid nie, veral omdat "...the country is not

> ripe for a solution which involves so many obvious risks and immediate sacrifices, and offers no advantages that are not essentially speculative in character".[64]

Duncan doen aan die hand dat die industrieële stelsel van afhanklikheid van arbeid van buite bevry moes word,[65] terwyl Lionel Phillips, ŉ leidende mynmagnaat, verder gegaan het en nie-blanke arbeid deur blanke arbeid wou vervang:

> "....white men must recognise that they must be prepared to take their coats off, and to accept as their assistants - not the natives upon whom they relied today - but white boys".[66]

Die belangrikste verwikkeling t.o.v. die nie-blanke beleid in die tydperk onder bespreking was die Naturelle Grond Wet van 1913,[67] wat deur die toesegging van ± 10½ miljoen morg aan die naturelle-bevolking die eerste stap was in die rigting van gebiedskeiding tussen blank en nie-blank. Sir Thomas Smartt, wat intussen vir Jameson as leier van die Unioniste opgevolg het, was van mening dat daar nie nog so ŉ belangrike saak voor die parlement gebring is nie, dog maan tot versigtigheid en beskou die steun van die verligte nie-blankes as onontbeerlik, aangesien die toekoms van die land sal afhang daarvan of die nie-blankes die beleid ook

---

63) Ibid.

64) Hoofartikel, The Star, 21/10/12.

65) The Star, 21/10/12.

66) Volksraadsdebatte, eerste sessie (1910-11), kol. 1136.

67) Kruger: The age of the Generals, p. 63.

sal aanvaar en of hulle vertroue in die motiewe van die blankes sou hê.[68] Ook Walton steun gebiedskeiding in beginsel as hy raadpleging sien as 'n metode om agitators van gronde vir klagtes te ontneem, en was oortuig dat die nie-blankes, "...after full consideration, would willingly and

> voluntary accept the principle of divided areas in which the white men and the natives could be settled".[69]

Uit hierdie enkele aanhalings blyk dit duidelik dat die erns van die naturelle-probleem wel deeglik in hierdie tyd besef is, dog die menings wat daarop nagehou is, het horisontaal deur die party-politieke verdeling van die tyd gesny. Tot en met 1910 was dit veel eerder 'n koloniale as 'n nasionale kwessie, terwyl hierdie probleem in die jare daarna op die agtergrond geskuif is deur ander politieke vraagstukke, probleme met die werkersklas, en die Eerste Wêreldoorlog.

Hoewel daar ook by die Unioniste onderlinge verdeeldheid te bespeur was, kan hulle beleid oor die algemeen as liberaal gekenskets word, 'n beleid wat daarop gemik was om gelyke regte (met of sonder kwalifikasies) aan die nie-blankes te laat toekom. Enkele aanmerkings ten gunste van aparte naasbestaan verskerp die indruk dat dit ook wel as 'n oplossing vir die probleem beskou is, dog dat dit vir die Unioniste onuitvoerbaar en onprakties was en daarom nie aanvaar kon word nie. Die ekonomiese afhanklikheid van die nie-blanke en veral die feit dat, met uitsondering van die Naturelle Grond Wet van 1913, niks positief gedoen is vir die daarstelling en uitvoering van sodanige beleid nie, was tot 'n groot mate hiervoor verantwoordelik.

---

[68] Volksraadsdebatte, eerste sessie (1910-11), kol. 2539 en 2540.

[69] Ibid, kol. 3111.

## HOOFSTUK 7.

## "OPPOSISIE", 1910 - 1913.

Na die verwerping van die "fresh start"-en die "best men"-kampanjes deur genl. Botha, was die verhouding tussen die Unioniste en die Eerste Minister aanvanklik effens gespanne, en die Unioniste het in die eerste verkiesings alles in hul vermoë gedoen om Botha en sy party by die kiesers in diskrediet te bring. Daar is kwaai te velde getrek teen die beleidloosheid van die regering, terwyl Botha ook van swakheid beskuldig is en daar getoon is dat die werklike krag in die geledere van die regering geleë was in die "reactionary tail", waarvan persone soos Hertzog, Fischer en Sauer die leiers was, vasberade "to wag the Nationalist tail".[1)] Daar is gevoel dat daar slegs eenstemmigheid t.o.v. die rassegevoel was, en nie oor beginsels nie,[2)] en hierdie swakhede in die regering het Jameson in die verkiesingsveldtog tot die gevolgtrekking laat kom

> "...that the Prime Minister no longer leads, and that he had abandoned the role of leader and is being lead by the reactionaries".[3)]

Die mening is ook na afloop van die eerste verkiesings uitgespreek dat die enigste weg na 'n "fresh start" in die Suid-Afrikaanse politiek daarin geleë is dat die opposisie so sterk moontlik gemaak moes word om sodoende sy beleid af te dwing en nie slegs voor te stel ("suggest") nie.[4)] Dog reeds voor die verkiesing was dit al duidelik dat die Unioniste geen hoop op 'n oorwinning gehad het nie en as motief vir die stigting van die Unioniste Party is deur Jameson aangevoer dat dit die premier teen die "reaksionêres" in sy party moes help.[5)]

Hoewel die Unioniste in die verkiesings van 1910 alles in hul vermoë gedoen het om Botha in 'n ongunstige lig by die publiek te stel, sou hulle gou na afloop daarvan weer

---

1) Hoofartikel, The Star, 7/9/10.

2) FitzPatrick, in The Star, 7/9/10.

3) Toespraak te Wanderers, Johannesburg, in Kruger: Parties and Policies, p. 18.

4) Hoofartikel, The Star, 24/9/10.

5) Jameson te Wanderers, in Kruger; Parties and Policies, p. 18.

terugkeer na hul beleid van steun aan die regering. Die kanse dat die Unioniste in hierdie stadium of in die nabye toekoms die regering van die land sou oorneem, was uiters skraal, en hulle het dit besef, hoewel Jameson optimisties genoeg was en gehoop het dat hulle binne 'n paar jaar daarin sou kon slaag om die regeringsparty te laat verbrokkel en self die bestuur van die land oor te neem.[6] 'n Enkele ligpunt vir die apostel van "a fresh start" FitzPatrick, was dat 'n aantal Transvaalse lede van die regeringsparty hul spyt teenoor hom uitgespreek het dat daar nie in 1910 gehoor gegee is aan sy oproep nie.[7]

Die swak gesondheid van die leier van die Unioniste, dr. Jameson, het reeds in hierdie tyd groot kommer gewek, en dit was algemeen bekend dat hy glad nie so begerig was om langer in die politiek te bly nie.[8] Dit was duidelik dat Jameson, wat reeds vroeër uit die politiek wou tree, dog wat as samebindingsfaktor tog nog die leiding van die Unioniste in die eerste verkiesings op hom geneem het, nie meer lank aan die roer van sake sou staan nie, en dat hy hom in die nabye toekoms weens swak gesondheid aan die politiek sou moes onttrek. Hierdie wete het die opposisie in hierdie tyd nie tot voordeel gestrek nie want hulle het 'n sterk leier nodig gehad om by sowel volgelinge as teenstanders agting en respek af te dwing.

Ten spyte van goeie verwagtinge oor die toekoms van die nuwe eenheidstaat en van die beloftes van samewerking tussen die Unioniste en die regering, het daar gou na Uniewording 'n verbete stryd tussen die twee blanke bevolkingsgroepe uitgebreek, 'n stryd met die wedersydse oogmerk van beskerming, handhawing en uitbouing van die een taal, kultuur en ras - 'n strewe wat noodwendig met die ideaal van die ander groep sou bots en ten koste daarvan moes geskied. Hierdie stryd het veral gewoed op die gebied van die onderwys en die taal, asook i.v.m. die kwessie van Suid-Afrika se verhouding tot die Britse Ryk.[9] Verder het dit gewoed nie net op parle-

---

6) Sien Colvin: Jameson II, p. 298.

7) F.V.: FitzPatrick aan Hawk (afskrif), 10/3/11.

8) Ibid. Sien ook Colvin: Jameson II, p. 304.

9) Sien hoofstukke 4 en 5.

mentêre vlak nie, maar ook en veral in politieke toesprake op politieke vergaderings en in die openbare pers. Uniewording was ook op politieke gebied 'n prikkel tot deelname aan die politiek van al die provinsies, aan daardie dinge wat voorheen as die aparte besit van elke kolonie beskou is. Die eerste aantal jare na 1910 is deur 'n byna oordrewe belangstelling van publiek sowel as die pers in politieke sake gekenmerk.

Die rassestryd in hierdie tyd is veral tussen die Unioniste as verteenwoordigers van die Engelssprekendes en Hertzog, die kampvegter van Afrikaans gevoer. Botha en Smuts met hul konsiliasiepolitiek het 'n soort tussenposisie tussen die twee uiterstes, beklee, 'n posisie wat steeds meer en meer vir die Engelssprekendes aanvaarbaar geword het namate die stryd teen Hertzog in felheid toegeneem het. Hierdeur het die kloof tussen Hertzog en Botha en tussen hul ondersteuners ook steeds wyer geword.

In die geledere van die Unioniste het die skynbare onvermoë om te opponeer ontevredenheid begin uitlok. In sy private korrespondensie [10] moes FitzPatrick die swakheid van sy party erken, asook die feit dat Jameson die enigste samebindende faktor in die geledere van die Unioniste was. Hy kom tot die gevolgtrekking:

> "In the present Parliament we are not the alternatives. We had far better recognise the truth which is that we are not the Progressive Party that is going to run this country. We are only the founders of it...When all is said and done Botha (with his people and Smuts and Hull) is a long way the best of the crowd".

Hy toon aan dat Botha se houding in vraagstukke soos die onderwys, verdediging, progressiewe landbou, Imperiale verhoudings en industriële ontwikkeling die regte houding is, en aangesien regering deur hulle party vir die huidige parlement altans, buite die kwessie is, wys hy daarop dat die weg wat Jameson ingeslaan het, die beste onder omstandighede is:

> "As long as we can not do better than Botha, the wiser course is to help him there and Merriman out...I heartily support Jameson's line of making the best of Botha for the present. In spite of all his lapses and misdemeanours he is inclined to a progressive

---

10) Ontwerp-omsendbrief in FitzPatrick-versameling, ged. 3/3/11.

and developing policy as against Merriman's narrow economising and playing up to the reactionaries; and therefore doing our work and helping to secure our aims to some extent".[11]

Jameson self was van mening dat ŉ Unionistiese regering nie in die eerste sitting beter sou gevaar het as Botha nie.[12]

Die steun van die Unioniste aan die regering is in hierdie tyd dus bepaal deur die besef dat nie hulle nie, maar Merriman of een van die ander "radikales" die regering sou saamstel indien Botha tot ŉ val gebring sou word. So ŉ stap sou "lasting disgrace" vir die leiers van die Unioniste en "misfortune" vir Suid-Afrika as ŉ geheel tot gevolg hê; in die huidige politieke bedeling is Botha die enigste aanvaarbare leier, en deur hom te steun in vooruitstrewende maatreëls het die Unioniste hul belofte van 1910 nagekom.[13] Phillips en ander leiers van die party was van mening dat hierin volhard moes word as die enigste weg tot voorspoed en eenheid,[14] veral aangesien dit vir die Unioniste duidelik was dat Botha geneig was om na die reaksionêres oor te leun. In hierdie verband het die handhawing van die O.V.S.-Onderwyswetgewing vir ŉ tydjie na die aanvaarding van die verslag van die gekose komitee[15] die vraag laat ontstaan of Hertzog ook sou triomfeer m.b.t. sake soos immigrasie, die plasing van setlaars op plase en die staatsdiens.[16] Dit alles het daartoe gelei dat die Unioniste dit as hulle plig beskou het, "stronger than any obligation to 'oppose' and 'discredit' the Government", om die regering te steun teen die "Backveld" en sodoende "to render the truimph of Hertzogism in any shape or form absolutely impossible".[17]

---

11) Ibid

12) Jameson in die Volksraad, Sien Volksraadsdebatte, tweede sessie 1912, kol. 487.

13) Sien hoofartikels, The Star, 29/4/11 en 29/7/11.

14) Aangehaal in hoofartikel, The Star, 16/6/11.

15) Sien hoofstuk 4, p. 59.

16) Hoofartikel, The Star, 29/7/11.

17) Hoofartikel, The Star, 31/7/11.

Samewerking met die regering is dus geïnspireer deur die besef van die eie onvermoë om aan bewind te kom of om die beleid van die land te rig. In hierdie samewerking is die Unioniste deur die reaksionêre houding in die geledere van die regeringsparty gesterk, wat aan hulle voldoende rede en motiewe vir hierdie samewerking gegee het, die enigste manier waarop hulle kon hoop om hul doel te bereik.

Na die ontbinding van die eerste parlement het die leiers van die Unioniste, met die uitsondering van Jameson, wie se gesondheid dit nie toegelaat het nie, die land deurreis, byeenkomste toegespreek en die organisasie van die party, waarvoor daar nie juis geleentheid was voor die eerste verkiesings nie, op ŉ gesonde grondslag te plaas. Prominent in hierdie taak was veral manne soos Percy FitzPatrick, Patrick Duncan, Lionel Phillips en kolonel Crewe. Die beleid van die Unioniste is oral op hierdie vergaderinge uiteengesit en verdedig, en daar is gewys op die feit dat die Unioniste vir alle dele van die bevolking sou werk, dat dit gebaseer is op die gees van die Uniegrondwet en dat hulle die vooruitgang van die land nastreef.[18]

Vroeg in 1911 het die registrasie van kiesers met die oog op die opstel van ŉ nuwe kieserslys plaasgevind, en die Unioniste het alles in hul vermoë gedoen om soveel moontlik lede te registreer. Vir die doel is daaglikse oproepe in die pers gedoen, terwyl W.T. Lee, die sekretaris van die party in Transvaal, prominent in die saak was deur middel van ŉ artikelreeks in The Star.[19] In hierdie registrasieveldtog is veral klem gelê op die feit dat hierdie nuwe kieserslys die aantal setels van die provinsies sou bepaal (daar was goeie rede om aan te neem dat die Rand ŉ hele aantal addisionele setels sou bykry wat die kanse van die Unioniste aansienlik sou versterk),[20] en ook is die Unioniste opgewek om sodoende te waak teen die "...already overpowerful agrarian party in the Union Parliament".[21]

---

18) Verslag van toespraak van Phillips te Yeoville, in The Star, 6/9/11.

19) Sien bv. The Star, 16/9/11, 19/9/11, 6/10/11 en 10/10/11.

20) Sien hieroor hoofartikels, The Star, 30/5/11 en 6/9/11, asook toespraak van Phillips te Yeoville, The Star, 6/9/11.

21) Hoofartikel, The Star, 14/3/11.

Geleidelik het die houding van die Unioniste se leiers t.o.v. samewerking met die regering 'n verandering begin ondergaan, en wel onder druk van die openbare mening in die geledere van die party. FitzPatrick, wat Jameson se beleid heelhartig gesteun het, het egter ongemaklik begin voel aangesien hy voorsien het dat die beleid van steun aan Botha, indien dit te ver gevoer sou word, hulle sonder 'n tevrede ondersteuner sou laat, en hy het gevolglik ook aan Jameson voorgestel "...something to warm Botha & Co.".[22] Aan sy vrou het hy sy veranderde houding soos volg geskets: "I

> want to go for them on the points that are clearly wrong, as I feel sure that Botha is lying and double-dealing just as he did over Chinese labour and over the Fresh Start - and indeed on every question on which there is a diversion of opinion and he has to get votes".[23]

Daar was in baie kringe 'n behoefte aan 'n aggressiewe houding van "smashing opposition and exposure and criticism",[24] dog dit het egter nie die goedkeuring van Jameson weggedra nie,[25] met die gevolg dat die Unioniste ten opsigte van hul verhouding tot die regering in 'n uiters moeilike situasie was. Deur Botha onder alle omstandighede te steun, veroorsaak slegs wantroue in eie geledere, dog om iets te red en om die "reaksionêres" op hul plek te hou, is steun aan die regering weer die enigste logiese weg.

Die afskeid van die uittredende ere-sekretaris van die Party, mnr. A.E. Balfour, in September 1911, was die geleentheid vir 'n groot Unioniste-demonstrasie. By hierdie geleentheid het sowel Quinn as Phillips die gees en optrede van die opposisie geloof en verdedig, en Quinn was van mening dat "The next best thing to being in power, was to be sufficiently strong to make the party in power do the right thing".[26]

---

22) F.V.: FitzPatrick aan Lady FitzPatrick, 25/2/11.

23) Ibid.

24) FitzPatrick se uitdrukking, aangehaal in Wallis: a.w. p. 166.

25) Wallis: a.w., p. 170.

26) Toespraak van Quinn, in The Star, 21/9/11.

Phillips het weer verwys na die onenigheid in die geledere van die regeringsparty en het dit as sy oortuiging uitgespreek dat die hoop van Suid-Afrika geleë was in die bekering van mense aan die ander kant.[27]

Balfour, wat binnekort na Engeland sou vertrek, het egter nie so sterk gevoel oor hierdie sentiment van samewerking met en bekering van die ander kant nie, en het as afskeidsgedagte aan die hand gedoen dat daar halt geroep word op die ingeslane weg. Vir hom het sukses opgesluit gelê in 'n optrede van

> "hammering away at the Government and making the Government as sorry for its deeds as, according to all principles of party government, that Ministry should be sorry".[28]

Hy gaan selfs sover om te sê dat daar vir die Unioniste niks beter sou wees as dat die "reaksionêres" (Hertzog en sy mense,) aan bewind sou kom nie aangesien dit "every right minded men" na hulle toe sou dryf. Hy ontken beskuldigings dat die Unioniste Party 'n party van magnate en huurlinge sou wees, dog erken dat hulle nog nie daardie eg-Suid-Afrikaanse "touch" besit nie vanweë hul verlede en noodgedwonge verbintenis aan die Engelse politiek.

Die houding wat hulle teenoor Botha en die regering moes inneem, het duidelik probleme aan die Unioniste verskaf. Die twiste in die kabinet wat egter vir Richard Currie, 'n goeie teken, aangesien dit dan die aanbreek van 'n Unionistebewind sou verhaas,[29] terwyl gevoel is dat die onenigheid in die regeringsparty slegs sou dien om die Unioniste te verenig.[30] Selfs FitzPatrick het begin twyfel aan die eerlikheid van die motiewe van Botha, [31] hoewel hulle steun vir wetgewing in belang van die land steeds aan die regering beloof is.[32]

---

27) Ibid.

28) Ibid.

29) Verslag van toespraak van Richard Currie op die Jaarvergadering van die Transvaalse Algemene Raad van die Unioniste Party, in The Star, 24/10/11.

30) Verslag van Vere Stent se toespraak, Ibid,

31) F.V.: Toespraak van FitzPatrick te Kimberley, uitknipsel van Diamond Field Advertizer, 7/11/11.

32) Verslag van toespraak van FitzPatrick te Braamfontein, in The Star, 14/11/11.

Op die tweede jaarlikse kongres van die Unioniste Party, wat op 19-21 November 1911 te Durban gehou is,[33] is die beleidloosheid en ontrou van die regering skerp aangeval. Dit was nadat Hertzog al hoe meer op die voorgrond begin tree het en sy opvattinge in die openbaar bekend begin maak het, opvattinge wat direk gebots het met dié van die Unioniste. Op genoemde kongres het Thomas Smartt, wat in die afwesigheid van Jameson as voorsitter opgetree het, verklaar dat die party geen vertroue in die regering kan hê om sy beloftes uit te voer solank Hertzog nog 'n lid van die kabinet bly nie.[34] Dit was duidelik dat dinge nou vir Botha na 'n kant begin beweeg het en dat hy in die nabye toekoms 'n keuse sou moes maak tussen die steun van die Engelssprekendes en die behoud van Hertzog in die kabinet.

Op die kongres is ook 'n resolusie aanvaar, wat lui:

> "...that the time has now arrived when the Unionist Party should adopt a policy of active opposition against the present Government".[35]

Dit het getoon dat die Unioniste 'n nuwe rigting begin inslaan het. Die kalmerende invloed en versoeningsbeleid van Jameson was blykbaar aan die afneem, en die nuwe houding en rigting het daarteenoor gestrook met die wense en begeertes van baie ondersteuners van die party, veral in Natal, wat baie toegeneem het a.g.v. die organisasieveldtogte deur manne soos FitzPatrick en Duncan in hierdie provinsie.[36] Deur hierdie resolusie te aanvaar is blykbaar gehoop om weer die steun van die ontevredenes te verwerf.

Op hierdie kongres is ook aandag gegee aan reorganisasie, en daar is besluit dat al die provinsies gelyke verteenwoordiging op die Uitvoerende Bestuur van die Party sou hê. Jameson is as leier herkies, Thomas Smartt as onder-president en kol. Crewe as ere-sekretaris en penningmeester.[37]

Vroeg in Desember 1911 het sir George Farrar, leier van die Unioniste in Transvaal en voormalige leier van die Progressiewe Party in hierdie provinsie, sy uittrede uit die

---

33) Vir 'n verslag van verrigtinge, sien The Star, 20/11/11.

34) Volgens The Natal Mercury, aangehaal in The Star, 22/11/11.

35) The Star, 20/11/11.

36) Ibid.

37) Ibid.

politiek aangekondig aangesien hy hom in die toekoms slegs op besigheid wou toelê. [38] Hiermee het die party een van sy grootste voorstanders van die verbintenis aan Brittanje verloor, ʼn man wat deur genl. Smuts beskryf is as "the great missionary of British principles".[39]

Die tussenverkiesing in die vakante kiesafdeling Georgetown, waar Farrar in 1910 daarin geslaag het om die minister van Finansies, H.C. Hull, ʼn neerlaag toe te dien, het op 24 Januarie 1912 plaasgevind. Aanvanklik wou gerugte dat sir Abe Bailey die setel vir die Unioniste sou betwis, en later weer mnr. Richard Feetham[40] dog met nominasiedag is maj. L.F. Allen genomineer om die saak uit te spook teen W.H. Andrews van die Arbeiders en R. Goldman van die S.A.P. Die nominasie van mnr. Goldman is beskou as ʼn set om die Unioniste se kanse te benadeel. [41]

Die uitslag van die driehoekige verkiesing, na ʼn warm verkiesingsveldtog[42], was "as unmistakable as it is disappointing and surprising":[43] Andrews het 1046 stemme op hom getrek teenoor die 726 van Allen en die 277 van Goldman.[44] Allerlei redes vir die neerlaag van die Unioniste is aangevoer, soos bv. swak organisasie aan eie kant, die persoonlike aanhang van Andrews, ens., dog daar moes erken word dat baie kiesers wel van die kant van die Unioniste na die Arbeiders oorgestap het.[45]

Die oorwinning van die Arbeiders was simptomaties van die groot vooruitgang wat hierdie party besig was om in die Suid-Afrikaanse politiek te maak, die resultaat van onstabiele arbeidstoestande veral aan die Witwatersrand.

---

38) Aankondiging van sy uittrede in The Star, 13/12/11.

39) Sien hieroor The Star, 13/7/10.

40) Feetham, ʼn ex-lid van die Kindergarten, was wel beskikbaar, dog weens geskille met die Uitvoerende Kommittee van die Party te Georgetown het hy hom aan die verkiesing onttrek. Sien brief van Feetham in The Star, 26/12/11.

41) Hoofartikel, The Star, 9/1/12.

42) Die sg. "Pick-handle Brigade" van ʼn mev. FitzGerald het ʼn prominente rol gespeel in die opbreek van politieke vergaderings. Sien hieroor The Star, 24/1/12.

43) Hoofartikel, The Star, 25/1/12.

44) Vir uitslag, sien The Star, 25/1/12.

45) Hoofartikel, Ibid.

In Unioniste-kringe is 'n dieperliggende rede vir die neerlaag gesoek en ook gekry, nie deur een van die leiers van die party nie, maar deur een van die aanhangers daarvan. "A candid critic" vat die redes vir die swak vertoning van die Unioniste mooi saam wanneer hy sê: "The Unionists,

> with the best of motives, harped too long on the strings of 'supporting Botha' and the 'Convention spirit"! ,

en baie van die ondersteuners van die party het nie hiervan gehou nie.[46)]

Die neerlaag van die Unioniste in die Georgetown-verkiesing was duidelik 'n vingerwysing vir die party dat daar 'n groot skroef los was, en dit sou kort hierna blyk dat die leiers van die party wel deeglik tot die besef gekom het dat hulle te lank geklou het aan die beleid van steun aan Botha. Immers, dit het reeds op die voorafgaande kongres van die party in Durban aan die lig getree. In 'n spesiale artikel reeks het Long die swakheid van die party toegeskryf aan swak organisasie sowel as gebrek aan entoesiasme en individuele toewyding deur die partylede.[47)]

Met 'n mate van trots kon The Star kort voor die aanvang van die tweede sessie van die parlement die houding van die Unioniste in die komende sitting skets: "The Unionists

> ...intend to direct their energies with a view to turning the Ministry out of office and assuming the reins of Government themselves".[48)]

Vir die eerste keer het die Unioniste nou 'n begeerte openbaar om die regering openlik te beveg en om self aan bewind te probeer kom. Dog waar hulle nie in 1910 daarvoor kans gesien het nie, en hulle in die afgelope twee jaar geen merkbare vooruitgang gemaak het nie, kan alleen tot die gevolgtrekking geraak word dat hierdie houding geïnspireer is deur die wete dat die voortbestaan van die party afhanklik was van 'n daadwerklike opposisie-optrede, om sodoende die ontevredenes in die party stil te maak.

Asof verontskuldigend wys Duncan in hierdie tyd daarop dat die Unioniste die regering in die afgelope sitting slegs

---

46) Brief van "A candid critic", in The Star, 30/1/12.
47) Sien bv. artikels "The creed of Unionism" in The Star, 13/8/12 en 17/8/12.
48) Hoofartikel, The Star, 10/1/12.

gesteun het wanneer sodanige optrede in belang van die land was; indien hulle soms te veel gesteun het, is dit beter so as dat hulle miskien te min gedoen het in belang van die land.[49]

Op die vooraand van die sitting het die party-koukus in ooreenstemming met die nuwe gees besluit op "...a policy

> of vigilant, and even hostile criticism, but without recourse to obstructive tactics".[50]

Daar is gevoel dat Botha sy kans gehad het om sy beleid, wat in baie gevalle ook dié van die Unioniste was , uit te voer, en nou sou die Unioniste hul tradisionele taak en optrede as opposisie hervat. Op 'n beskuldiging van Smuts dat hulle hierin sou afwyk van die tradisionele beleid van hul leier, Jameson, antwoord B.K. Long dat hul nuwe houding slegs die logiese uitvloeisel van die beleid van Jameson is.[51]

Die swak gesondheid van Jameson was 'n groot struikelblok in die weg van vervulling van sy rol as leier van die party. Reeds voor 1910 het hy al begin dink aan uittrede uit die politiek, dog met die beweging ten gunste van Unie en ook daarna was hy bereid om sy plek vol te staan. Hoewel sy ideaal vir 'n heeltemal nuwe begin op politieke gebied deur Botha verwerp is, het hy nog steeds voet by stuk gehou daarby, dog die besef moes geleidelik tot hom deurgedring het dat sy ideaal nie in sy tyd verwesenlik sou word nie. Sy swak gesondheid sou hom verplig om uit die politiek te tree.

Pas na die eerste parlementsitting is Jameson op advies van sy geneesheer na Engeland, waar hy laat deurskemer het dat hy uittrede oorweeg.[52] Inderdaad het die swak gesondheid van Jameson die prestige van die party benadeel, en selfs nie die waarde van sy persoon as samebindingsfaktor kon opweeg teen die diskwalifikasies wat sy onaktiwiteit as leier teweeggebring het nie. Selfs FitzPatrick het gevoel dat die Unioniste nou sonder die dienste van Jameson kon klaarkom, aangesien die beoogde reorganisasie van partye

---

[49] Duncan te Booysens, in The Star, 10/1/12.

[50] Besluit van Unioniste Party-koukus, in The Star, 30/1/12.

[51] Artikel oor Unioniste-beleid, in The Star, 12/1/12.

[52] Sien bv. Colvin: Jameson II, p, 300.

blykbaar nie meer sou plaasvind nie.[53] Jameson self, wat geen groot liefde meer vir die politieke lewe gekoester het nie, het begin insien dat die "incompetent self" (Jameson) deur die "competent you" (Smartt) vervang kon word. [54]

Aanvanklik was sowel die party as Smartt onwillig om Jameson te laat gaan. Aan die begin van 1912 het Jameson na Suid-Afrika teruggekeer vir, wat sou blyk sy laaste parlementsitting te wees. In die parlement het hy vir oulaas te velde getrek teen dit wat hy beskou het as strydig met die gees van die grondwet van die Unie, nl. die praktiese toepassing van taalgelykheid deur die regering en Hertzog in die staatsdiens en die onderwys. In Maart 1912 het Jameson aan die party voorgestel dat Smartt sy opvolger moes wees, sy bedanking is traag op 10 April aanvaar, dog dit was egter eers vroeg in Mei dat Jameson se definitiewe uittrede uit die politiek aan die publiek na aanleiding van ŉ berig van Reuter uit London, bekend geword het.[55]

Sowel in Suid-Afrika as in Engeland is groot hulde gebring aan sir Starr Jameson, wie se uittrede uit die politiek beskryf is as "an irreparable loss to the Unionist Party".[56] Daar sou moeilik iemand gevind word wat Jameson se plek sou kon inneem en sy skoene sou kon volstaan.[57] Botha het Jameson in die parlement geloof vir sy pogings tot die verkryging van eenheid en vir sy samewerking ter wille van vrede en vooruitgang in die land.[58]

Die rol wat Jameson in die Suid-Afrikaanse politiek gespeel het, is saamgevat in die uitdrukking "From Raider to Reconciler".[59] Dit is inderdaad merkwaardig dat dieselfde persoon wat in 1896 vir die berugte Jameson-inval verantwoordelik was, agt jaar later Eerste Minister van die Kaapkolo-

---

53) F.V.: FitzPatrick aan Hawk, (afskrif), 10/3/11. Ook Drummond Chaplin was dieselfde mening toegedaan. Sien Long: Drummond Chaplin, p. 169.

54) Jameson aan Smartt, aangehaal in Colvin: Jameson II, p.300.

55) Sien The Star, 9/4/12.

56) Hoofartikel, The Star, 10/4/12.

57) Hoofartikel, The Star, 11/4/12. Tog is oor die algemeen gevoel dat sir Thomas Smartt ŉ waardige opvolger vir Jameson sou wees. Sien verder kommentaar van "The Morning Post"(London), aangehaal in The Star, 10/4/12, asook hoofartikel, The Star, 10/4/11.

58) "Sir Starr's efforts, and particularly those of recent years, had contributed substantially to bring about union in South Africa. A modest manner and a readiness to co-operate took first place in his mind as against party politics..they were able to stand shoulder to shoulder when it concerned the happiness and prosperity of the country.." Botha oor Jameson in Volksraadsdebatte, 2de sessie 1912, kol. 1703 en 1704.

59) Hoofartikel, The Star, 11/4/12.

nie geword het, dit vir vier jaar lank gebly het en daarna, as leier van die Opposisie eers in die Kaapkolonie en later in die Unie, steeds die agting van selfs sy teenstanders afgedwing het. Deur sy verdwyning uit die geledere van die Engelssprekende bevolkingsdeel van die land is hierdie element se invloed nog verder verminder, en waar daar by die afsterwe van Rhodes niemand was om sy plek vol te staan nie, (selfs nie eens Jameson was goed genoeg hiervoor nie, sou dit ook nou die geval wees dat daar beswaarlik iemand gevind sou kon word wat die skoene van die voorstander van ŉ "best men"-regering sou kon volstaan.

Voordat hy die politiek in Suid-Afrika vaarwel toegeroep het, het Jameson weer eens sy geloof in die regering van die beste manne bevestig, en dit as sy eerlike mening uitgespreek

> "...that in future the most able men on that side and the most able men on this side should undertake the Government, irrespective of the old party distinctions which we hear so much of".[60)]

Hoewel dit duidelik was dat daar nie in die nabye toekoms enige hoop was op die verwesenliking van hierdie beleid nie, het Jameson steeds daaraan bly vaskleef as die beste vir Suid-Afrika. Hierdie houding van hom het hom in die laaste jare by sy eie mense aan gewildheid laat afneem, en selfs FitzPatrick, wat hom tot ŉ rukkie tevore nog heelhartig hierin gesteun het, het kritiek begin uitspreek teen Jameson se gematigde houding.[61)] Aan die einde van 1912 was Jameson egter nog vas oortuig daarvan dat Unie op ŉ nie-rassegrondslag gestig moes gewees het, vir hom "the only way to salvation" vir Suid-Afrika.[62)] Selfs na sy uittrede uit die politiek het hy belangstelling getoon en vir Smartt gedurig gemaan tot nouer samewerking met Botha:

> "We must frankly acknowledge to ourselves that our best alternative is...to choose Botha rather than the Merriman, Sauer, Hertzog combination, and hope for the inclusion of our people with Botha's immediate party".

En, indien dit gebeur, sou Smartt se grootste taak wees om ekstremiste soos FitzPatrick en Long in toom te hou.[63)]

---

60) Volksraadsdebatte, tweede sessie 1912, kol. 341.

61) Wallis: a.w., p. 170.

62) Colvin: Jameson II. p.306.

63) Jameson aan Smartt, aangehaal in Colvin: Jameson II, p. 306.

Met Farrar van die toneel af, was die logiese opvolger van Jameson as leier van die Unioniste Party sir Thomas Smartt, 'n knap politikus van Kaapland wat reeds in die dae van die Progressiewe Party van Kaapland getoon het waartoe hy in staat is. In April 1912 is hy verkies tot nuwe leier van die party. Botha het in die parlement sy gelukwensinge aan Smartt oorgedra en o.a. die hoop uitgespreek dat dieselfde gees van samewerking tussen hulle sou heers as tussen hom (Botha) en sy voorganger, ter wille van die verkryging van een ideaal, nl. een volk en nasie, en wel sonder die verlies van party-oorweginge.[64)]

Van Unioniste-kant is die hoop uitgespreek dat die party onder sir Thomas as leier tot volle kragsontplooing sou kom as "fighting machine".[65)] Tot dusver was die aanduidings dat die nuwe leier van die Unioniste Party, veral onder druk van openbare mening binne die geledere van sy party, die remme van die konsiliasie-wa sou probeer vasdraai en dat hy 'n daadwerklike opposisiebeleid sou probeer volg. Botha se gelukwensing aan Smartt het immers getoon dat samewerking moes geskied sonder dat daar die moontlikheid van formele samewerking in een nuwe party sou wees.

Die vernaamste politieke vraagstuk in die eerste twee jaar van Unie was die onderwys- en die taalkwessie, terwyl die verhouding tot Brittanje hiermee gelyk gestel kan word. In die stryd wat om hierdie vraagstukke ontbrand het, het die Unioniste veral te staan gekom teen 'n deel van die Afrikaanssprekende bevolking onder leiding van genl. Hertzog. Die botsing tussen hierdie twee groepe is in wese geïnspireer deur die drang na die handhawing van die eie volksgroep, -taal en -kultuur. Gaandeweg het hierdie stryd ernstige afmetinge begin aanneem en gedreig om 'n skeuring in die regeringsgeledere te veroorsaak.

Reeds sedert die samestelling van die kabinet het die Unioniste gewys op die verdeelde belange en verskil in beleid tussen die lede van die kabinet, dog veral tussen Botha as premier en sy minister van Justisie, genl. Hertzog. Aanvanklik het die Opposisie die tweespalt tussen die twee persone vir eie gewin probeer aanwend en was hulle van mening dat Hertzog se optrede hul eie posisie versterk het en 'n moontlike Unioniste-bewind nader bring as wat baie geneig

---

64) Volksraadsdebatte, tweede sessie 1912, kol.1704.

65) Hoofartikel, The Star, 11/4/12.

was om te dink.[66] Jameson self het gehoop dat hulle daarin sou slaag om 'n wig in die geledere van die regering te dryf, met die resultaat 'n Unionistiese bewind.[67] Verder is die mening uitgespreek dat die stryd om leierskap in die S.A.P. die toekoms van Suid-Afrika vir die volgende aantal jare sou bepaal.[68]

Die geskiedenis sou bewys dat dit inderdaad die geval was, en dat die verdere geskiedenis van Suid-Afrika tot vandag toe bepaal is deur die uitkoms van die stryd in die geledere van die regeringsparty van Botha.

In Julie 1912 het die verdeeldheid in die kabinet tot uitbarsting gekom toe Hull as minister van Finansies bedank het uit protes teen Sauer se optrede as Minister van Spoorweë.[69] Die Opposisie het nagelaat om hierdie voorval tot eie voordeel uit te buit en behalwe dat simpatie met Hull betuig is, is slegs 'n verklaring van die premier verlang oor die redes wat gelei het tot Hull se bedanking.[70] Hoewel dit nog nie die verwagte breuk veroorsaak het nie, het hierdie krisis Botha se invloed laat afneem in die guns van Hertzog en sy mense. Botha se houding, nl. om Hull te laat gaan en Sauer te behou terwyl Sauer as die skuldige beskou is, is as 'n stap terug na die retrogressiewes beskou, na die Fischers, die Hertzogs en hul Vrystaatse volgelinge, wat in werklikheid die regeringsmag in hul hande gehou het.[71] Duncan het gemeen dat Botha se konsiliasiepolitiek hiermee misluk het.[72]

---

66) The Pretoria News, aangehaal in The Star, 18/7/11. Sien ook Hoofartikel, The Star, 5/10/11.

67) Colvin: Jameson II, p. 298.

68) Hoofartikel, The Star, 29/8/11.

69) Hull het as rede vir sy bedanking aangevoer dat Sauer, as Minister van Spoorweë, nie vir hom (Hull) as Minister van Finansies asook die ander ministers geraadpleeg het by die uitvoering van sy beleid nie, en dat hy dus in stryd met art. 127 van die Uniegrondwet gehandel het. Vir bespreking van die hele kwessie in die Parlement, sien Volksraadsdebatte, tweede sessie 1912, kol. 2816 en 2855 e.v.

70) Ibid, kol. 2775 - 2778. Sien ook Neame: General Hertzog, p. 115.

71) Hoofartikel, The Star, 18/7/11.

72) Toespraak van Duncan, in The Star, 18/7/11.

Gaandeweg, soos die stryd in heftigheid toegeneem het, het Hertzog vir die Unioniste ɱ gevaar begin inhou daar sy optrede gedreig het om hul ideale in die wiele te ry. Hulle sou hom nou veel eerder buite die kabinet sien as daarbinne, en het by Botha begin aandring daarop.[73)]

Intussen het Hertzog sy sienswyses oor imperialisme met onvermoeide ywer begin verkondig en in die proses hom teen leiers van die Unioniste soos Smartt en kol. Byron gerig.[74)] Hierdie anti-imperialistiese houding van Hertzog het die Engelse verder teen hom in die harnas gejaag, terwyl ook Botha ongemaklik begin voel het oor die reaksie wat sy minister besig was om op te wek. In die tussenverkiesing in Albany, wat deur die uittrede van Jameson vakant gelaat is, sou die resultate van Hertzog se optrede duidelik aan die lig tree en dit sou vir Botha aanspoor tot optrede teen sy rebelse minister.

Die naam van Abe Bailey is weereens as ɱ kandidaat vir die verkiesing genoem, eers as ondersteuner van die Unioniste Party en later as ɱ Botha-man. Volgens ingeligte kringe sou Bailey Botha beskou het as "...working on the

> lines of Cecil Rhodes and sir Starr Jameson in bringing together Dutch and British.[75)]

Hierop het ɱ berig uit Grahamstad verklaar dat Grahamstad se kiesers nie bereid sou wees om sir Abe of enigiemand anders te aanvaar wat nie vir die Britse ideaal en Britse "fair play" sou staan nie; en geen ondersteuner van Botha kon hierop staatmaak solank Hertzog ɱ lid van die kabinet is nie.[76)] In hierdie tyd het Smartt ook kwistig gebruik gemaak van Hertzog se toesprake as roede op die rug van Botha.[77)]

Daar was weinig spore van die vroeëre samewerking tus-

---

73) Sien Long: Drummond Chaplin, p. 173.

74) Die groot aanleiding tot hierdie optrede van Hertzog was Botha se optrede in Londen tydens die Imperiale Konferensie, en sy verklaringe oor immigrasie, die Britse vloot en die verhouding tot Brittanje. Sien Walker; Lord de Villiers and his times, p. 496, asook Van den Heever, C.M.: General Hertzog, p. 146 e.v.

75) Berig uit Londen, in The Star, 11/10/12.

76) Ibid.

77) Sien bv. Long: Drummond Chaplin, p. 173.

sen die twee partye, en 'n gespanne atmosfeer het tydens die verkiesing geheers. Botha het persoonlik 'n besoek aan Grahamstad gebring om sy konsiliasiebeleid te verdedig en om die steun van die Engelssprekendes te werf, [78] dog hy kon nie daarin slaag om die skade wat Hertzog verrig het, ongedaan te maak nie. Die uitslag van die verkiesing was 'n klinkende oorwinning vir die Unioniste se kandidaat, mnr. F.J.W. van der Riet, oor William Espin van die S.A.P.[79]

> Die oorwinning van die Unionis-kandidaat is geloof as "...an emphatic condemnation alike of Hertzogism and of Botha, and as a decisive vote of confidence in the policy and leadership of the Unionist Party".[80]

In 'n oorwegend Engelsgeoriënteerde kiesafdeling sou dit miskien te veel gewaag gewees het om te beweer dat dit beskou kon word as 'n mosie van algehele vertroue in die beleid en leierskap van die Unioniste-party, dog dat dit Hertzogisme geheel en al verwerp het, kan nie betwyfel word nie; en met Hertzogisme ook vir Botha. Net soos in 1910 die geval was, met die onverwagte neerlae van drie ministers, w.o. Botha self, sou Botha ook nou vir Hertzog beskou as die oorsaak vir die swak vertoning van sy party in Grahamstad. Nêrens het dit duideliker geblyk dat hy besig was om sy Engelssprekende ondersteuners te verloor nie. Die bedanking van kol. Leuchars uit die kabinet het aan hom die geleentheid gegee om die fout wat hy in 1910 gemaak het, te herstel.

Hertzog se anti-imperialistiese houding en die toon van sy toesprake in hierdie verband het hom baie vyande onder die Engelssprekendes in Suid-Afrika besorg. Kolonel Leuchars, Natalse lid van die kabinet, het na die De Wildt-toespraak van Hertzog nie meer sy weg oopgesien om saam met Hertzog in dieselfde kabinet te dien nie, en het op 10 Desember 1912 sy bedanking as minister by Botha ingedien.[81] Om te red wat hy kon, het Botha by Hertzog aangedring om te bedank, dog Hertzog het by gebrek aan voldoende rede vir so 'n stap geweier, waarop Botha self sy bedanking as premier ingedien het. Hy is egter weer deur die Goewerneur-gene-

---

78) Neame: General Hertzog, p. 126.

79) Van der Riet het 1449 stemme op hom getrek, teenoor die 618 van Espin. Sien The Star, 11/12/12, vir uitslag.

80) Hoofartikel, The Star, 11/12/12.

81) Reeds voor die verkiesing het Smartt op Grahamstrad hierdie stap van Botha aan die hand gedoen. Sien Long: Drummond Chaplin, p. 173.

raal versoek om 'n kabinet saam te stel, en het dit ook gedoen, dog hierdie keer sonder sowel Hertzog as Leuchars.[82]

Hiermee was die breuk in die geledere van die Afrikaanssprekendes voltooi, en hiertoe het die stryd tussen die twee bevolkingsdele, soos verteenwoordig in Hertzog en die Unioniste, grootliks bygedra. Dit het gekom op 'n tydstip toe Botha se konsiliasiebeleid nie alleen gedreig het om in duie te stort nie, maar ook toe hy besig was om al hoe meer teenstand van die Unioniste uit te lok. Die uitsetting van Hertzog uit die kabinet sou in baie opsigte 'n keerpunt in die geskiedenis van Suid-Afrika blyk te wees, veral met betrekking tot die politieke geskiedenis van die land. Hiermee het daar 'n nuwe verdeling hom in die politieke struktuur van die land begin voltrek, 'n verdeling wat strenge eise aan die bestaande struktuur van politieke partye sou stel. Die nuwe bedeling sou ten nouste in verband staan met die Unioniste Party en sy voortbestaan in die Suid-Afrikaanse politiek.

Die krisis tussen Botha en Hertzog, sowel as die een wat gelei het tot die bedanking van Hull uit die kabinet, is deur FitzPatrick toegeskryf aan "Botha's false start on racial lines" in 1910,[83] en hy was van mening dat Hertzog 'n ernstige skeur in die geledere van die Afrikaners sou veroorsaak.[84] Hy waarsku egter dat Hertzog in staat is om Botha se regering onmoontlik te maak as hy slim te werk gaan.[85].

Deur die uitsetting van Hertzog uit die kabinet is die groot struikelblok (volgens die Unioniste) in die weg van samewerking tussen die Unioniste en die regering uit die weg geruim. In 1910 is Hertzog beskou as die oorsaak vir die mislukking van die onderhandelinge oor 'n "best men"-regering, terwyl Botha se weifelende houding in sake soos immigrasie, imperialisme en die onderwys ook aan die invloed van Hertzog en sy mense toegeskryf is. Die vraag was nou, met hierdie struikelblok uit die weg geruim, wat die houding sou wees van Botha sowel as die Unioniste t.o.v. die saak van moontlike samewerking.

---

82) Sien hieroor Neame: General Hertzog, p. 128, asook Kruger The age of the Generals, p. 68, Hancock: General Smuts, p. 353 e.v., en Van Heever: a.w., p. 149 e.v.

83) F.V.: FitzPatrick aan Nugent, 29/9/13.

84) Ibid.

85) Ibid.

Kol. Crewe was in sy skik met Botha se stap, wat deur hulle as voorwaarde vir hul steun geëis is, en het gemeen dat hulle nou aan Botha die geleentheid moes gee om hulle steun in die plek van Hertzog s'n te soek,[86] terwyl Fitz-Patrick voor die Unionist Party Club gewys het op die ooreenkomste in die beleid van die Unioniste en Botha.[87] 'n Londense korrespondent het samewerking tussen die twee groepe voorspel noudat die rassegevoel blykbaar uit die politiek verwyder is.[88] Drummond Chaplin was egter nog steeds van mening dat die breuk tussen Botha en Hertzog nie "genuine" was nie, en dat Botha dieselfde gevoelens as Hertzog deel, dog dit nie durf sê nie uit vrees dat hy die steun van die Engelssprekende Suid-Afrikaners sou moes verbeur.[89] In hierdie siening van hom het ongetwyfeld baie Engels- sowel as Afrikaanssprekendes gedeel.[90]

In die parlementsitting vroeg in 1913 het die Unioniste by monde van Smartt,[91] sterk daarop begin aandring dat Botha sy verklaarde beleid ten uitvoer moes bring en die Unioniste is opgewek om Hertzogisme met alle mag te bestry en om te streef na die verkryging van die regeringsmag.[92] Die feit dat Hertzog nog altyd lid was van die regeringsparty het sir Thomas Smartt laat sê:

> "...so long as that (the South African) party existed as it did, the government were paralysed from carrying out any legislation in the interes of the country".

Onder hierdie omstandighede hou Botha se nut as premier op om te bestaan.[93] Smartt het in die parlement die regering versoek om 'n nuwe verkiesing uit te roep.[94]

---

86) Crewe aan Chaplin, aangehaal in Long: Drummond Chaplin, p. 175.

87) Verslag van toespraak voor Unionist Club, in The Star, 20/1/13.

88) Berig uit London, in The Star, 14/1/13.

89) Long: a.w. p.171.

90) Ibid. p. 178.

91) Volksraadsdebatte, derde sessie 1913, kol. 2019 en 2020.

92) Ibid, kol. 2020 en 2021.

93) Ibid.

94) Volksraadsdebatte, Ibid, kol. 1730.

Die verhouding tussen Botha en Hertzog het egter steeds versleg, totdat dit in November 1913 by die jaarlikse kongres van die S.A.P. op 'n openlike breuk uitgeloop het.[95)] Hierdeur is aan die verdere eis van die Unioniste uiting gegee, en hoewel die openbare mening verantwoordelik was vir die verkondiging van 'n kragdadige beleid van opposisie teen Botha, was hiermee aan al die voorwaardes vir steun aan en samewerking met die regering voldoen. So het die Unioniste dan aktief meegewerk aan die breuk in die geledere van die Afrikaners op politieke gebied, 'n breuk wat van verreikende betekenis vir die verdere politieke geskiedenis van die land asook vir die toekoms van die Unioniste Party sou wees.

Teen die einde van 1913 het daar 'n belangrike gebeurtenis in die bestaan van die Unioniste Party plaasgevind, toe daar op 9 September in Johannesburg finaal oorgegaan is tot die stigting van 'n Jong Unioniste Vereniging.[96)] Reeds teen die einde van 1912 verskyn daar in die pers 'n brief van "A Young Unionist", waarin hy noem dat een van die verbasende eienskappe van die Unioniste Party is dat dit geen voorsiening maak vir of indruk maak op jong mans nie.[97)] Hy haal die party verder oor die kole daar dit altyd deur 'n klein groepie (en altyd dieselfde groepie) beheers word, en dat geen nuwe ondersteuners gewerf word nie. "Unionism

> concern itself too much with principles and too little with types, it appeals to reason, believing, rightly enough, that its policy is such as to commend itself to reasoning men".

Dog hulle vergeet egter dat daar by die stembus geen onderskeid getref word in verstandelike vermoëns nie.[98)]

Hierdie gevoel in die geledere van die Unioniste Party het daartoe gelei dat daar op 9 September 1913 die sg. Young Unionist Society gestig is, 'n vereniging wat homself in sy doelstellinge beperk het tot die sosiale en industrieële lewe.[99)] Die doel van hierdie beweging word gestel as

95) Van den Heever: a.w., p. 157.
96) The Friend, 10/9/13.
97) Brief, in The Star, 11/11/12.
98) Ibid.
99) Die beweging se beleid was gebaseer op die program van beginsels van die Unioniste Party. Sien The Friend, 10/9/13, vir beginsels, doel en konstitusie.

"...to unite and give effective expression to democratic opinion throughout South Africa, in regard to social and industrial legislation and the development of the resources of the country. These opinions will be formulated from time to time in the programme whose legislative accomplishment is a chief object."[100]

Lidmaatskap van die beweging was nie beperk tot die een geslag nie, maar oopgestel vir sowel mans as vroue, en in die eerste Uitvoerende Kommittee van die beweging het gedien mnre. Patrick Duncan, H.M. Meyler, A.G. Barlow, R. Feetham, A.E.O. Flaherty en A.C. Pollock.[101] Die program van beginsels van die Jong Unioniste is oorwegend ekonomies gekleurd en het te doen met allerlei ekonomiese en industrieële vraagstukke, terwyl dit immigrasie en die plasing van setlaars steun.[102]

Ten spyte van die aanwesigheid van genoemde figure in die jeug-beweging, sou dit nie ŉ groot rol in die party se bestaan speel nie en was dit bestem om gou van die toneel te verdwyn.

In ŉ groot mate is die stigting van hierdie beweging veroorsaak deur ontevredenheid met die Unioniste Party, en in hierdie opsig het mnr. C.P. Robinson, die lid vir Umbilo, as enigste uitweg gesien dat hulle "Young Unionists" wou word.[103] Die organisasie van hierdie beweging, wat sy eie konstitusie en politieke program gehad het, getuig ook van die feit dat dit feitlik ŉ politieke beweging op sy eie was. Of daar op hierdie oomblik behoefte aan so ŉ beweging bestaan het, veral met die Arbeidersparty ook op die toneel, sou die toekoms alleen kon bewys. Daar sou nie lank hiervoor gewag word nie.

---

100) Ibid.

101) Ibid.

102) Sien Program van beginsels, in The Friend, 10/9/13.

103) Sien hieroor verslag van Robinson se toespraak te Durban, in Friend, 23/8/13, asook Hoofartikels, Friend, 26/o/13 en 8/9/13.

# HOOFSTUK 8.

## 1914: 'n KRISISJAAR.

"...a period which, at times, seemed to threaten almost an eternity of gloom and suffering".[1]

Die jaar 1914 was in vele opsigte 'n krisisjaar. Buite die landsgrense is die ganse mensdom tot in sy fondamente geskok deur die wêreldstryd wat in Augustus 1914 ontbrand het na die sluipmoord op aartshertog Franz Joseph van Oostenryk. Binne 'n kort tydjie is al die grootmoondhede en ook baie kleineres in hierdie oorlog betrek en het die voorafgaande jare van internasionale spanning gekulmineer in die Eerste Wêreldoorlog.

In Suid-Afrika was daar reeds sedert die begin van die jaar woelinge en onrus. Die nuwe jaar is in werklikheid ingegaan onder die wolk van industriële woelinge as gevolg van die stakings op die Randse goudmyne, wat weer voortgespruit het uit ontevredenheid en stakings vroeër in Natal.[2] Die oorlog in Europa sou ook verder ingrypende en verreikende gevolge hê op 'n jong staat wat nog nie ryp genoeg was om al hierdie skokke te weerstaan nie. Ook vir die Unioniste Party sou 1914 in vele opsigte 'n krisisjaar blyk te gewees het.

Industriële onrus en woelinge het vroeg in 1914 uitgeloop op die uitroep van 'n algemene staking dwarsdeur die Unie.[3] Smuts was hierdie keer egter gereed en, vasberade om nie weer met hom te laat speel nie, het hy doelbewus opgetree, Krygswet op 14 Januarie 1914 afgekondig en met die hulp van die Unie-verdedigingsmag onder genl. De la Rey is die werkersopstand met die verlies van slegs twee lewens onderdruk.[4] Smuts, vasberade om 'n einde aan die onrus te maak, het egter verder gegaan en nege van die leiers van die stakings summier op 'n skip gelaai en gedeporteer in 'n stap wat beskryf is as "arbitrarily, secretly and in haste".[5]

---

1) Hoofartikel, The Star, 31/12/14.

2) Sien Hancock; a.w., p. 366 e.v.; asook Kruger: The age of the Generals, p. 74 e.v.

3) Kruger: a.w., p. 75, Hancock: a.w., p. 366.

4) Hancock: a.w., p. 368.

5) Ibid, p. 369, asook Kruger: a.w., p. 76.

Te midde van hierdie gebeurtenisse het daar op 7 Januarie 'n byeenkoms van genl. Hertzog en sy volgelinge te Bloemfontein plaasgevind, waar besluit is tot die stigting van 'n nuwe politieke party, die Nasionale Party.[6] Op sigself was dit 'n belangrike gebeurtenis, dog die stakings en die daaropvolgende gebeurtenisse het alles in hierdie tyd oorheers.

Die stakings van 1914 het 'n nasleep in die parlement gehad toe die optrede van die regering, in die persoon van Smuts, sterk onder skoot gekom het. Die deportasie van die leiers van die staking het in die besonder baie kritiek uitgelok, en die Vrywaringswet wat ingedien is om Smuts se optrede te beskerm is met hand en tand veral deur die Arbeiders se vier lede in die volksraad beveg. Ook enkele Unioniste en Hertzog en Merriman het die optrede van die regering gekritiseer en dit getoets aan die magte en bevoegdhede wat aan hom geskenk is deur die grondwet.[7]

Die optrede van die regering en van Smuts kon in werklikheid slegs geregverdig word deur die aanspraak daarop dat dit gedoen is in die belang van die hele volk en ter wille van die veiligheid van die land - volgens Botha die "highest law".[8] Smuts het gevolglik nie probeer om sy optrede voor die wet of die parlement te regverdig nie, maar het in 'n vyf uur-lange toespraak daarop gewys dat daar opgetree is in belang van die land, en dat die regering in hierdie geval opgetree het as die beste regter oor die openbare belang in sake van hierdie aard.[9]

In 'n stormagtige debat wat hierop gevolg het, het die Unioniste Party dit aan sy lede oorgelaat om volgens eie oortuiging te stem. Aanvanklik huiwerig om 'n standpunt in te neem, het die meerderheid van die party die regverdiging van sy optrede deur Smuts aanvaar en hiervolgens die wetsontwerp gesteun en Smuts se optrede goedgekeur. Smartt was wel gekant teen die wyse van deportasie, dog was nie bereid om te stem vir hul terugkeer nie uit vrees vir die gevolge van so s 'n stap.[10]

---

6) Kruger: The age of the Generals, p. 71; Van den Heever: a.w. p. 158 e.v.

7) Hancock: a.w., p. 370, asook Neame: General Hertzog, p. 163.

8) Hancock: a.w., p. 370.

9) Ibid.

10) Sir Thomas Smartt voor die Transvaalse Provinsiale Algemene Raad van die Party, in The Star, 17/4/14. Sien ook Hancock: a.w., p. 371.

Die standpunt wat Drummond Chaplin ingeneem het, nl. dat "...in that matter the Government was not merely a party Government, but the Government of South Africa",[11] die houding van die meerderheid Unioniste teenoor die hele saak gekenmerk het. Quinn, een van die vooraanstaande persone in die Unioniste se geledere, was bereid om die Huis te verlaat eerder as om teen die regering te stem, al was die deportasie van die leiers van die staking nie wettiglik geregverdig nie.[12] Crewe het die administrasie van krygswet deur die regering beskryf as "with sense and justice", terwyl die mislukking van die staking daaraan toegeskryf is dat Suid-Afrika nog nie gereed was vir Sosialisme nie.[13]

ŉ Klein minderheid in die Unioniste Party, waaronder o.a. persone soos Patrick Duncan, Jagger en Hugh Wyndham, was egter sterk gekant teen die deportasie.[14]

Die stakings vroeg in 1914 en die afloop daarvan, ook die reaksie wat dit in die parlement uitgelok het, was van groot betekenis op politieke gebied. Die optrede en houding van die regering het die Arbeidersparty, wat sedert 1907 min of meer na die kant van Botha geneig het, nou van die regeringsparty vervreem en die dag verhaas dat die Arbeiders gemene saak met die Nasionaliste sou maak.[15] In die toekoms sou die twee groepe steeds groter samewerking op politieke gebied toon, totdat dit in 1924 uitgeloop het op ŉ formele samewerking met die oog op die verkiesing.

Die woelinge vroeg in 1914 het verder ook die toenemende begeerte na samewerking tussen die Unioniste en die regeringsparty aan die lig gebring deur die steun van e.g. aan die Vrywaringswet, met uitsondering van die klousule oor die deportasie van die leiers, waar dit aan die Unioniste oorgelaat is om volgens eie oortuiging te stem.[16]

---

11) Drummond Chaplin, aangehaal in hoofartikel, The Star, 14/2/14. Sien ook Long: Drummond Chaplin, p. 184.

12) Volksraadsdebatte, vierde sessie 1914, kol. 142.

13) Crewe in die Parlement. Sien Volksraadsdebatte, a.w., kol. 151.

14) Round Table, vol. IV, nr. 15, p. 570.

15) Neame: General Hertzog, p. 164, asook Hancock: a.w.p. 371.

16) In die derde lesing het Duncan, Wyndham en Alexander bv. teen die wetsontwerp gestem. Sien Volksraadsdebatte, a.w. kol. 1108.

Die opposisie het hier nie geopponeer nie, maar die werklike opposisie het gekom van die kant van veral die Arbeiders, maar ook van Hertzog en Merriman.

Die stakings van 1914 en die gevolge daarvan het getoon dat die "rassevraagstuk" by wyse van verandering op die agtergrond gestoot is, en lede van albei taalgroepe is saamgegroepeer in 'n vraagstuk wat ten nouste in verband gestaan het met die ekonomiese wel en weë van die land. Hertzog was maar taamlik stil in hierdie tyd, en met hom tydelik van die toneel af, het die "rassefaktor" as basis vir verdeling en opposisie verdwyn en het die klem eerder op ekonomiese probleme geval. Van die veranderde houding getuig bv. die feit dat genl. De la Rey aan die hoof gestaan het van die mag wat die stakings moes onderdruk; enkele maande later sou hy standpunt inneem teen dieselfde regering wat hy hier so lojaal gedien het. "The Spirit of the Time" word gesimboliseer deur 'n spotprent van 'n Tommie en 'n Boer wat mekaar die hand oor 'n mynhoop heen reik,[17] terwyl The Star selfs berigte oor die stakings in Nederlands geplaas het.[18]

Die optrede van die verteenwoordigers van die Unioniste Party in die parlement het egter nie die goedkeuring van al hul ondersteuners weggedra nie. Die ontevredenheid word aangestip deur 'n briefskrywer, "Unioniste III",[19] wat dit "a matter of the greatest concern" noem dat die Unioniste Party en sy verteenwoordigers dit konstant nagelaat het om in die parlement die belange van die blanke arbeider in Suid-Afrika te beskerm. Die betrokke ontevredene was van mening dat dit van die grootste belang sou wees dat daar reorganisasie in die Unioniste Party moes kom indien die Unioniste die Vrywaringswet steun, wat in daardie stadium baie moontlik gelyk het. Hy pleit "...that the Unionist Party should be crystallised round new ideas, and a new party to be adumbrated by new men".

Hy wys daarop dat die ondersteuners van die party ontevrede begin word as gevolg van die skynbare onvermoeë van die

---

17) The Star, 21/1/14.

18) Sien hiervoor o.a. The Star, 20/1/14.

19) Brief van "Unionist III" in The Star, 9/2/14.

Unioniste om te opponeer, en kom tot die gevolgtrekking dat daar geen verskil is in die beleid van die huidige Unioniste en die van Botha nie. Hy noem die mislukking van die Unioniste Party in sy huidige samestelling as die vernaamste oorsaak vir die onstabiele toestande in die land, en eindig met die oproep: "The Unionist Party must be reconstructed".[20]

Die ontevredenheid met die beleid van die Unioniste Party, wat reeds in 1910 al teenwoordig was by manne soos veral Farrar en Chaplin, het steeds toegeneem. Die Provinsiale verkiesings in Transvaal, wat in Maart 1914 gehou is, sou aan die leiers van die Unioniste genoeg stof tot nadenke verskaf.

Ten spyte van aansprake in 1910 op die ooreenstemming van die Unioniste met die Arbeiders, het daar nooit juis 'n goeie verhouding tussen hierdie twee politieke partye bestaan nie, en tot 1914 was daar maar min sprake van samewerking. Die Arbeiders het hulle beroem op 'n "non-racial" karakter en het gesê dat hulle die rassestryd sou beveg waar hulle kon,[21] terwyl hulle verder teen die Unioniste as die verteenwoordigers van die mynmagnate in stryd verkeer het.[22] Die Unioniste het egter steeds gewys op die Arbeiders en het hulle probeer voordoen as die werklike verteenwoordigers van die arbeidersklas, en in die proses het hulle die aanklag van kapitalisme probeer ontsenu deur daarop te wys dat "In

> the Unionist Party the vote of the rich man was of no more value than that of the poor man".[23]

Die Unioniste het in 1910 ook die Arbeiders se neiging tot samewerking met die regeringsparty as 'n verbintenis met die

> "most retrogressive forces of the Union,", as "an unholy alliance"[24] veroordeel, terwyl FitzPatrick hulle

daarop gewys het dat hulle die Unioniste aanval net om hul onafhanklikheid te toon.[25] Duncan weer het die teenstand van die Arbeiders teen die Unioniste aan persoonlike motiewe toegeskryf.[26]

---

20) Ibid.

21) Verklaring van Arbeidersparty, aangehaal in hoofartikel, The Star, 19/7/10.

22) Sien hoofstuk 3, voetnoot 42.

23) Hoofartikel, The Star, 5/9/10.

24) W.T. Lee in artikelreeks, The Star, 30/10/10.

25) Te Johannesburg, toespraak in The Star, 13/12/11.

26) Te Johannesburg, toespraak in The Star, 10/1/12.

Die samewerking tussen die regering en die Arbeiders in 'n tussenverkiesing in Greyville het egter 'n verandering in die houding van die opposisie begin bewerkstellig. Cresswell se aanspraak daarop dat die Arbeiders die werklike opposisie was, is verwerp deur te wys op die houding van die Arbeiders t.o.v. die taalkwessie: "Labour blessed Compulsory Bilingualism and helped the Government to foist it on the country". Hoe kan dit dan nou gerym word: die opposisie help die regering?[27)]

Met hierdie beskuldiging is die rol wat die Unioniste in baie gevalle sedert 1910 gespeel het en die steun wat hulle aan die regering verleen het (as uitvloeisel van hul eie verklaarde beleid, nl. om die regering te help teen die reaksionêres binne sy eie geledere) nie in gedagte gehou nie. "Die Opposisie help die regering" het 'n boemerang geword.

Drummond Chaplin was van mening dat die Arbeiders vir hulself 'n te groot mag toeëin , en was oortuig dat die Arbeiders by die volgende verkiesing sou sien dat nie al die werkers hulle steun nie. Hy trek te velde teen die leiers van die Arbeiders as "professional politicians and identified with the officials of the trade unions".[28)] Die sukses wat die Arbeiders in hierdie tyd in 'n tussenverkiesing in die Commisionerstraat-afdeling van die Provinsiale Raad gehad het, is nie toegeskryf aan die ongewildheid van die Unioniste of die opkoms van die Arbeidersparty nie, maar enkel en alleen aan die steun van die grootste deel van die Joodse bevolking aan die Arbeider-kandidaat, mnr. Bernberg, wat van Joodse afkoms was.[29)] Dit was met hierdie verkiesing waar dit op een vergadering so ru daaraan toegegaan het dat die hoofspreker van die aand, FitzPatrick, nie sy toespraak kon hou nie. Die voorsitter, mnr. Mackie Niven, is herhaaldelik in die rede geval, en dit het later so erg geword en die skare het so geraas en voete gestamp dat sir Percy slegs een steek kon inkry, nl. dat die verstand van die Arbeiders in hul voete sit.[30)]

---

27) Hoofartikel, The Star, 12/7/12.

28) Voor die Vroue Unioniste te Troyeville, toespraak in The Star, 17/8/12.

29) Hoofartikel, The Star, 7/8/12.

30) Verslag van vergadering se verloop in The Star, 6/8/12.

Geleidelik het die skynbare "eendersheid" en ooreenstemming tussen die twee partye plek gemaak vir groot verskille, en hierdie verskille is in die 1913-sessie van die Unie-parlement duidelik aan die lig gebring. Cresswell het die steun van die Unioniste vir sy wantrouemosie in die regering gevra, met erkenning van die verskille met hierdie party. Hy het reguit gesê dat die Arbeiders en die Unioniste natuurlike opponente was, en Smartt het dit in ŉ tussenwerpsel toegegee.[31] Die Unioniste het nie ywerig aan die wantrouemosie deelgeneem nie, wat by Cresswell die indruk geskep het dat hulle nie juis begerig was om die regering te laat val nie. Dit skryf hy daaraan toe dat die Unioniste meer gedaan kry deur bemiddeling van die regering as waartoe hulle self in staat sou wees indien hulle sou regeer. "The fact of the matter" vir Cresswell, was, "that besides having a rotten Government, they had an absolutely contemptible Opposition".[32]

Met hierdie gespanne verhouding tussen die Arbeiders en die Unioniste as agtergrond en kort na die stakings en die onderdrukking daarvan deur genl. Smuts, het die verkiesings vir die Transvaalse Provinsiale Raad in April 1914 plaasgevind. Die uitkoms daarvan was ŉ groot oorwinning vir die Arbeiders, wat ŉ meerderheid (al was dit slegs met een setel) oor die S.A.P. en die Unioniste gesamentlik behaal het.[33] Die Arbeiders het veral aan die Rand en in Pretoria skouspelagtige opgang gemaak en die Unioniste en die S.A.P. in dié proses gevoelige neerlae toegedien. Dit lei geen twyfel nie dat die regering se optrede in die stakings hierdie merkwaardige sukses van die Arbeiders by die stembus veroorsaak het nie,[34] terwyl die swak vertoning van die Unioniste ook toegeskryf kan word aan die houding wat hulle in die hele kwessie ingeneem het en die steun wat hulle aan die regering in die Vrywaringswet gegee het.[35]

In Unionis-kringe is voorgegee dat die swak vertoning van die Unioniste geen verband hou met die beginsels en beleid van die party nie,[36] terwyl die Arbeiders se sukses

---

31) Volksraadsdebatte, derde sessie 1913, kol. 1915.
32) Ibid, kol. 2026.
33) Vir uitslag, sien The Star, 19/4/14.
34) Hancock: a.w., p. 371 en 372.
35) Calpin: a.w., p. 93.
36) Hoofartikels, The Star, 16/4/14, en 19/4/14.

toegeskryf is aan die besondere arbeidsomstandighede van die tyd en ook aan goeie en doeltreffende organisasie.[37] Die meteoriese verskyning van die Arbeiders aan die politieke lugruim sou egter slegs tydelik wees, en met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog en die daarmeegepaardgaande politieke ontwikkelinge is hierdie party weer op die agtergrond gestoot. Inmiddels het Hertzog en sy Nasionale Party geleidelik maar beslis opgang begin maak en sou dit kort voor lank ŉ politieke party wees waarmee deeglik rekening gehou moes word.

In die geledere van die Unioniste-Party het nou weer stemme van ontevredenheid oor die optrede en beleid van die party begin opgaan.[38] Hiervolgens het die "rank and file" van die party ŉ opposisie verlang,

> "...a real fighting and opposing force...representatives who will at all times act up to the principles and pledges advocated in election times".

Die skrif is aan die muur, daarvan getuig die uitslag van die pas-afgelope verkiesings,

> "...a vote of no confidence in the Unionist representatives in the Assembly in Cape Town".

Dan word pertinent die eis gestel:

> "The <u>British section</u> of the community want the <u>British ideals</u> realised and <u>the party representing them</u> will have to act accordingly".[39]

Dat die stemme van wantroue en ontevredenheid nie ongemerk verbygegaan het nie, en dat die uitslag van die Provinsiale verkiesings in Transvaal die leiers van die party wel deeglik tot onrus gestem het, blyk duidelik daaruit dat die Uitvoerende Komitee van die Unioniste Party vir die eerste keer sedert die stigting van die party die Algemene Raad van die Unioniste in Transvaal vir ŉ spesiale byeenkoms byeengeroep het vanaf 16-21 April. Op hierdie byeenkoms gehou in die Unionist Party Club in Johannesburg onder voorsitterskap van A. Mackie Niven, is retrospeksie gehou oor die pas-afgelope verkiesings en ook introspeksie om die moontlike redes vir die reeks swak vertonings en neerlae van die party te soek.[40]

---

[37] Round Table, vol. IV, nr. 15, p. 573.

[38] Brief van G.F. Taylor, in The Star, 20/4/14.

[39] Onderstreping deur die skrywer: hierdie uitlating karakteriseer die Unioniste Party baie duidelik.

[40] Verklaring uitgereik namens die Unioniste Party-kantoor Sien hiervoor The Star, 23/4/14.

Sake wat op hierdie byeenkoms veral skerp onder die soeklig gekom het, was die houding van die Unioniste t.o.v. die deportasies, die optrede van die verteenwoordigers in die parlement en die agteruitgang van die party. In 'n verklaring wat na afloop van die byeenkoms, deur die kantoor van die party uitgereik is, blyk dit dat baie afgevaardigdes aanvanklik skepties gestaan het teenoor die volksraadslede wat die deportasies gesteun het, dog dat hulle later van standpunt verander het. Die besluit van die Raad in hierdie verband was dat,

> "...being a party body, it should hesitate to pass an opinion regarding the voting of Unionist members of Parliament on a matter declared by the Unionist Caucus to be a non-party question".[41)]

Verder is gevoel dat die volksraadslede van die party nie die groot vraagstukke waarmee die party gemoeid was, goed genoeg aan die parlement en die kiesers voorgelê het nie, en die algemene gevoel was dat hulle meer moes geopponeer het. 'n Resolusie ten gunste van "more aggresive tactics" is toe deur die Raad aanvaar.[42)]

Die agteruitgang van die party is toegeskryf aan 'n gebrek aan genoegsame fondse, asook aan swak organisasie en propaganda. Daar is voorts besluit om 'n reeks Unionistiese demonstrasies aan die Rand en Pretoria te hou, en vir die doel is die sentrale Uitvoerende Komitee van die Party versoek om die algemene kongres so gou moontlik na die verdaging van die parlement in Johannesburg en nie in Kimberley nie, soos die oorspronklike plan was, te hou; voorts is voorstelle vir die effektiewe uitvoering van die doelstellings ingewag.

Op die byeenkoms is daar ook 'n komitee aangestel, bestaande uit die voorsitter en ere-sekretaris van elke afdeling aan die Rand en Pretoria, met die doel om

i) ondersoek in te stel na die metodes om effektiewe eenheidsoptrede in die parlement te bewerkstellig en om die plaaslike organisasie uit te bou;

ii) indien nodig, byvoegings by die beginsels van die Party te maak;

---

41) Ibid.

42) Ibid.

iii) in te gaan op die moontlikheid van die herstigting van die party op 'n federale basis.[43)]

Die meeste lede was sterk ten gunste van 'n beleid van "...closing the ranks and showing an united front", terwyl die hoop uitgespreek is dat die rekonstruksieskema die volksraadslede en die "rank and file on the Rand", tot voordeel van die party as 'n geheel, nader aan mekaar sou bring.[44)]

In aansluiting by die verklaring van die kantoor van die party sê The Star dat die sukses van die party in die nastrewing van sy doel geleë is in "...a programme sufficiently democratic and broad-minded to appeal to all classes and all Provinces in the Union", en hy maan die "more ardent" en "more impatient" veterans van die party om dit in ag te neem.[45)]

Uit die verrigtinge van hierdie byeenkoms blyk dit dus duidelik dat daar wel ontevredenheid en tweespalt in die geledere van die Unioniste was, en dat die waarskuwing van Unionist III nie in die lug gehang het nie. Deur die besluite op die byeenkoms is gehoop om die ontevredenheid uit die weg te ruim en om nuwe lewe aan die Unioniste Party te gee, dog die oorlog wat kort hierna in Europa losgebars het, sou baie van hierdie voornemens ongedaan maak.

Ongeveer 'n week na die byeenkoms van die Transvaalse Algemene Raad het Smartt 'n vroue-gehoor in Kaapstad verseker dat die party net so verenigd as in die verlede is, en dat hulle 'n besliste program het waaraan hulle sal vashou. Hy lê egter klem op die noodsaaklikheid van organisasie vir die party.[46)] Twee weke later herhaal hy dit en t.o.v. hulle steun aan Botha in die Vrywaringswet sê hy dat dit nie as 'n aanvaarding van Botha se hele beleid deur die Unioniste gesien moet word nie. Daar is baie verskille met die administrasie van die regering, wat deur die retrogressiewes in die regeringsparty gestrem word. En, waarsku hy: "This is no time to talk of coalition, but to be weary of absorption, which so many people unthinkingly desire to bring about".[47)]

---

43) Ibid.
44) Ibid.
45) Hoofartikel, The Star, 23/4/14.
46) Toespraak te Kaapstad, in The Star, 29/4/14.
47) Sien The Star, 29/4/14.

Die Unioniste Party, vervolg hy, staan in die "...most strenous opposition to the two-stream policy and the forces of retrogression and disorder in this country".[48]
Hierdie verklaring was duidelik gemik teen Hertzog en sy Nasionale party, en die toekoms sou dan ook toon dat die Unioniste hierdie groep die sterkste sou opponeer.

In dieselfde tyd spreek ook Duncan hom uit teen koalisie, wat volgens hom, slegs die uitwissing van die Unioniste as party sou beteken. Daar was vir hulle slegs een uitweg, nl. om by hul program te hou, en veral aan die drie hoofidees, nl. die Imperiale konneksie, die plasing van geskikte bevolking op die plase en in die derde plek om ŉ vreedsame en permanente oplossing vir die industriële probleme te verkry.[49] Die invloed van die stakings en onrus onder die arbeiders in die land word duidelik aangetoon in die klem wat nou op die derde punt gelê is, en die Unioniste sou hulle steeds beywer om verlore prestige onder hierdie deel van die bevolking te herwin.

Die noodsaaklikheid tot hervorming en organisasie in die party het in hierdie tyd tot gevolg gehad dat die Jong Unioniste beweging, wat sterk sosialisties gekleurd was, ontbind het, aangesien daar gevoel is dat hierdie beweging nie meer aan sy doel beantwoord nie en slegs ŉ struikelblok in die weg van die Unioniste Party is. Hierdie ingrypende besluite is geneem op ŉ vergadering wat op Vrydagaand 8 Mei 1914 in Johannesburg gehou is.[50]

Die byeenkoms is gereël met die oog op die bespreking van die wenslikheid en wysheid van die voortbestaan al dan nie van die beweging wat pas agt maande tevore gestig is.[51]
Die leier van die Jong Unioniste, mnr. Duncan, het die byeenkoms per brief in kennis gestel dat hy hom van die beweging onttrek, en as rede vir hierdie stap voer hy aan dat die vereniging se voortbestaan ŉ struikelblok is in die weg van eenheid en krag in die party, terwyl dit ook die uitdra van die beginsels van die party in die wiele ry. Ook Feet-

---

48) Ibid.

49) Sien hiervoor The Star, 13/5/14.

50) Vir verslag van verrigtinge, sien The Star, 9/5/14. Hierdie byeenkoms was oopgestel vir die publiek, en tydens stemming kon almal teenwoordig hul stemme uitbring, tot verontwaardiging van sommige lede van die beweging.

51) Sien Hoofstuk 7 p.107 vir die stigting van die Jong Unioniste beweging.

ham het nie die vergadering persoonlik bygewoon nie, maar per brief laat weet dat die lede van die vereniging by die ontbinding daarvan hul kragte meer effektief in diens van die party as n geheel kan ingooi.

n Stormagtige bespreking is gevoer. Mnr. David Pollock, wat die voorsitterstoel ingeneem het, het n voorstel tot die ontbinding van die Jong Unioniste gemaak vanweë die aanhoudende teenstand van die leiers van die party teen die beweging, en ook vanweë die feit dat al hul pogings om die party te beweeg om sy beginsels in die praktyk te verwesenlik, sonder enige sukses was. Duncan veral is kwalik geneem oor sy optrede en harde woorde is die Unioniste Party toegevoeg. Pollock was van mening dat die party in elke beleidsvraag misluk het en dat die party se basis die rassevraagstuk was. Ook Arthur Barlow trek te velde teen die behandeling van die Jong Unioniste deur die Unioniste Party, teen die outokratiese optrede van Jagger, "the commercial magnate", in die Kaap, teen die "eminent landsettler - Colonel Byron, and the eminent philanthropist - sir Lionel Phillips".[52)]

Barlow sowel as Pollock het hul voorneme om uit die party te bedank, te kenne gegee, en Barlow was van mening dat "...it was better to be in the wilderness with their principles than to be in the party without it". Hy vergelyk die Unioniste Party dan met n muil: sonder hoop op n nageslag. Die land gaan agteruit weens die onvermoë van die party om die regering te opponeer, en ook Smartt loop deur onder die skerp tong van Barlow:

> "The only asset that sir Thomas Smartt ever had was the British flag, and now he had handed it over to mr. Cresswell".

Hy sê dat dit die plig van die Unioniste teenoor die regering was om dadelik daarmee saam te smelt aangesien daar geen verskille tussen die twee groepe was nie. Die pogings om die party van binne te hervorm, som hy,-te midde van gelag - soos volg op:"...it was impossible to give artificial respiration to a corpse".[53)]

---

52) Ibid.

53) Ibid.

Hoewel die Jong Unioniste nie ŉ groot beweging was en nie juis baie invloed uitgeoefen het nie, (dit het buitendien nie lank bestaan nie), was die ontbinding daarvan en die bedanking van ŉ aantal vooraanstaande lede ŉ simptoom van die ontevredenheid wat daar in die geledere van die Unioniste geheers het. Byna sonder uitsondering was die oorsaak van hierdie ontevredenheid die samewerking van die opposisie met die regering en die onvermoë om daadwerklik te opponeer. In werklikheid het die Unioniste steeds nader en nader aan Botha en sy mense beweeg, tot groot misnoeë van die uiterste Engelsgesindes in hulle geledere. Net soos Botha in die oë van Hertzog en sy volgelinge ontrou geword het aan die saak van die Afrikaners, so het die leiers van die Unioniste in die oë van sekere volgelinge begin om die belange van die Britse Ryk op die altaar van konsiliasie en samewerking te plaas. ŉ Hergroeperin g was besig om hom in die geledere van albei taalgroepe te voltrek, en die Unioniste het ernstige verdeeldheid en ŉ moontlike skeuring in die vooruitsig gestaar. Die Eerste Wêreldoorlog, die rebellie en die optrede van die Botha-regering in hierdie tydperk sou dit egter voorkom en die grond vir die verdeeldheid in die geledere van die Unioniste verwyder.

In Julie 1914 het die komitee wat in April op die byeenkoms van die Transvaalse Algemene Raad van die party aangestel is, met ŉ voorstel gekom vir die stigting van ŉ beweging wat die doelstellinge van die Unioniste party sou propageer en in die regte lig stel.[54] Dit is veral gedoen onder die besef dat die Arbeiders vasberade was om die huidige ekonomiese struktuur te vernietig en hierdie stap is gevolglik teen die Arbeiders sowel as teen Botha gerig. Hierdie liggaam, wat die naam "Unionist Five Hundred" sou dra, sou in vyf of ses seksies verdeel word, onder toesig van die Provinsiale Uitvoerende Bestuur, en sou as doel hê

> "...to promote good fellowship and comradeship not alone on a political basis, but on a social basis also".[55]

Die stigting van hierdie "Unionist Five Hundred" het op 31 Julie 1914 in Johannesburg plaasgevind, toe ŉ sub-

---

54) Berig oor bevindinge van kommittee, in The Star, 17/7/14.

55) Ibid.

komitee[56] saamgestel is om die onderneming van stapel te stuur op grond van ŉ mosie van Richard Feetham.[57] Dr. W.F.T. Davies het dit as hulle plig beskou om

"Missionaries who would preach the political gospel" uit te stuur om die honderde slapende of sterwende Unionissiele op politieke gebied op te wek,[58] en daar is vervolgens daarna gestreef om persoonlike kontak met die partylede te behou deur o.a. "political picnics" by naburige stede en dorpe te hou.[59]

Volgens sy doelstellings en beleid was die "Unionist Five Hundred" dus ŉ beweging op dieselfde model as die eksklusiewe "Womens Unionists"[60] en ook die "Unionist Party Club".[61] Deur die werksaamhede van hierdie beweging is probeer om ŉ duidelike, ware beeld van die Unioniste beleid aan die publiek te gee[62] en J.W. Quinn het dit dan ook beskryf as "...the rising sun of the Unionist Party".[63] Mnr. C.L. Botha, die enigste Unionis-L.V. in die Vrystaat, het dit beklemtoon dat die beweging ŉ breë basis moes hê en dat dit moes toon dat dit nie vyandiggesind is teenoor die Afrikaners nie; en vir lede van sy party het hy ŉ les as hy daarop wys dat hoewel hulle almal lede van die Ryk is, nie almal van Britse afkoms was nie. Wanneer hulle dit goed besef en dit uitlewe, behoort baie Afrikaners die Unioniste Party te steun.[64]

Op hierdie byeenkoms het sowel C.L. Botha as Duncan weer eens te velde getrek teen koalisie, wat die verdwyning van die Unioniste Party tot gevolg sou hê.[65].

---

56) Die komitee het bestaan uit Dr. W.T.F. Davies, Richard Feetham, Richard Currie, T. Rodger, C. Row en D. Anderson. Sien The Star, 1/8/14 vir verslag van verrigtinge.

57) Die mosie het gelui: "That the Unionist Five Hundred shall be formed on the basis of the draft constitution submitted of men willing to assist in spreading knowledge of the Unionist platform and principles and obtaining such political support as will enable such principles to be translated into legislation". Sien The Star, 1/8/14.

58) The Star, 1/8/14.

59) Sien The Star, 17/7/14.

60) Sien hierbo, hoofstuk 2. p. 36.

61) Ibid.

62) Hoofartikel, The Star, 31/7/14.

63) Verslag van verrigtinge in The Star, 1/8/14.

64) Ibid.

65) Ibid.

So het die Unioniste dan die wortel van die kwaad in die geledere van die party probeer uitwis met politieke uitstappies, gesellige byeenkomste en politieke debatte. Die oorlog en die rebellie sou vir die verdere voortbestaan van die party en vir sy beleid van groot betekenis wees.

---

Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog en die toetrede van Brittanje tot die stryd, het die vraag na die verhouding van Suid-Afrika tot die Britse Ryk en sy optrede in die oorlog nie net sterk op die voorgrond getree nie, maar het dit praktiese politiek van die dag geword. Die verhouding tot Brittanje was reeds sedert Uniewording 'n seer plek in die beleid van die politieke partye en het in 1912 die direkte aanleiding tot die uitlaat van Hertzog uit die Botha-kabinet verskaf. Op sy beurt weer het hierdie stap gelei tot die stigting van die Nasionale Party in 1914. Suid-Afrika was verdeeld, vier jaar na Uniewording, en te midde van hierdie verdeeldheid het die vraag na Suid-Afrika se verhouding tot Brittanje en die oorlog weer sterk op die voorgrond getree.

Konstitusioneel was daar vir die Unie, as deel en lid van die Britse Ryk, geen ander uitweg as om ook in die stryd betrek te word indien Brittanje daaraan deelneem nie. Hierdie feit is deur die meerderheid Engelssprekendes in die land as vanselfsprekend beskou,[66)] terwyl Botha as uitvloeisel van sy konsiliasie beleid in die vyande van die Britse koning die vyande van die Unie gesien het.[67)] Die lang grenslyn van die Unie aan Suidwes-Afrika, wat aan Duitsland behoort het, en die strategiese waarde van hierdie gebied vir die vyand, het die moontlikheid en wenslikheid aan neutraliteit origens uitgeskakel.

As gevolg van hierdie beskouing, maar tog onrustig oor wat die moontlike gevolge sou wees as Suid-Afrika wel aan die oorlog deelneem, het Botha die Imperiale troepe in Suid-Afrika vrygestel en onderneem om vir die Unie se eie verdediging te sorg. Brittanje het Botha versoek om militêre veldtogte in Suidwes te onderneem, en hoewel Botha aanvanklik

---

66) Kruger: The age of the Generals, p. 80.

67) Nie net die Unioniste nie, maar ook die Engelssprekende volgelinge van Botha was ywerig en begerig om tot die stryd toe te tree. Sien Kruger: Age of the Generals, p. 81.

huiwerig was, het hy na 'n tweede en dringende versoek tog ingewillig,[68] en daarmee het die deelname van die Unie aan die oorlog sy defensiewe karakter verloor en 'n offensiewe kleur aangeneem. Hierdie optrede het baie teenstand van die kant van die verkondigers van 'n beleid van neutraliteit in oorlogstyd uitgelok.[69]

In 'n stormagtige debat in die parlement is die regeringsoptrede met die steun van sowel die Unioniste as die Arbeiders goedgekeur, met 'n meerderheid van 92 stemme teenoor 12, hoewel dit nie juis 'n duidelike beeld van die gevoel van die volk oor die saak gegee het nie.[70] Gebeurtenisse kort hierna sou dit deeglik bewys.

Waar die oorlog in Engeland bv. groter eenheid ten gevolge gehad het, sou daar presies die teenoorgestelde in Suid-Afrika die geval wees. Die verdeeldheid oor die kwessie van Suid-Afrika se deelname aan die oorlog het diep gegryp in die verhouding tussen die verskillende partye en die verskillende bevolkingsdele.

Aan die een kant is partyverskille in 'n groot mate deur die oorlog uitgeskakel, want die Unioniste sowel as die Arbeiders het hul steun aan Botha en die regeringsoptrede gegee, en die twee partye het nou saamgestaan waar hulle enkele maande tevore nog in hewige verkiesingsbotsings betrokke was. Die Engelstaliges in Suid-Afrika was dit eens met Botha se mening, nl. dat Suid-Afrika outomaties en onvermydelik in die oorlog betrek is. Hoewel die mening gelug is dat so 'n deelname slegs defensief moes wees,[71] was daar ook tog 'n gevoel by hierdie mense om as vrywilligers aktief deel te neem aan die verdediging van die Ryk.[72] Die koers wat Botha en Smuts - reeds onafskeibaar in hul politieke optrede - ingeslaan het, is entoesiasties in Engelse kringe verwelkom, en het tot gevolg gehad dat die Unioniste al hoe

---

68) Engelenberg: Genl. Louis Botha, p. 295. Sien ook Kruger: The age of the Generals, p. 81 en Hancock: a.w., p. 379.

69) Hancock: a.w., p. 379, Kruger: The age of the Generals, p. 80 en 81; Neame: General Hertzog, p. 167, en Van den Heever: a.w., p. 164.

70) Hancock: a.w., p. 380 en 381 vir 'n samevatting van die debat in die Volksraad.

71) Hoofartikel, The Star, 5/8/14.

72) Ibid.

meer hul steun aan die regering verleen het, veral met betrekking tot die oorlog. Botha was "the man of the moment"[73]; in sy verklaring dat hy sy plig sal doen, word die "the Nelson touch" bemerk,[74] terwyl "the wise general Botha and his talented lieutenant general Smuts" lof toegeswaai is vir hul moed en patriotisme deur hul onmiddellike en onverdeelde steun aan die Ryk toe te sê.[75] Hierdie optrede sou, volgens Lionel Phillips, bydra tot die belangrike plek wat Botha en Smuts in die geskiederis sou inneem.[76]

In ŉ kort rukkie het die uiterste imperialistiese seksie ŉ indrukwekkende metamorfose ondergaan, en vir die Unioniste sou dit ook van groot betekenis wees aangesien daar weer eenheid in hul geledere gekom het, ŉ eenheid gesentreer om die deelname van Suid-Afrika aan die verdediging van die Ryk. Vooroorlogse kritiek en wantroue het nou oorgegaan in grenslose bewondering en lofprysinge; waar Botha voor die oorlog veroordeel is oor sy aarselende beleid en sy swakheid om te regeer, word hy nou geprys: "There is not in all South Africa a more stalwart Britisher".[77]

Genl. Hertzog, met sy standpunt van "Suid-Afrika eerste", kon hom egter nie vereenselwig met die optrede van die regering nie, en het gevoel dat ŉ aanval op Duitse gebied in stryd was met die belange van die Unie.[78] Dit sou die Unie onnodiglik in gevaar bring indien Duitsland bv. die oorlog wen, en hierin is hy gesteun deur o.a. genl. Beyers en genl. de la Rey.[79] Gemoedere het hoog geloop onder die Afrikaners in Wes-Transvaal en die Vrystaat, en die spanning is verder verhoog deur die bedanking van genl. Beyers as Kommandant-generaal en die tragiese dood van genl. de la Rey.[80] Vroeg in Oktober het luit.-kol. Manie Maritz in opstand teen die regering gekom en die grens van die Kaapkolonie naby Upington oorgesteek, gemene saak met die Duitsers gemaak,

---

73) Hoofartikel, The Star, 23/9/14.

74) Hoofartikel, The Star, 3/10/14.

75) Phillips: Some Reminiscences, p. 240.

76) Ibid.

77) Calpin: There ar no South Africans, p. 105.

78) Van den Heever: a.w., p. 166, en Kruger: The age of the Generals, p. 84. Hertzog het wel erken dat Suid-Afrika in oorlogstyd verkeer het, dog was van mening dat aktiewe deelname nie in belang van die Unie was nie.

79) Sien Hancock: a.w., p. 379, 381 en 382, asook Neame: a.w., p. 169 en Van den Heever: a.w., p. 165.

80) Vir die verloop van die rebellie, sien Kruger: The age of the Generals, p. 85 e.v. en Hancock: a.w., p. 383 e.v.

die onafhanklikheid van die Unie uitgeroep en gedreig om die Unie binne te val om sy doel te verwesenlik. Asof dit die teken was, het daar 'n spontane opstand in Wes-Transvaal en in die Noord-Vrystaat gevolg onder die leiding van vooraanstaande Afrikaners, soos genls. Beyers, De Wet en Kemp.

Na die mislukking van verskeie bemiddelingspogings, het die regering krygswet laat afkondig en besluit om die rebellie - wat dit inderdaad geword het - met geweld te onderdruk. As gevolg van die feit dat die hele opstand swak georganiseer was, kon die rebellie gou onderdruk word, en na die gevangeneming van genl. De Wet en die verdrinking van Beyers in die Vaalrivier 'n paar dae later was die rebellie vir alle praktiese doeleindes oor. Enkeles het die stryd nog voortgesit, dog na die gevangeneming van Kemp vroeg in Februarie was alles verby.

Die rebellie en die onderdrukking daarvan was uitsluitlik 'n stryd tussen die Afrikaners, en Botha het sorg gedra dat die Engelssprekende deel van die bevolking nie daarin betrek word nie. Die rebellie en veral die doodskiet van Jopie Fourie het 'n seer plek in die gemoed van die Afrikaner nagelaat, en die houding van die Engelssprekendes in hierdie saak was ook nie juis bevorderlik vir die goeie verhoudinge tussen die twee taalgroepe nie. In die woorde van die mondstuk van die Unioniste, "...no one step could have

> done more to reassure the failing spirits of the loyalists in our midst than the resolute carrying out of the extreme penalty in the case of one of the stoutest Africanders in this Province".[81)]

Die dood van Jopie Fourie moes as versterking dien vir die "failing spirits" van die lojaliste in die geledere van die Engelssprekendes (dus ook die Unioniste), en die verklaring vir die vasberadenheid van Smuts om nie genade aan Fourie te verleen nie,[82)] lê miskien hierin opgesluit.

In die parlementsitting, wat in Maart 1915 'n aanvang geneem het, het 'n storm van kritiek oor die hoof van Hertzog

---

81) Hoofartikel, The Star, 21/12/14.

82) Smuts het by 'n latere geleentheid verklaar dat hy nie gehoor sou gee indien enigiemand om die versagting van Fourie se vonnis sou gevra het nie (n.a.v. deputasies vir die doel). Sien Hancock: a.w., p. 392.

losgebars vanweë sy stilswye gedurende die rebellie. Smartt het hom geheel en al met die regeringsoptrede vereenselwig en het gemeen dat Hertzog of Steyn die rebellie kon verhoed het deur hul invloed te gebruik.[83] Hier het hulle met Smuts saamgestem: "The oracles of nationalism (bedoellende Hertzog en Steyn) were dumb, and the poor dupes went to their doom".[84] Die Unionis-volksraadslid vir Troyeville, mnr. Quinn, het selfs sover gegaan om te sê dat Hertzog na sy mening geskiet behoort te word, ꞌn taak wat hy self met graagte sou voltrek.[85] Smartt het ook in die volksraad hulde gebring aan Botha vir sy diens aan Suid-Afrika en die Britse Ryk.[86]

Die houding en die rigting wat die Unioniste nou sou inslaan, is bepaal deur die voorafgaande gebeurtenisse. Die ferme onderdrukking van die rebellie deur Botha het hul harte warm laat klop, en die gesindheid wat hier aan die dag gelê is, sou verseker dat die regering dwarsdeur die oorlogsjare op die lojale steun van die Unioniste kon staatmaak, hoewel laasgenoemde hulle begin beywer het vir beloning vir hierdie steun. Met die rebellie het die skeuring in die geledere van die Afrikaners ꞌn voldonge feit geword, iets wat al sedert 1910 deur die Unioniste voorsien is, en hiermee is die grootste en enigste struikelblok in die weg na samewerking met Botha en sy party uit die weg geruim en kon daar in die oorlogsjare voortgegaan word op die weg wat sedert 1910 ingeslaan is. Botha se mag was aan die kwyn terwyl Hertzog en sy Nasionale Party steeds aan invloed gewen het. Die Unioniste sou in ꞌn steeds toenemende mate die agterryer van die vermoeide generaal-premier word.

---

83) Sien hieroor Volksraadsdebatte, 1914, kol. 66 en 67. "...a word spoken in season by the hon. member for Smithfield or by ex-President Steyn would have stopped the stain of bloodshed", volgens Smartt.

84) Hancock: a.w., p. 390.

85) Ook hy het Hertzog verkwalik dat hy nie sy invloed reg gebruik het nie. Sien Volksraadsdebatte, 1914, kol. 145.

86) "I say that the action of the Government, and the action of the loyal section of the population who support the Government, have done more to blot out racial animosity and bring the people together than anything done before" - Smartt in die Parlement. Sien Volksraadsdebatte, 1914, kol. 66-67.

## HOOFSTUK 9.

## DIE TYDPERK 1915 - 1918: DIE UNIONISTE IN DIE OORLOGSJARE.

Te midde van die woelinge veroorsaak deur die Eerste Wêreldoorlog en die konsekwensies wat dit in Suid-Afrika gehad het, sou daar teen die einde van 1915 weer 'n algemene verkiesing gehou word. Die eerste vyf jaar van Unie was agter die rug, vyf jaar van woeling en wording en onsekerheid; die Botha-bewind was nog aan die roer van sake, ten spyte van ernstige skeuring in die geledere van die Afrikaners, en eenheid nog steeds 'n werklikheid. In hierdie tyd is die grondslae van die eenheidstaat stewig gelê, ten spyte van ingrypende gebeurtenisse wat kort-kort gedreig het om die regeringsmasjinerie onver te werp. Dit was duidelik dat Unie van 'n langdurige bestaan verseker was, dog dieselfde kon nie van die struktuur van die politieke partye gesê word nie. Die eerste verandering van die posisie soos dit in 1910 was, het hom reeds voltrek, en het uitgeloop op die stigting van die Nasionale party in 1914.
Daar was aanduidings dat verdere verwikkelinge in die nabye toekoms verwag kon word.

Die uitslag van die komende verkiesing was iets wat nouliks voorspel kon word, en wel vanweë die ingrypende gebeurtenisse wat sedert 1910 plaasgevind het. In 1910 het Botha as leier van die verenigde Afrikanerdom en met die steun van 'n aansienlike deel van die Engelssprekende bevolking aan bewind gekom, dog intussen het Hertzog en sy volgelinge van hom weggebreek en hul eie party gestig. Suid-Afrika se deelname aan die oorlog in Europa en die rebellie wat daarop gevolg het, asook die industriële onrus en stakings vroeër, was alles gebeurtenisse wat die politieke denke van die kieserskorps grootliks kon beïnvloed, die uitwerking waarvan alleen in die komende verkiesing aan die lig sou tree.

Afgesien van pogings tot 'n "fresh start" en 'n "best men"-regering van die kant van die Unioniste, en ten spyte van die besliste konsiliasie beleid soos deur Botha voorgestaan en verkondig, was die eerste verkiesings tot 'n groot mate nog 'n stryd tussen die twee bevolkingsdele.
Intussen het hierdie faktor weer as gevolg van Suid-Afrika se deelname aan die oorlog belangrik begin word, hoewel Botha versigtig was en gesorg het dat Engelssprekendes nie in die onderdrukking van die rebellie van 1914-15 betrek

word nie. Die besluit van Botha tot deelname aan die oorlog en die onderdrukking van die rebellie het hom wel die steun van baie Afrikaanssprekendes laat verloor, dog dieselfde optrede het hom aan die ander kant weer die steun en lojaliteit van baie Engelssprekendes besorg. Die Unioniste het, getrou aan hul verklaarde beleid en vanweë hul trou en verbintenis aan die Ryk, die optrede van die regering heelhartig ondersteun.[1)]

Behalwe die S.A.P., die Unioniste en die Nasionale party, was daar ook nog 'n vierde party in die 1915-verkiesings betrokke nl. die Arbeidersparty, wat veral in die voorafgaande jaar skouspelagtige opgang in die stedelike gebiede gemaak het. Die stakings en die daaropvolgende gebeure het die Arbeiders aansienlik aan invloed laat toeneem, en die groot oorwinning wat hulle in die Transvaalse Provinsiale Raadsverkiesings in Maart 1914 behaal het, het hiervan getuig. Die Arbeidersparty was 'n faktor waarmee deeglik rekening gehou moes word.

Die oorlog en Suid-Afrika se deelname daaraan het veroorsaak dat die 1915-verkiesings veral rondom die vraagstuk van die voortsetting al dan nie van, en Suid-Afrika se deelname aan die oorlog, gedraai het. Die Unioniste het die regering in hierdie saak heelhartig gesteun, terwyl die Arbeiders in 'n ietwat onsekere posisie[2)] en die Nasionaliste direk daarteen gekant was.

Die groot mate van steun wat tydens die leeftyd van die eerste parlement deur die Opposisie aan die regering verleen is, en veral hul houding ten opsigte van Suid-Afrika se deelname aan die oorlog het onvermydelik die vraag na die verhouding tussen die regering en die Unioniste weer op die voorgrond gestel. Met die stigting van die Nasionale Party vroeg in 1914 is die groot struikelblok in die weg van samewerking tussen die twee groepe verwyder, want Hertzog en sy mense was volgens die Unioniste reeds in 1910 daarvoor ver-

---

1) Round Table, vol. VI, nr. 22, p. 372. Sien ook Calpin: a.w., p. 102.

2) Kol. Cresswell, die leier van die Arbeiders, was ten gunste van deelname aan die oorlog, dog W.H. Andrews en andere was daarteen gekant. In Desember 1914 het die Arbeidersparty in die afwesigheid van Cresswell besluit om 'n neutrale houding in te neem, dog na Cresswell se terugkeer is dit weer gewysig en het hulle die regeringsoptrede gesteun. Sien Round Table, vol. VI, nr. 22, p. 357 en 358.

antwoordelik dat Botha nie ŉ nuwe rigting ingeslaan het nie.[3] In hierdie tyd was daar werklike pogings tot die herlewing van die "fresh start"-idee, en hier en daar het ook ŉ stem opgegaan vir die samestelling van ŉ regering van die beste manne, veral met die oog op die oorlogstoestande en die onwenslikheid van ŉ algemene verkiesing in sulke omstandighede. Daar is gevoel dat die verkiesing tot na die oorlog uitgestel moes word, en dat ŉ "See-the-War-through"-kabinet intussen uit lede van die S.A.P. en die Unioniste saamgestel word.[4] Die gedagte om die verkiesing tot na die oorlog uit te stel, het sterk by Smuts posgevat (Botha het in Suidwes-Afrika aan die hoof van die Unietroepe gestaan), dog hierdie idee is sterk deur Merriman afgekeur en dit is laat vaar.[5]

Die samesmelting van die twee partye is sterk deur The Star, gepropageer, wat dit as ŉ unieke geleentheid vir die leiers beskou het, "...of doing the big thing and

> shaping history on new and wiser lines".[6]

Die oortuiging is uitgespreek: "...the hope of the future lies in

> the closest co-operation of the races on the basis of a common loyalty and a common loyal patriotism".[7]

Dit het gewaarsku dat die stryd tussen die twee taalgroepe nie sal ophou indien die partye hoofsaaklik Brits en Afrikaans sou bly nie.[8]

Ook FitzPatrick se gedagtes het in hierdie rigting gegaan. Die groeiende steun aan Hertzog het hom laat voorsien dat Hertzog dit vir Botha te moeilik sou maak om te regeer. Volgens hom, behoort Hertzog in die komende verkiesing tussen 20 en 25 setels te verower, en dit kan maklik tot gevolg hê dat die Unioniste die grootste party in die parlement sal wees, dog nie sterk genoeg om alleen te regeer nie. "Then will come the question of coalition or co-ope-

> ration of some sort. The very difficulty that one can see looming before us is the want of a man who can unite parties".[9]

---

3) Hoofartikel, The Star, 25/8/15. Sien ook hoofstuk 3.
4) Brief van Harry S. Lyons, in The Star, 7/8/15.
5) Hancock: Smuts I, p. 402.
6) Hoofartikel, The Star, 23/8/15.
7) Ibid, 25/8/15.
8) Ibid, 3/9/15.
9) F.V.: FitzPatrick aan Nugent, 29/9/13.

Daar was wel sprake van 'n formele samewerking tussen die Unioniste en die regeringsparty, veral met die oog op die gemeenskaplike gevaar in Hertzog, en pogings is aangewend om die twee partye te verenig.[10] Hierdie verwikkelinge het Botha weer eens in 'n uiters moeilike posisie geplaas, en sy verhouding tot die Unioniste moes vir hom baie hoofbrekens besorg het. Aan die een kant moes hy die goeie verhouding wat daar tot dusver tussen hulle geheers het, nie onnodig skend nie, terwyl hy aan die ander kant weer met sy eie mense moes rekening hou. Ten alle koste moes selfs die skyn van samewerking met die Engelse element vermy word om te verhoed dat nog meer Afrikaners die rug op hom draai.[11] Uiteindelik het Botha besluit om die verkiesing op eie kragte aan te pak.

Nadat dit duidelik geword het dat Botha weer nie bereid was om tot samewerking in een party te kom nie, het die Unioniste alles in hul vermoë gedoen om enige skyn van swakheid in eie geledere uit die weg te ruim, en in dié proses is die sentiment van samewerking met die S.A.P. sterk veroordeel. Met die verkiesing voor die deur, het daar weer 'n opflikkering op politieke terrein gekom, en die verskillende partye het hul vere begin regskud vir die stryd by die stembus.

In 'n beleidsverklaring te Kaapstad het sir Thomas Smartt hom en sy party "with regard to many important matters", van die regeringsparty gedistansieer ten spyte van hul steun aan Botha in die oorlog. As beleid van die party stel hy die begeerte "...to strengthen by every means

> in our power the ties which bound the Union to the Mother Country", en hy verklaar sy party se "...most strenous opposition to the two-stream-policy and the forces of retrogression and disorder in this country".[12]

Uit hierdie beleidsverklaring word die indruk geskep dat Smartt en sy party eerder in opposisie teen Hertzog en sy beleid was as teen die regerende S.A.P. By dieselfde geleentheid het Smartt verwys na samewerking met die regering, en hy spreek hom daarteen uit:

---

10) Hancock: a.w., p. 403, asook ongedateerde ontwerp-omsendbrief in F.V.

11) Ibid. Sien ook Round Table, vol. VII, nr. 27, p. 618.

12) Toespraak te Kaapstad, in The Star, 10/6/15.

> "This is no time to talk of coalition, but to be weary of absorption, which so many people unthinkingly desire to bring about".[13)]

Richard Feetham het gewaarsku dat sodanige samewerking slegs kon geskied met die inboet van die selfrespek van die Unioniste Party,[14)] en veral Duncan het in die openbaar sterk te velde getrek teen die voorgestelde vereniging van die partye. Hy verwerp die oorlogstoestande as rede vir sodanige samewerking aangesien die duur van die oorlog nie voorspel kan word nie en dit dalk binne ŉ jaar verby sal wees,[15)] terwyl hy by ŉ ander geleentheid dit duidelik stel dat die Unioniste sou staan of val op meriete, veral aangesien hulle feitlik geen pers meer gehad het wat hulle steun nie en ook omdat die mynmagnate uit hul geledere verdwyn het.[16)]

Soos Smartt het ook Duncan die behoud van die bande met die "Mother Country" beklemtoon, en hy het geglo dat daar binne die Ryk genoeg plek vir albei rasse was, asook vir "...a settlement which would satisfy the national ideas of both, and it was in the interest of South Africa, Imperially, nationally and ideally, so far as they could see ahead, to finds its place and destiny in the British Empire".[17)]

Dat die verhouding tot die Britse Ryk egter nie kon geld as rede waarom daar nie samewerking kon wees nie, blyk nie net duidelik uit Botha se optrede in die oorlog en die steun deur die Opposisie hom daarin toegesê nie, maar ook daaruit dat Smartt die kiesers opgewek het om hul party te steun aangesien hulle die regering sterk steun in sy uitvoering van sy Imperiale beleid.[18)] Duncan het hierby aangesluit en voor die Vroue-Unioniste verklaar dat die party die regering altyd gesteun het in die twee be-

---

13) Ibid.

14) Verslag van toespraak in The Star, 10/9/15.

15) Verslag van toespraak van Duncan in The Star, 10/8/15.

16) Verslag van toespraak voor Vroue-Unioniste in The Star, 3/9/15. N.a.v. hierdie beskuldiging het Phillips geantwoord dat hy steeds die Party steun. Sien in hierdie verband die brief van sy vrou, Florence Phillips, in The Star, 19/10/15.

17) Toespraak in The Star, 8/7/15.

18) Toespraak in The Star, 8/9/15.

langrikste vraagstukke voor die land, nl. Imperialisme en die verhouding tussen die twee bevolkingsgroepe.[19] Dit was egter in werklikheid eers die geval sedert die uitbreek van die oorlog en toe Botha se optrede en houding teenoor die Ryk duidelik geopenbaar is.

Die beleid van die Unioniste t.o.v. samewerking met die Suid-Afrikaanse Party in die komende verkiesings is deur Smartt in 'n brief aan Duncan wat in die pers gepubliseer is, uiteengesit. Hierin[20] toon hy die verskillende maniere aan waarop die oorlogsprobleme opgelos kon word sonder dat die partye, met hul verskillende huishoudelike doelstellinge, noodwendig moes ophou om te bestaan. Die parlement word nie slegs met die oog op die oorlogstoestande verkies nie, maar daar is baie belangrike sake wat hiermee gepaard gaan, soos bv. die heffing van belastings vir die betaal van die oorlogskuld, die plasing van setlaars in die verowerde Suidwes, en ander huishoudelike probleme. Dit alles maak dit vir die Unioniste noodsaaklik om hul beleid te behou.

Sir Percy FitzPatrick, wat weens swak gesondheid en deur die feit dat sy aandag byna voltyds in beslag geneem is deur die pasgestigde Sondagsriviervallei-setlaarskema, nie juis baie tyd en aandag aan die verkiesing kon bestee nie, het dit as sy oortuiging uitgespreek dat dit

> "...the Unionist Party as a whole, united, disciplined, convinced and loyal, under one trusted leader", is

waarin die hoop van Suid- Afrika geleë is.[21] Hy doen egter 'n beroep op verdraagsaamheid teenoor die ander groep, veral met betrekking tot die kwessie van lojaliteit teenoor die Ryk, wat, hoewel 'n "wonderful virtue", tog nie 'n "essen-

> tial part of our being" is nie. Die lojale Afrikaners[22]

het nie dieselfde eenvoudige, natuurlike sentiment en gevoel as hulle wat van Britse afkoms was nie, en hy voel "...that

> it is up to us to consider their difficulties and their

---

19) Toespraak voor Vroue-Unioniste, in The Star, 3/9/15.

20) Brief van Smartt aan Duncan, gepubliseer in The Star,1/9/15.

21) Brief gerig aan mede-Unioniste, in The Star, 24/8/15. Ander uitlatinge van FitzPatrick sedert 1910 en die houding wat hy in sy private korrespondensie geopenbaar het, bestempel hierdie oproep of uitlating van hom as 'n blote verkiesingskreet sonder enige innerlike oortuiging.

22) Bedoelende die ondersteuners en volgelinge van Botha en Smuts.

> feelings in every way we can, to remember, for instance, that they have actually fought and beat men who were their comrades in arms, friends and relations...Therefore, in every way let us try to avoid touching the sore places, the exposed nerves".[23]

Die pogings van die leiers van die Unioniste om die toegeneentheid tot die regeringsparty in die openbaar die nek in te slaan, het nie juis oortuig nie, en geen duidelike verskil in beleid kon deur hulle aangevoer word nie. "The Star" het by sy standpunt gebly: vir hom en diegene wat in hierdie sentiment gedeel het, het dit net om een saak gegaan, nl. die uitskakeling van die Arbeiders en die Hertzogiete by die stembus. Dit is vir hulle om't ewe of kandidate van die S.A.P. of van die Unioniste Party die paal haal, solank hulle net bereid was om die teenstanders, "including the enemy within the gates", te beveg.[24] Dit was duidelik dat die Unioniste se leiers ook besig was om die steun van hierdie koerant te verloor a.g.v. hul teenstand teen die pogings tot samewerking met die regeringsparty, en hierin het die pers ongetwyfeld ook as rigsnoer gedien vir die bepaling van die openbare mening binne die geledere van die Engelssprekende Unioniste Party.

In hoeverre die Unioniste wel hierdie mening toegedaan was, is moeilik om te bepaal, dog die komplekse posisie waarin die Unioniste in hierdie tyd verkeer het, word duidelik weerspieël in die logika van lady Phillips, wat die posisie soos volg voor die Vroue-Unioniste opgesom het:

> "General Botha was the embodiment of Imperial principles, and they should vote Unionist and give him support".[25]

Hierdie aanhaling toon dat daar in werklikheid geen verskil tussen die twee partye was nie, maar omdat daar nie formeel tot ɳ ooreenkoms tussen die twee partye geraak is nie, moes die kiesers tog nog vir die Unioniste stem en sodoende hul steun aan Botha verleen. Die Unioniste se vernaamste mededingers in die werwing van steun onder die Engelssprekendes was die Arbeiders.

---

23) Aangehaalde brief, in The Star, 24/8/15.
24) Hoofartikel, The Star, 9/9/15.
25) Lady Phillips, vrou van Lionel Phillips, in The Star, 12/5/15.

Hoewel die Arbeiders oor die algemeen dieselfde houding as die Unioniste ten opsigte van die oorlogskwessie ingeneem het,[26] en hulle saam met die Unioniste die deelname aan die oorlog gesteun het, was die verhouding tussen hierdie twee partye verder baie stram en stroef. FitzPatrick het hulle gesien, nie as verteenwoordigers van die arbeiderbevolking nie, maar as ŉ groep internasionale Sosialiste met hoofkwartier in Duitsland en Oostenryk: "...they have

> played into the hands of the enemy without and the rebels within...they have done their worst to hamper and estrange the loyal Dutch, and make General Botha's task impossible by putting it up to him to be more British than themselves, who are British born".[27]

Hierdie verdediging van Botha teen die Arbeiders en die gebrek aan "Britishness" by lg. was ŉ aanduiding van die rigting waf die politieke ontwikkeling in Suid-Afrika sou volg. Ook toon dit die gematigde houding wat begin inneem is t.o.v. die "loyal Dutch", die resultaat van die verdwyning van die verskille tussen die Unioniste en die S.A.P. en die groeiende begeerte na eenwording.

Die Unioniste het die 1915-verkiesing sonder ŉ aantal van sy vooraanstaande lede tegemoetgegaan. Lionel Phillips se uittrede a.g.v. drukkende mynbelange was ŉ groot verlies vir die party, terwyl die omstrede Abe Bailey, met wie die party nooit geweet het waar hulle aan of af was nie, homself as ŉ ondersteuner van Botha beskikbaar sou stel. Reeds in 1914 het die party die dienste van die destydse leier in Transvaal en ŉ sterk voorstander van die Britse karakter van die party, sir George Farrar verloor, wat in Mei 1915 tragies in ŉ botsing van sy motor met ŉ trein in Suidwes, gesterf het. Drummond Chaplin, nog een van die voorbankers in die geledere van die Unioniste, het in 1914 as administrateur na Suid-Rhodesië vertrek, terwyl Jameson ook in 1912 van die politieke toneel in Suid-Afrika verdwyn het.

Anders as in die 1910-verkiesing, was die verskil in taalgroep of die Brit-Afrikaner teenstelling nie in 1915 ŉ faktor in die verkiesings nie, maar was dit die vraagstuk van die voortsetting van die oorlog al dan nie wat aanleiding tot groot bitterheid gegee het. In die beslegting hiervan het

---

26) Sien voetnoot 2).

27) F.V.: Uitknipsel van toespraak van FitzPatrick, soos gepubliseer in Rand Daily Mail, 18/10/15.

Afrikaner teenoor Afrikaner te staan gekom, die uitvloeisel van die breuk tussen Botha en Hertzog en die rebellie van 1914. Aan die ander kant was dit weer Brit teenoor Brit, Unionis teenoor Arbeider, in die stryd om die guns van die Engelssprekende kieser. Gemoedere het dikwels hoog geloop, onverantwoordelike bewerings is kwytgeraak[28] en vergaderings het wanordelik verloop. Smuts is byna om die lewe gebring deur 'n koeël uit die rewolwer van 'n fanatiek.[29]

Die uitslag van die verkiesing, die "...bitterest general election in our history"[30], was 'n groot oorwinning vir die voorstanders van die voortsetting van die oorlog. Gesamentlik het die S.A.P. en die Unioniste bykans oor driekwart van die setels beskik, sodat daar geen twyfel kon bestaan het oor die vraag of Suid-Afrika sy deelname aan die oorlog moes voortsit nie. Die finale stand van partye na afloop van die verkiesing was:

S.A.P. ..................54
Unioniste ...............40
Nasionale Party .........27
Arbeiders ............... 4
Onafhanklikes ........... 6[31]

Ten spyte van die feit dat die oorlogs voorstanders 'n stewige meerderheid behaal het, was die steun wat Hertzog in die verkiesing gekry het, onrusbarend groot en selfs meer as wat FitzPatrick voorsien het.[32] Nie net is twee van Botha se ministers by die stembus verslaan nie,[33] maar ook het die Nasionale Party met uitsondering van 'n setel in Bloemfontein, skoonskip in die Vrystaat gemaak, en in totaal ongeveer 30 persent van die stemmetotaal op hom getrek - heelwat meer as waarop die Unioniste kon staatmaak.[34]

---

28) Sommige persone het nl. vir Botha en Smuts verantwoordelik gehou vir die tragiese dood van genl. De la Rey. Sien Hancock: a.w., p. 404.

29) Hancock: a.w., p. 40.

30) Barlow: Almost in confidence, p. 158.

31) Malan en Van Rensburg: Verkiesingsuitslae, 1910-1948.

32) In sy private korrespondensie het FitzPatrick voorspel dat die Nasionale Party in die 1915-verkiesing tussen 20 en 25 setels sou verower. Sien voetnoot 9.

33) nl. H.S. Theron (Minister van Lande) en Adv. N.J. de Wet (Minister van Justisie.) Sien P.H. Coetzee: Party politiek in Suid-Afrika sedert 1910, p. 259.

34) Hancock: a.w., p. 406, Calpin: a.w., p. 103 en Round Table, vol. VII, nr. 22, p. 360 vir ontleding van die uitslae.

Hertzog en sy party het veral op die platteland baie aanhangers getrek.[35]

Die posisie van die Unioniste het staties gebly in vergelyking met dié in 1910,[36] hoewel hulle heelwat aan steun gewen het ten koste van die Arbeiders,[37] wat maar swak gevaar het in die verkiesing. Dit was veral die geval in die stedelike kiesafdelings, en "The Star" noem dit "...a little short of sensational",[38] terwyl A.T. Hennesy, sekretaris van die Unioniste Party, van mening was dat die uitslag van die verkiesing getoon het dat die Unioniste Party nie dood was nie, maar dat dit die party was wat vertrou kon word.[39] "De Volksstem" was van mening dat die Unioniste Party na die parlement terugkeer as 'n vasal van die S.A.P., dog 'n korrespondent het hierop gereageer deur in 'n brief die party 'n linkervleuel te noem: duisende kiesers het vir die Unioniste Party gestem vanweë die persoonlikhede van die kandidate, wie se lojaliteit bekend is en wat Botha en die Ryk sou steun, en die uitslag moet, volgens hom, beslis nie beskou word as 'n mosie van vertroue in die "...Junta which holds high level in the North Street tabernacle" nie.[40]

Arthur Barlow, wat in 1914, na die ontbinding van die Jong Unioniste-vereniging, uit die party bedank het, vat die toestand na die verkiesing soos volg saam:

> "The hereditary English enemy, under Tom Smartt, the 'Jingo', now hold the balance of power. Botha had to dance to the tune called by the 'Jingoes'. Smartt promised the Saps that he would support them to see the war through. Labour fared badly".[41]

---

[35] Hancock: a.w., p. 406.

[36] In 1910 het hulle 39 setels verower teenoor die 40 in die pasafgelope verkiesing.

[37] Hancock: a.w., p. 405, asook Round Table, vol. VI, nr. 22, p. 358.

[38] Hoofartikel, The Star, 17/10/15.

[39] In 'n onderhoud met The Star, gepubliseer op 23/10/15. Sir Hennesy, een van die stigterslede van die Unioniste Party, is in November 1963 in 'n hoë ouderdom oorlede.

[40] Brief van H.M. in "De Volksstem", aangehaal in The Star, 23/10/15.

[41] Barlow: Almost in Confidence, p. 158.

Inderdaad was dit die geval dat die Unioniste die skaal gebalanseer het, en dat hulle houding en optrede in die toekoms sou bepaal of Botha se bewind staande kon bly. Slegs deur samewerking met en steun van die Unioniste sou hy aan bewind kon bly, dog aan die ander kant was ook die Unioniste in ŉ posisie waar hulle nie anders kon as om hul steun aan die regering te laat toekom nie. Indien hulle die regering opponeer, sou hulle in die hande van Hertzog en sy mense speel, en hiertoe sou hulle nooit bereid wees nie. Die Arbeiders was te swak verteenwoordig om enigsins ŉ rol in die bepaling van die posisie in die parlement te speel.

Kort na afloop van die verkiesing het FitzPatrick te Pretoria verklaar dat die Unioniste se steun aan die regering onvoorwaardelik sou wees, en dat hul lojaliteit in die steun van deelname aan die oorlog nie deur verteenwoordiging in die kabinet gekoop hoef te word nie.[42] Phillips sê dan ook dat dit so was dat die Unioniste vir alle doeleindes ŉ vleuel van Botha se party geword het, "...to counterbalance the defections from his own camp".[43]

Ten spyte van sy benarde posisie, dog in elk geval verseker van die steun van die Unioniste solank die oorlog duur, het Botha hom ook hierdie keer weerhou van ŉ formele samewerking en ooreenkoms met die Unioniste.[44]
Vir alle praktiese doeleindes het die Unioniste na afloop van die 1915-verkiesing opgehou om as opposisie te dien, en is hierdie rol deur die Nasionale Party van genl. Hertzog oorgeneem.

Die patroon van samewerking tussen die regerende S.A.P. en die Unioniste soos wat dit tydens en na die 1915-verkiesing geblyk het, sou tot aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog voortduur. Hoewel die Unioniste die regering slegs nominaal in sy oorlogspolitiek gesteun het, sou die tydperk 1915-1918 geen werklike wesensverskil tussen die twee partye op die voorgrond stel nie, behalwe miskien t.o.v. die beleid teenoor immigrasie en die plasing van setlaars.[45] Hier-

---

42) Toespraak van FitzPatrick te Pretoria, gepubliseer in The Star, 26/11/15.

43) Phillips: Some Reminiscences, p. 244.

44) Wallis: Fitz...., p. 189.

45) Vir ŉ bespreking hiervan, sien Round Table, vol VII, nr. 27, p. 619.

die verskil was egter slegs 'n graadverskil. Daar is gevoel dat dit die eerste en laaste plig van die Unioniste was om die regering te steun en te versterk teen

> "...elements of hostility and disintegration which if unchecked, would bring ruin and dishonour upon the country".[46]

Enige "embarrasment" van die regering sou nie sy doel dien nie, want 'n koalisie tussen die Unioniste en die Nasionaliste is taboe en om 'n nuwe verkiesing te forseer, sou 'n misdaad en 'n groot flater wees.[47]

In 'n tyd toe daar weer sprake was van 'n moontlike koalisie met die S.A.P., was daar egter by sommige Unioniste bedenkinge daarteen; Hugh Wyndham het hom daarteen uitgespreek en het gemeen dat die Unioniste hul kruit droog moes hou vanweë die onsekere politieke toestande en die moontlikheid van 'n nuwe verkiesing na afloop van die oorlog. "The Unionists in South Africa are primarily the trustees of the Imperial position in South Africa", was sy opinie.[48]

Die Unioniste was sterk voorstanders van 'n aktiewe deelname van Suid-Afrika aan die oorlog, en na afloop van die veldtog in Suidwes-Afrika het Smartt gesê dat 'n deel van Suid-Afrika se taak daarmee afgehandel was en dat die tyd nou aangebreek het om toe te sien dat die jong mannekrag van die land by die leërs in Europa aansluit, "...to stand besides their brothers from the other dominions and India".[49]

By 'n ander geleentheid het hy 'n beroep op alle weerbare jongmans gedoen om hul aan te meld vir diens oorsee.[50] Nie net het die Unioniste die veldtog vir die werwing van rekrute ywerig gesteun nie, maar volgens 'n verklaring van Smartt op sy party se kongres in 1919, was dit inderdaad een van die voorwaardes vir die steun van die Unioniste aan die regering dat Botha sy invloed sou gebruik om rekrute na die oor-

---

46) Hoofartikel, The Star, 8/1/16.
47) Ibid.
48) Verslag van toespraak te Turffontein, in The Star, 4/2/16.
49) Sien The Star, 5/8/15.
50) Sien The Star, 10/8/15.

lɔgstoneel aan te moedig.[51] Smuts en Botha het hulle dan ook daarvoor beywer, en Smuts het persoonlik aan die hoof van die Uniemagte in Oos-Afrika en die Noorde gestaan.[52] Die ywer vir deelname aan die oorlog blyk daaruit dat FitzPatrick self sy hulp aangebied het, dog dat daar gevoel is dat hy die saak beter kon dien deur te bly, en dat sy drie seuns, hoewel nog jonk, aktief in Europa gaan veg het.[53]

Vroeg in 1916 het die Unioniste ook sterk by die regering aangedring op ekstra staatsbydraes aan troepe wat onder die wapen gestaan het, iets waarteen die Nasionaliste hewig gekant was.[54] In die geledere van die regering was daar ook ŉ mate van steun hiervoor, dog Botha het nie hieraan toegegee nie omdat daar nie in die staatskas daarvoor voorsiening gemaak is nie en ook omdat dit weer die rasseverskille sou blootlê - iets wat hy juis wou voorkom.[55] Hy het in hierdie saak versigtig opgetree om nie sy eie mense te vervreem nie, net soos hy ook die goue middeweg verkies het toe hy slegs vrywilligers na die front gestuur het.[56]

Die Unioniste was verplig om hierby in te val, want deur die koers wat hulle ingeslaan het en in die lig van die bestaande toestande kon hulle nie anders as om Botha te steun nie: deur Botha se taak onhoudbaar te maak en hom te opponeer, sou hulle die "Imperial cause" verraai.[57]

---

51) Verslag van toespraak van Smartt, in The Star, 21/10/20.

52) Kruger: The age of the generals, p. 104, e.v., en Hancock: a.w., p. 409 e.v.

53) Een van sy seuns, Nugent, het op die slagveld gesneuwel. Sien hieroor "Strictly Private; To my sister, Cecile Sauer," from Percy FitzPatrick (Johannesburg, 1928), in F.V.

54) De Vriend des Volks, aangehaal in The Star, 27 /1/16. ŉ Amptelike resolusie van die Party m.b.t. hierdie saak het as volg gelui: "That the cost of the Overseas Contingent be borne entirely by the Union Government, that the rates of pay allowances and pensions be adequate to South African conditions, and not less that those provided under the Defence Act; that any increase on the existing pension scale which may be adopted for men serving overseas or their dependents should be extended also to the cases of men who have served in South Africa". Deur V.S.(Vere Stent?), aangehaal in artikel, "The Unionist Gazette", in The Star, 16/10/15.

55) Sien hieroor Engelenberg: Genl. Louis Botha, p. 334, asook Round Table, vol. VI, nr. 22. p. 365.

56) Ibid.

57) Hoofartikel, The Star, 16/2/16.

In Engeland het Phillips ywerig fondse ingesamel vir o.a. ŉ hospitaal vir die Suid-Afrikaanse soldate,[58] terwyl Jameson met lof van Botha se optrede in die oorlog gepraat het.[59] In ŉ reeks lesings wat FitzPatrick oral in die land gehou het oor die oorsake, ontstaan en doel van die oorlog, is Botha geloof vir sy optrede in die hele saak, ŉ optrede "...in a manner which will for all time distinguish him among the great leaders of his people".[60] Later het hy egter toegegee dat dieselfde optrede van Botha hom baie steun onder sy eie mense laat inboet het. Dit was na afloop van die Provinsiale Raadsverkiesings in 1917, toe die S.A.P. maar ŉ swak figuur teenoor die Nasionale Party geslaan het. Sy (FitzPatrick) se woorde was: "I think it is

> by no means a common experience when a big man has emerged from a small community on the world's stage, played a notable part there and made a world's reputation, for him to be booted out by his own pettifoggers when he returns to his native sphere. It has happened to others, but there never was a greater certainty of its happening than in the case of Botha and Smuts".[61]

Die Unioniste se steun aan die regering in die oorlogsjare was op die positiewe antwoord van Botha op drie kardinale vrae van Smartt gebaseer, nl. of daar heelhartige samewerking met die Imperiale Regering sou wees, of troepe van die Unie gebruik sou word om die Duitse bedreiging op die grense af te weer en of Botha sy invloed sou gebruik om troepe te beweeg om op die slagvelde van Europa te gaan veg.[62]

Die vraag kan hier gevra word in watter mate die besef van die afhanklikheid van die steun van die Unioniste die optrede van die regering en van Botha en Smuts in die besonder in die oorlog en in die rebellie beïnvloed het. Botha se voortdurende weiering tot ŉ formele samewerking met die Unioniste en die feit dat hy altyd huiwerig was wanneer hy moes kies tussen sy eie mense en die Engelssprekendes kan alleen daarop dui dat die besondere omstandighede op politieke terrein in ŉ mate verantwoordelik was vir die beleid van die regering in hierdie tyd.

---

58) Colvin: Jameson II, p. 316.

59) Ibid, p. 315.

60) "The origin, causes and object of the War", (Kaapstad, g.d.): pamflet van FitzPatrick in F.V., p. 57.

61) F.V. Onged. ontwerp-omsendbrief, waarskynlik in 1917 opgestel.

62) Verslag van toespraak van Smartt. The Star, 21/10/20. (by die jaarlikste party kongres.)

Die mate van samewerking wat daar gedurende die oorlog tussen die Unioniste en die regering geheers het, het onvermydelik weer die kwessie van formele samewerking[63] tussen die twee groepe op die voorgrond gestel. Dit was veral die geval aangesien die Unioniste soms kriewelrig begin word het oor die feit dat hulle die regering in sy oorlogsbeleid gesteun het sonder dat hulle 'n aandeel gehad het in die vaslegging van hierdie beleid, [64] d.w.s. sonder dat hulle deel uitgemaak het van die regering wat hierdie beleid bepaal het. Botha se gesondheid was vinnig aan die afneem, en hiermee ook die getalle van sy ondersteuners onder die Afrikaanssprekende deel van die bevolking. Die apostel van "a fresh start", FitzPatrick, was nog steeds oortuig dat sy standpunt van 1910 die regte was:

> "These political programmes," meen hy, "do not constitute a religion and I think if we could get a Loyalist Party together, we could well take the risk that we might, through conflict of interest and principles, break up again in a couple of year's time, it would still mean a tremendous and permanent advantage to South Africa. We have to give way[65] for the reason that with us the interest of South Africa, as part of the Empire, are the first and last consideration. At present nothing else matters and that really means that we have no alternative course to that of going in with Botha".[66]

Omdat die Afrikaanssprekendes (van Botha se party) hulle moontlik na die Nasionaliste kon wend, meen die skrywer dat dit dwaas sou wees om te verwag dat hulle die Unioniste halfpad tegemoet sou kom: "After all it does not mean the abandonment of our programme and principles, but rather the seeking to find an easier way round towards the same objective, quite conceivably, a quicker way in the end." [67]

---

63) Hiermee word bedoel samewerking in een politieke party.

64) Hancock: a.w., p. 552.

65) Onderstreep in teks.

66) F.V.: ontwerp - omsendbrief, ongedateerd.

67) Ibid.

Daar was inderdaad in 1917 weer sprake van 'n koalisie tussen die twee partye, en Smartt was bereid om saam te praat en te onderhandel, dog Botha het konstant geweier om tot so 'n stap oor te gaan.[68] So het die gedagte van nouer samewerking en samesmelting met die S.A.P., vir die Unioniste 'n "easier way" tot die bereiking van hul ideale en doelstellings, telkens by Botha skipbreuk gely. Intussen het die Nasionale Party vinnig veld gewen, en geïnspireer deur die idee van die reg van selfbeskikking van alle volke (soos vervat in pres. Wilson se Veertien Punte) het hierdie party begin strewe na die erkenning van die reg tot afskeiding van die Britse Ryk. Hierdie strewe het die Unioniste veral nie aangestaan nie, en die konstitusionele posisie van die Unie sou weereens aanleiding gee tot baie wrywing en bitterheid tussen die voorstanders en die teenstanders van die behoud van die bande met Brittanje. Hiermee sou die vraag na die voortbestaan van die Unioniste Party weer eens sterk op die voorgrond tree.

---

[68] Round Table, vol. VIII, no. 29, p. 203.

## HOOFSTUK 10.

## DIE LAASTE JARE VAN DIE UNIONISTE PARTY, 1918 - 1920.

Reeds tydens die oorlog in Europa het daar onder die Nasionaliste ŉ beweging ontstaan in die rigting van afskeiding van die Britse Ryk. Geïnspireer deur pres. Wilson se Veertien Punte het die Nasionale Party selfs ŉ eie afvaardiging naas dié van die regering na Versailles gestuur met die doel om hul filosofie van volle selfbeskikkingsreg van die nasie en hul strewe na volle soewereine onafhanklikheid in die praktyk verwesenlik te kry.[1] Die deputasie het wel misluk, dog die Nasionaliste het hulle steeds bepaal by hierdie reg van selfbeskikking en afskeiding van ŉ lid van die Britse Ryk, en hierdeur sou nie net die verhouding tussen die regering en die Nasionaliste tot breekpunt gespan word nie, maar ook het dit verder gestrek en het die Afrikaanssprekende en die Engelssprekende[2] mekaar weer heftig op hierdie punt beveg. Die verhouding tot Brittanje en die Britse Ryk, populêr aangedui as "Imperialisme", sou in die paar jaar na die afloop van die Eerste Wêreldoorlog in die brandpunt van die politieke stryd in Suid-Afrika staan.

Waar genl. Smuts, wat Botha in 1919 as Premier van die Unie opgevolg het, tevrede was met die status wat Suid-Afrika nou gehad het as mede-ondertekenaar van die Volkebondsakte en die vredesverdrag, het die Nasionaliste hul beywer om die Unie se reg tot afskeiding erken te kry, en dit het o.a. aanleiding gegee tot ŉ beweging ten gunste van ŉ republikeinse staatsvorm. Vir Smuts was die uitslag van die oorlog, behalwe vir die feit dat dit die doel daarvan verwesentlik het, ook nog belangrik daar dit aan die Dominiums internasionale erkenning van hul status "among the nations of the world" gegee het, terwyl dit ook nog die besef tuisgebring het dat

> "...the British Empire, instead of being one sentral Government, consisted of a league of free states, free, equal and working together for the great ideals of human government".[3] In hierdie siening is Smuts

---

1) Die deputasie het o.a. aangedring op die herstel van die twee voormalige republieke, Transvaal en die O.V.S., dog Lloyd George het die aansoek verwerp daar dit volgens hom Unie sou vernietig. Round Table, vol. X, no. 37, p. 186 e.v.

2) Soos verteenwoordig deur lede van die Nasionale en Unioniste Partye onderskeidelik

3) Smuts in die Volksraad, aangehaal in Round Table, nr. 37, p. 192.(vol. X.)

heelhartig gesteun deur die Unioniste,[4] wat tot op hierdie tydstip as trustees van die bande met die Britse Ryk en met Engeland opgetree het, en in die proses van steun aan Smuts het hulle skerp te velde getrek teen Hertzog, Tielman Roos en die Nasionaliste met hul beleid van "secession".

Op ŉ spesiale sitting van die twee huise van die Parlement, byeengeroep na die afsterwe van genl. Botha het Smuts, sy opvolger, ŉ beroep op die hele land gedoen vir ŉ nuwe begin en vir nasionale eenheid, en wel op ŉ basis van drie punte, nl.,

i) behoud van die Britse konneksie,

ii) eerlike, heelhartige samewerking tussen die twee blanke bevolkingsdele, en

iii) die noodsaaklikheid van industriële ontwikkeling.[5]

Hierdie oproep van genl. Smuts sou die begin wees van verreikende ontwikkelinge op politieke gebied in die Unie.

Die oorlog, wat ŉ groot invloed op politieke gebeurtenisse in Suid-Afrika gehad het, was o.a. ook daarvoor verantwoordelik dat die Unioniste Party in die hele tydperk nie een keer in kongres byeen kon kom nie. Weens hul steun aan die oorlogsbeleid van die regering van Botha het hulle in hierdie tydperk byna hul identiteit as ŉ aparte party ingeboet, terwyl hulle vir ŉ geruime tyd al hul rol as "opposisie" aan die Nasionale Party moes afstaan. In Oktober 1919 het die Party vir die eerste keer sedert 1913 weer hul jaarlikse kongres gehou, en wel te Bloemfontein.

Op hierdie kongres [6] is die republikeinse propaganda, wat dan op bloedvergieting sou uitloop, skerp veroordeel, en daar is te velde getrek teen Hertzog se verwysing na die Nasionale Konvensie en die Uniegrondwet as "a scrap of paper", wat te eniger tyd deur die selfbeskikkingsbeginsel van die nasie opgehef kon word.[7] Ook het die posisie van die Unioniste Party op hierdie kongres vir die soveelste keer onder die soeklig gekom, en wel vanweë die oproep om samewerking wat Smuts in die parlement gedoen het.

---

4) Hancock: Smuts I, p. 496.

5) Round Table, vol. X, no. 37, p. 202.

6) Verslag van verrigtinge in The Star, 21/10/19.

7) Round Table, vol. X, no. 37, p. 203.

In ŉ verklaring op die kongres het sir Thomas Smartt die hele kwessie van samewerking en eenwording met die Suid-Afrikaanse Party uiteengesit en daarop gewys dat die inisiatief tot soiets slegs van die Eerste Minister kon uitgaan.[8)] Hy gryp terug na die verlede en spreek dit as sy oortuiging uit dat die Unie baie moeilikhede gespaar sou gewees het indien Dr. Jameson se voorstelle vir ŉ regering van die beste manne in 1910 reeds aanvaar sou gewees het. Daar is nou weer so ŉ geleentheid, meen Smartt, dog hy verklaar uitdruklik dat hy nie die absorpsie van sy party sou toelaat nie, dog dat hy slegs sou toestem tot "...a fair amalgamation" van partye - wat nog altyd die beleid van sy party was.[9)] In verdediging van die naam van sy party wys hy daarop dat hulle nog altyd gestaan het en steeds sal staan by die beginsels van die eenheid van die vier provinsies, die eenheid van die Britse Ryk, en die eenheid van die twee groot blanke "rasse".[10)]

Op hierdie kongres is die bande met die Britse Ryk weer beklemtoon en Smartt het verklaar dat die Engelse selfs bereid was om die wapen op te neem, saam met goedgesinde Engelse uit ander dele van die Ryk, om te verhoed dat "...a band of disappointed politicians" die Britse Ryk sou laat desintegreer.[11)] Volgens Duncan glo die Unioniste wel in die kreet "Suid-Afrika eerste", dog as lid van die Britse Ryk, en hy meen dat die konneksie met Brittanje in die beste eiebelang van Suid-Afrika is.[12)] Kol. Byron het egter as hul behoefte uitgespreek "a kind of independent Unionist Party for South Africa, putting South Africa first".[13)]

In antwoord op Smartt se verklaring en as uiteensetting van Smuts se houding het die regeringsmondstuk daarop gewys dat amalgamasie of koalisie onmoontlik was. Die beleid van die Unioniste is identies met dié van die S.A.P., en gevolglik het die Unioniste geen ander keuse as om lg. te steun onder lg. se program nie. Die nuwe beoogde party "...wants to be free - as the S.A.P. is - on the one hand of Im-

---

8) The Star, 21/10/19.

9) The Star, 21/10/19. Round Table, nr. 37, p. 204, 442.(vol. X)

10) The Star, 23/10/19. "Ras" is in hierdie tyd vrywel aangewend om die verskil in die twee bevolkingsdele, Afrikaners en Engelse, aan te dui.

11) The Star, 24/10/19.

12) The Star, 24/10/19, en 29/10/19.

13) The Star, 29/10/19.

perial Jingoïsm, which forgets the interests of South Africa for those of the Empire, and on the other hand of the narrow little-Africander agitation in connection with the Republican propaganda...".

Verder, die S.A.P. het sy ekstremistiese loot uitgekap, en as die Unioniste dit ook doen, was daar geen rede waarom "all moderate men" nie kon saamwerk nie.[14)]

Smuts self het egter op die kongres van die S.A.P., wat ook in hierdie tyd gehou is, daarop gewys dat die doel van sy oproep nie die vernietiging van die Unioniste Party was nie, maar dat dit gedoen was met die oog daarop "...to get

a hearty co-operation", en hiervoor beroep hy hom op die hele bevolking.[15)] Die ywer wat Smuts getoon het, eers in die voortsetting van die oorlog en daarna in sy uitlatinge in die openbaar oor Engeland en die Britse Ryk, het nie net veroorsaak dat hy baie steun onder die Afrikaanssprekendes verloor het nie, maar ook dat hy geleidelik die bewondering en steun van die Unioniste verwerf het.[16)]

In die briewekolomme het "Unionist" egter sy bedenkinge uitgespreek oor die moontlike vereniging van die twee partye, en was hy oortuig dat "...our dissappearance as an independent political entity is only a question of time - Smuts's time",

indien hulle 'n wagtende houding sou inneem:

"Waiting for the nebulous 'amalgamation' now, must mean 'annihilation' in the future...".[17)]

Dit sou nie lank duur nie voordat die waarheid van hierdie woorde bewys is nie.

Tog het Smuts besluit om die komende verkiesings, wat vir 10 Maart 1920 bepaal is, alleen en op die ou verdeling van partye aan te durf. "The Star" was nog hoopvol en het gemeen "...co-operation is possible even with the retention of party labels...",

aangesien die gematigdes van sowel die S.A.P. as die Unionis-

---

14) Volksstem, aangehaal in The Star, 24/10/19.

15) Toespraak voor kongres, The Star, 30/10/19. Round Table, vol. X. nr. 37. p. 204.

16) Kruger, The age of the Generals, p. 112.

17) Brief, The Star, 3/11/19.

te besig was om langs parallele lyne na ꞌn gemeenskaplike eindpunt te beweeg.[18] Dog die gevaar dat samewerking met die Unioniste hom te veel steun onder die Afrikaner sou laat verloor, het Smuts blykbaar huiwerig gestem t.o.v. so ꞌn stap.[19]

Hoewel steeds bereid tot ꞌn "fresh start" (dog sonder absorpsie),[20] was die Unioniste nou genoodsaak om hul huis vir die komende verkiesing in orde te bring. Die Unioniste het die 1920-verkiesing tegemoetgegaan sonder ꞌn hele aantal sterk manne van tien en selfs vyf jaar gelede, manne soos Jameson, Farrar, Phillips en Chaplin, terwyl ook sir Percy FitzPatrick besluit het om hom nie weer in die komende verkiesing beskikbaar te stel nie vanweë onenigheid oor sy kandidatuur onder sy kiesers.[21] Die verskyning van so baie van die leiers van die Unioniste Party het Kol. Cresswell, leier van die Arbeiders, genoop om te sê:

> "Their party is ripe for the undertaker and its obsequies have been put off too long".[22]

Die verkiesingsveldtog van die Unioniste is op 20 Januarie 1920 amptelik van stapel gestuur toe mnr. Patrick Duncan die Unioniste se houding t.o.v. samewerking, waarvan hy ꞌn sterk voorstander was, verduidelik het en die beginsels van die Party, wat as meriete by die stembus moes dien, uiteengesit het.[23] Hy toon aan dat ꞌn kombinasie tussen die Unioniste en die S.A.P. republikanisme, dié vraagstuk van die verkiesing, ꞌn doodhou sou toedien. En hy voorsien gou weer ꞌn nuwe verkiesing, aangesien nie een van die vier partye in die veld ꞌn groot meerderheid sal hê nie.[24] Stabiliteit in die regering sal, volgens hom, eers volg wanneer daar politieke groepering vir of teen republikanisme

---

18) Hoofartikel, The Star, 12/12/19.

19) Round Table, vol. X, no. 38, p. 443.

20) Calpin, a.w., p. 112; Sien ook reeds-aangehaalde toespraak van Smartt, The Star, 23/12/19.

21) Sommige kiesers wou mnr. Giovanetti, burgemeester van Pretoria, hê: The Star, 27/1/20 en 6/2/20; Rand Daily Mail, 19/1/20.

22) Rand Daily Mail 31/1/20.

23) Duncan in The Star, 21/1/20.

plaasgevind het. Verder wys hy daarop dat die Britse karakter van die Unioniste nie samewerking behoort te verhinder nie, dog hy maan dat hulle die politiek as Suid-Afrikaners moet benader en nie die "racial reason" as bestaansgrond vir hul party aanvaar nie - daar moet samewerking wees met en erkenning wees van hulle wat nie tot dieselfde "ras" behoort en nie dieselfde wettige siening en tradisies as hulle koester nie.

In ŉ tydperk toe die verhouding tot die Britse Ryk aktueel op die voorgrond was a.g.v. die Nasionaliste se aanspraak op die reg tot afskeiding, beklemtoon Duncan weer die verbintenis aan die Ryk as die eerste punt in hul program van beginsels, en sê hy:

> "It was no barrier in the path of nationhood, but a unity which kept them marching side by side with other nations similarly pledged...the leading string of freedom by which they, a handful of white people in a dark continent, could work out their own domestic problems with the fullest autonomy, protected from external aggresion".[25)]

Smartt het die beskuldiging van Cresswell, dat die Unioniste ŉ blote "rasse"-party was, afgewys en daarop gewys dat die behoud van die bande met die "Mother Country" nie ŉ "rasse"-kwessie was nie, maar ŉ beginselsaak, deur die Nasionale Konvensie op hulle gelê.[26)]

In sy toespraak het Duncan dieselfde houding aangeneem as wat FitzPatrick nog altyd voorgestaan het, en veral sy beroep om insig in die probleme van die anderstalige bevolkingsdeel getuig van die aanwesigheid van ŉ gesonde begrip en ŉ opregte begeerte by ten minste sommige Unioniste om die ander kant te verstaan. Vir hom was dit dringend noodsaaklik dat Suid-Afrika ter wille van beskerming van aggressie van buite die blankendom in ŉ donker vasteland kon vestig, en by ŉ latere geleentheid het hy weer eens gewys op die veiligheid wat die Britse konneksie bied.[27)]

---

25) The Star, 21/1/20.

26) Voor Unionist Club, The Star, 14/2/20.

27) The Star, 16/2/20.

Afgesien van die vraag na die verhouding tot Brittanje en die sesessie-kreet van die Nasionaliste, het ekonomiese redes ook 'n rol gespeel by die verkiesing van 1920, en hieronder was dit veral die lewenskosteprobleem[28], wat veral deur die Arbeiders aangegryp is.[29] Hoewel die Unioniste en die S.A.P. meer op die afskeidingsvraagstuk gehamer het, het Smartt tog ook aandag aan die lewenskosteprobleem geskenk, en waar hy daarop gewys het dat die eerste vraagstuk die land baie maklik in 'n burgeroorlog kon dompel, toon hy dat die hoë lewenskoste ontberinge, onrus en sosiale stryd tot gevolg sou hê.[30]

Die Unioniste en die S.A.P. het nie net die stryd teen die Nasionaliste gevoer nie, maar ook teen die Arbeiders, en daar is gevoel dat 'n stem vir die arbeiders 'n stem vir die kragte van onenigheid op politieke sowel as ekonomiese gebied sou wees.[31] Die Arbeidersparty van Cresswell het hulle veral op die ekonomiese toestand en die stygende lewenskoste toegespits in hul verkiesingsveldtog, die swak toestande op ekonomiese gebied is Smuts ten laste gelê, en daar is gevoel dat hy te veel in gemeen het met die kapitaliste en die mynmagnate[32] - die Unioniste.

Op die vooraand van die verkiesing het The Star nogtans die hoop uitgespreek vir die daarstelling van 'n georganiseerde liggaam van gematigdes, "...which will shape our national destinies in accordance with sane and patriotic ideals of citizenship",[33] en hierin het hy ongetwyfeld namens 'n groot deel van die Unioniste Party gepraat.

Die 1920-verkiesing is deur 'n korrespondent van The Star soos volg gekarakteriseer:

> "...a quadruple contest in which the four combatants are ranged on the square. The Nationalists from one corner are firing at the South African Party on the other, while the Labourites on the third corner, are endeavouring for all they are worth to pot the Unionists at corner two...none of the parties have any

---

28) Kruger: The age of the Generals, p. 112.
29) Kentridge; Morris: I Recall, p. 90.
30) The Star, 9/3/20.
31) Hoofartikel, The Star, 25/2/20.
32) Kruger: The age of the Generals, p. 112.
33) Hoofartikel, The Star, 9/3/20.

objection if a shot goes astray, for it to hit any of the other three...there are dark rumours that Labour and Nationalists are firing sideways in concert with a view to rifling the corpses of the opponents killed by either or both. But time will tell if this is true".[34)]

Vir oulaas het die Unioniste-Party 'n beroep op die steun van die kiesers gedoen by wyse van 'n oproep in die pers, waarin die beginsels en die doelstellings van die Party uiteengesit is. Dit het kortliks die volgende punte behels:[35)]

1. Om Suid-Afrika 'n sterk en verenigde nasie binne die Britse Ryk te maak;
2. om die sosiale toestande van die volk te verbeter;
3. om industriële rus en voorspoed te bevorder;
4. om die lewenskoste laag te hou;
5. om die belange van die terugkerende soldate te behartig;
6. om 'n toegewyde en bekwame staatsdiens te verseker;
7. om aan vroue die stemreg te gee;
8. om setlaarskemas te bevorder en die produksie kapasiteit van die land te verhoog;
9. om industriële ontwikkeling en uitbreiding te bemoedig;
10. om die beginsels van plaaslike regering te handhaaf;

Soos voorspel is, o.a. deur Duncan,[36)] was die uitslag van die 1920-verkiesing 'n politieke skaakmat, en het dit geen party met selfs 'n gerieflike meerderheid gelaat om doeltreffend te kan regeer nie. Die S.A.P. het sl gs 41 setels verower, (53 in 1915) teenoor die 44 van die Nasionale Party, (27 in 1915) die 25 van die Unioniste (38 in 1915) en die 21 van die Arbeiders, (6 in 1915). Daar was 3 Onafhanklikes, in 1915 was daar 6) wie se simpatie egter by die S.A.P. gelê het.[37)]

---

34) Medewerker, The Star, 20/2/20.

35) Program van beginsels, soos uiteengesit in 'n verkiesingsoproep van die Unioniste Party, in The Star, 8/3/20.

36) Sien voetnote 23 en 24 hierbo.

37) Vir uitslag, sien Malan en Van Rensburg: Verkiesingsuitslae, 1910-1943, asook The Star, 11/3/20 e.v.

**Die Unioniste** sowel as die S.A.P. het gevoelige verliese in die verkiesing gely ten voordele van die Nasionale Party van Hertzog en die Arbeiders van Cresswell, en dit was veral die ekonomiese vraagstukke en die kwessie van afskeiding wat hiervoor verantwoordelik was.[38)] Met die steun van die Unioniste kon Smuts tog nog die regering voortsit, dog die meerderheid was baie klein en die grasie van die Smuts-regering min. Sosiale onrus was sedert die einde van die oorlog aan die broei in Suid-Afrika en die sukses wat die Arbeiders in die pasafgelope verkiesing het getoon dat dit nie as 'n politieke mag onderskat kon word nie.

Die Arbeiders het veral in die stedelike gebiede in Natal, Transvaal en die Kaapkolonie setels van die Unioniste Party gewen,[39)] terwyl die Nasionale Party weer veral sy sterkste vestings gehad het op die platteland en in die Vrystaat, waar hy 16 van die 17 setels verower het. Die Unioniste het in hierdie verkiesing finaal uit die Vrystaat verdwyn aangesien die S.A.P. nou die ander setel ingepalm het. In Natal het die Unioniste een setel afgestaan, in die Kaapkolonie drie en in Transvaal nie minder nie as agt. In die

38) Calpin: a.w., p. 112.

39) 'n Samevatting van die uitslae, gedoen deur The Star, bevat oorweldigende bewyse vir die agteruitgaan van die S.A.P. maar veral van die Unioniste Party, terwyl dit aan die ander kant die fenomenale groei van die Nasionale Party en die Arbeiders heel duidelik aantoon. 'n Vergelyking tussen die aantal stemme wat op die onderskeie partye uitgebring is, en die posisie soos dit in 1915 was, sien soos volg daar uit:

| | 1915 | 1920 | setels. |
|---|---|---|---|
| Suid-Afrikaanse Party. | 91,882 | 89,843 | 41 |
| Unioniste Party. | 48,514 | 40,978 | 25 |
| Arbeidersparty. | 25,305 | 40,794 | 21. |
| Nasionale Party. | 77,108 | 100,491 | 44 |

Veral aan die Rand het die Unioniste swak gevaar, en moes hulle 'n hele aantal setels aan die Arbeiders afstaan, soos bv. Bezuidenhout, Boksburg, Denver, Fordsburg, Germiston, Springs (hier was nie eens 'n kandidaat gestel nie) en Turffontein. Ook in Kaapstad (Kaapstad-Tuine en Woodstock) en Durban (Sentraal en Umbilo) moes die Unioniste wyk voor die Arbeiders, terwyl Barkley deur die Nasionale Party ingepalm is.
Vir samevatting, sien The Star, 17/3/20.

proses van slagting het aan regeringskant die koppe gerol van twee ministers, nl. Van Heerden (minister van Arbeid) en Orr (minister van Finansies), wat ŉ aanduiding gee van die ontevredenheid wat daar op hierdie gebiede geheers het. Mnr. Duncan, een van die leiers van die Party sedert 1910, het ŉ gevoelige neerlaag in sy kiesafdeling, Fordsburg, gelei teen mnr. Morris Kentridge, ŉ voormalige lid van die Unioniste Party wat in 1912 uit die Party bedank het uit protes teen die beleidloosheid van die Party,[40] en wat hom nou in die geledere van die Arbeidersparty bevind het.

ŉ Poging deur Smuts om ŉ koalisieregering bestaande uit lede van al vier partye, saam te stel, het egter misluk vanweë die feit dat die Arbeiders en die Nasionaliste nie daartoe bereid was nie. Volgens Hertzog, was daar te veel verskille in die uitgesproke politieke oortuiginge van die Nasionale Party en die Unioniste om sukses te verseker, terwyl Hertzog se voorwaardes nie deur Smuts en die S.A.P. aanvaar kon word nie.[41] By die opening van die Parlement in Maart het die Volksraad ŉ heeltemal nuwe voorkoms gekry: Hertzog en sy Nasionalistiese ondersteuners het hul regmatige plek in die opposisiebanke ingeneem, Cresswell en kie. was op die opposisie-kruisbanke terwyl die Unioniste dié van die regeringskant ingeneem het, met sir Thomas Smartt op ŉ hoeksitplek en Walton en Feetham op die een punt van die regering se voorbank.[42]

Die algemene gevoel na die verkiesing was dat ŉ nuwe verkiesing gou op die pas afgelope een sou volg om sodoende stabiliteit in die regering te probeer verkry. Dog dit is ook gevoel dat daar ŉ verandering in die huidige politieke samestelling van die land sou moes kom om hierdie stewigheid te waarborg, en die <u>Cape Times</u> het voorspel dat die Unioniste en die regerende S.A.P. in so ŉ geval kragte sou saam-

---

40) Kentridge: a.w., p. 24. Die Arbeider-kandidaat het 804 stemme op hom getrek teenoor 592 van die Nasionalis, die 365 van Duncan (Unionis) en 19 van ŉ Internasionale Sosialis. In 1915 het Duncan 724, die Arbeiders 465 en die Nasionale kandidaat 390 stemme elk verwerf.

41) Vir die korrespondensie tussen Smuts en Hertzog in hierdie verband, sien pamflet: "Samewerking: waarom niet?" Brieven gewisseld tussen generaal Smuts en generaal Hertzog in zake zamewerking tussen de Z.A. Partij en de Nationale Partij. Kaapstad, 1920.

42) Berig in The Star, 19/3/20.

snoer.[43] Die samewerking tussen hierdie twee partye sinds Uniewording en veral in die oorlogsjare, en die verklaarde houding van Smuts ten gunste van die behoud van die bande met die Britse Ryk in teenstelling met die aandrang van die Nasionaliste op die erkenning van die reg van afskeiding het so ʼn opinie geregverdig, dog dit was nie die Unioniste en die S.A.P. nie, maar die Nasionale Party en die S.A.P. wat eerste pogings sou aanwend om die bestaande geskille uit die weg te ruim.

Geïnspireer deur die beginsel van eie nasieskap, soos verteenwoordig in die Veertien Punte van pres. Wilson van Amerika, het daar in die geledere van die Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika ʼn begeerte ontstaan om die breuk in die geledere van die volk te heel. Onmiddellik na afloop van die 1920-verkiesing het die Transvaalse Nasionale Party op voorstel van Tielman Roos weer pogings in dié rigting gestuur, dog op voorwaarde van die erkenning van die onafhanklikheidsstrewe en -beweging.[44] Van Engelse kant en ook van die kant van lede van die S.A.P. is gevoel dat dit die twee bevolkingsroepe net verder van mekaar sou vervreem,[45] en die definisie van die verhouding van die Unie tot Brittanje sou op die ou end die vernaamste struikelblok in die weg van hereniging tussen die S.A.P. en die Nasionale Party wees.[46] Smuts het dit as sy mening in die Volksraad uitgespreek dat ʼn republiek nie nodig was nie en dat Suid-Afrika dieselfde vryheid daarsonder kon besit,[47] terwyl Hertzog die erkenning van daardie vryheid op skrif wou hê en nie tevrede was dat dit in praktyk so bestaan nie.[48]

---

43) Cape Times, 11/3/20.

44) The Star, 16 en 17/3/20.

45) Round Table, nr. 41, p. 195. Ook Ons Land, aangehaal in The Star, 16/3/20 en Cape Times 16/3/20.

46) Kruger: Age of the General, p. 113.Sien briefwisseling tussen Smuts en Hertzog, in pamflet: "Samewerking? Waarom niet?"

47) Verslag van toespraak in Volksraad, Cape Times, 24/6/20.

48) Kruger: Age of the Generals, p. 113. Interresant in hierdie opsig is dat The Star ʼn voorstel van De Volkstem, nl. dat die goew.-genl. ʼn S.A. burger moes wees, en wat deur die Cape Argus gekritiseer is, steun as "...a quite legitimate expression of healthy national feeling", en dit sê dat dit "unwise" en "impolitic" is om nasionalisme in sy werklike betekenis te verwar met diegene wat wil breek met ..."a time-honoured tradition are actuated by ulterior, anti-Imperialistic motives..." The Star, 31/3/20.

Die weiering van die Nasionale Party om af te sien van hul aanspraak op die reg tot afskeiding, en Smuts se weiering om hierdie reg te erken, het uiteindelik tot gevolg gehad dat die herenigingspogings misluk het.[49)] Hierdeur is die kloof in die geledere van die Afrikaanssprekendes net verder vergroot en die partyverdeling onder hierdie taalgroep op 'n vaste voet geplaas. Die Nasionale Party kon nou hoop op die steun van daardie lede in die S.A.P. wat hereniging goedgesind was en wat nie soveel waarde aan die bande met die Ryk geheg het nie. Die verkiesings vir die Provinsiale Raad in Transvaal en die Kaapkolonie in hierdie tyd het dit duidelik bewys, want die Nasionale Party het groot vordering gemaak ten koste van die S.A.P.[50)] Inderdaad was dit so:

> "...the South African Party had shed its loose feathers to be collected by Hertzog".[51)]

Politieke toestande het steeds vloeibaar gebly, die Nasionale Party het aan sterkte toegeneem en genl. Smuts kon beswaarlik aan bewind bly. Die vraag het nou ontstaan of die "...disturbing and disintegrating influences of seccesionist 'activism'" nie deur die stigting van 'n nuwe nasionale en konstitusionele party teengegaan en bestry kon word nie.[52)] 'n Antwoord op hierdie vraag het nie lank uitgebly nie.

---

49) By 'n groot kongres te Bloemfontein, 22/9/20. Round Table vol. XI, no. 41, p. 196. Sien ook Kruger: Age of the Generals, p. 113, en Van den Heever: a.w., p. 198 e.v.

50) Na afloop van die verkiesing het die S.A.P. bv. slegs 7 uit 51 setels in die Kaap en 10 uit 49 in Transvaal gehad: Round Table, vol. XI, nr. 41, p. 199.

51) Kruger: Age of the Generals, p. 114.

52). Hoofartikel, The Star, 25/9/20.

## HOOFSTUK 11.

## DIE ONTBINDING VAN DIE UNIONISTE-PARTY, 1920.

Na die mislukking van die pogings tot hereniging tussen die Nasionaliste en die Suid-Afrikaanse Party het genl. Smuts in 'n omskrywe aan alle partytakke van die S.A.P. 'n beroep gedoen op "...all right minded South Africans, irrespective of race or party", vir die stigting van 'n nuwe sentrale politieke party om sodoende die afbrekende en verdelende invloed van die Nasionale Party teen te gaan.[1] Hierdie daad van Smuts sou die teken wees vir 'n nuwe poging tot eenwording, dog hierdie keer tussen die S.A.P. en die Unioniste.

Volgens Smuts moes die beoogde nuwe party die karakter dra van 'n "...political party which declares itself against revolution or violation of the constitution or lowliness in any shape or form; a party which all moderate South Africans of whatever race can join with every confidence; a party which high task shall be to guarantee peaceful relations with and the support of the British Commonwealth for the attainment of those great economic prospects which lie before us".[2]

Om uitvoering aan hierdie plan van Smuts te gee, is 'n spesiale kongres van die S.A.P. op 27 Oktober 1920 byeengeroep, by watter geleentheid Smuts sy oproep herhaal het; nie as 'n beroep op die uitwissing of ontbinding van die S.A.P. nie maar 'n beroep op "...reorganisation and expansion, so that the door may be opened for <u>others, sharing the same principles,</u> to become members of the same party".[3] Hy hou as model vir die beoogde nuwe party voor die vereniging van Het Volk en die S.A.P. tien jaar gelede, en hoop dat langs hierdie weg van "...peace, peaceful development and co-operation" 'n ware Suid-Afrikaanse volk tot stand sal kom en dat hul hoogste ideale sodoende verwesenlik en 'n interne sterk en ontwikkelde Suid-Afrika opgebou sal word.[4] Met verwysing na die mislukte pogings tot hereniging met die Nasionale Party noem hy dit "a narrow reunion" in teenstel-

---

1) Ons Land, aangehaal in The Star, 29/9/20. Sien ook Round Table, vol. XI, nr. 41, p. 200.

2) The Star, 29/9/20.

3) Verslag van toespraak op kongres, The Star, 27/10/20. (Eie onderstreping.)

4) Ibid.

ling met die beoogde "larger reunion" van "all the sound elements of the population".[5]

Op die genoemde kongres is daar 'n resolusie van Smuts aanvaar wat voorsiening gemaak het vir die uitbreiding van die S.A.P. op die basis van sy fundamentele beginsels en die vier beginsels wat ook aan die Herenigingskongres in Bloemfontein voorgelê is.[6] Dit is aan die Hoofkomitee van die S.A.P. opgedra om die reorganisasie in die praktyk te verwesenlik.[7]

Hierdie oproep van Smuts tot 'n nuwe begin was gerig tot alle Suid-Afrikaners, afgesien van ras of party, en was openlik gerig teen die Nasionale Party met sy sesessiebeleid. Waar daar kort tevore nog pogings aangewend is om samewerking met juis die Nasionale Party te bewerkstellig, was die nuwe poging van Smuts om steun vir sy party en beleid te kry meer in ooreenstemming met die beleid en rigting wat hy, Botha en die S.A.P. sedert Uniewording bewandel het. Hereniging met die Nasionale Party het misluk op dieselfde struikelblok wat in 1912 die oorsaak was van die breuk tussen Botha en Hertzog, en met die jongste oproep het Smuts in werklikheid die beleid van konsiliasie tot in sy uiterste konsekwensie deurgevoer. Met die kwessie van afskeiding al dan nie van die Britse Ryk as hooftema het Smuts probeer om eendersdenkendes t.o.v. hierdie kwessie om hom te versamel - en hierdie eendersdenkendes sou hoofsaaklik uit die geledere van die Unioniste en die Arbeiders afkomstig moes wees, aangesien die Nasionaliste verenig was in hul strewe en begeerte na afskeiding. Die vraag was, sou die Unioniste daartoe bereid wees?

---

[5] Round Table, Vol. XI, nr. 42, p. 429 en 430.

[6] Dit was nl. die volgende:
i) Dat daar geen beperking gestel sal word op die toekomstige politieke ontwikkeling van die volk nie, en dat enige ingrypende verandering in regeringsvorm op die breë volkswil en nie 'n blote parlementêre meerderheid nie sal berus.
ii) Dat enige agitasie vir die verandering van die huidige konstitusie nie in die belange van Suid-Afrika is nie, en dat sodanige ontwikkelinge aan die natuurlike loop van omstandighede oorgelaat moes word.
iii) Geen verpligting of verantwoordelikheid wat in stryd is met die belange van Suid-Afrika of wat afbreuk doen aan die bestaande status van die Unie, sal teenoor ander dele van die Britse Ryk of ander lande aanvaar word nie.
iv) Daar "word geen verschil van ras onder de blanke bevolking erkend, dog alleen die op deze basis wensen samen te werken zijn welkom in de herenigingsbeweging".
Sien hiervoor Coetzee, P.H.: a.w., p. 95.

[7] Round Table, vol. XI, nr. 42, p. 430.

Die geskiedenis van die Unioniste Party sedert die stigting daarvan in 1910 het dié party die stempel gegee van 'n vasal van die regerende Suid-Afrikaanse Party, en sedert 1910 is die optrede van die Unioniste in steeds toenemende mate gekenmerk deur die mate van samewerking wat daar tussen hulle en die S.A.P. geheers het. Hierdie samewerking het sy hoogtepunt bereik in en gedurende die Tweede Wêreldoorlog, waar deelname aan die oorlog die gemeenskaplike beleid van die twee partye asook van 'n groot deel van die Arbeidersparty was. Intussen het Hertzog en sy Nasionale Party van krag tot krag gegaan, en na afloop van die oorlog het dit steeds meer en meer duidelik begin word dat die S.A.P. alleen nie in staat sou wees om die gety van Nasionalisme te keer nie. Nou het die Unioniste hulle in die posisie bevind dat hulle moes voortgaan om die S.A.P. te steun om sodoende Hertzog in toom te kan hou.

Kyk ook Deel p 167

Gedurende al die jare van informele samewerking het die kwessie van formele samewerking en eenwording met die S.A.P. hom telkens voorgedoen, dog nooit kon dit in die praktyk verwesenlik word nie, veral a.g.v. die teenkanting van Botha. Botha wou nie sy Afrikaanssprekende ondersteuners verder van hom vervreem nie, en selfs die herenigingspogings toon aan dat ook Smuts eers samewerking met "sy eie mense", die Afrikaanssprekendes, gesoek het voordat hy hom gerig het tot almal, ongeag ras of party, wat bereid was om gemene saak met die S.A.P. te maak. Nou het die geleentheid waarvoor hulle hul sedert 1910 beywer het, hom aan die Unioniste voorgedoen: saamgroepering in een party, met die vooruitsig van aktiewe deelname en aandeel in die uitvoering en bepaling van die landsbeleid - iets wat hulle in al die voorafgaande jare nie gegun is nie, hoewel die Unioniste in vele opsigte moes toesien dat die skaal steeds in die guns van die regering bly.

In al die vorige pogings tot formele samewerking met die S.A.P. het die Unioniste hulle sterk uitgespreek vir die behoud van hul beginsels en vir amalgamasie bo blote absorpsie in die S.A.P. Die Smuts-plan was nie in ooreenstemming met die verklaarde houding van Smartt en sy party nie, en dit het die gevaar ingehou dat dit juis as gevolg hiervan verwerp sou word,[8] dog dit was lankal reeds duidelik dat 'n sekere deel van die Unioniste nie so sterk hierop sou aandring nie.

---

[8] In sommige kringe is dan ook bedenkinge uitgespreek teen die feit dat die S.A.P. nie bereid was tot 'n naamsverandering of 'n koalisie op gelyke basis nie - Times, 5/1/21, uitknipsel in F.V.

Die "Clarion call of General Smuts"[9] is in sekere kringe in die geledere van die Unioniste Party verwelkom, en beskou as 'n begeerte na 'n nuwe begin, 'n begeerte

"...to wipe the slate clean and make a fresh start".[10]

Dit is verder verwelkom as 'n blokkade of teenwig teen die groeiende prestige van die Arbeiders en teen die bedreiging van die kant van die voorstanders van afskeiding van die Britse Ryk.[11] Duncan het Smuts se oproep verwelkom as die direkte voortsetting van die beleid van Botha,[12] terwyl FitzPatrick dit beskou as bewys dat uiteindelik gelyke erkenning aan die Engelssprekende deel van die bevolking verleen is: "It is the first time that a South African

Dutch leader has burnt his boats in a determined and open attempt to break down for ever the racial barrier line in political and public life".[13]

In 'n tyd vol van partykongresse en spesiale kongresse het die Unioniste vanaf 2 tot 3 November in Bloemfontein in 'n spesiale kongres byeengekom met die uitsluitlike doel om Smuts se uitnodiging te bespreek en te oorweeg. Te midde van ernstige bespiegelinge het ongeveer 240 afgevaardiges in die Ramblersaal byeengekom om te besluit oor die toekoms van die Unioniste Party. Die publiek is toegelaat om die verrigtinge by te woon.[14]

Alle twyfel oor die toekoms van die Unioniste Party is uit die weg geruim toe sir Thomas Smartt in 'n toespraak voor die kongres 'n sterk pleidooi gelewer het vir die "...rally-

ing together, irrespective of political sortings,"

van die Unioniste en die S.A.P., veral ter wille van die behoud van die konneksie met Brittanje,

"...that sacred tie which bound the Union of South Africa among the commonwealth of the peoples which composed the British Empire".[15]

---

9) Groot opskrif by berig, The Star, 27/10/20.

10) Hoofartikel, The Star, 30/9/20.

11) Calpin, a.w., p. 114.

12) Sien The Star, 30/9/20.

13) Times, 5/1/21, uitknipsel in F.V.

14) Verslag van verrigtinge, The Star, 2/11/20.

15) Toespraak, The Star, 2/11/20.

Hy dien vervolgens ŉ voorstel in, wat deur FitzPatrick, vise-leier van die Party, gesekondeer word en soos volg lui:

> "That this Congress of the Unionist Party, recognising that the disruptive influences in South Africa have become a grave menace to the maintenance of the Constitution and to the peace, progress and development of the country, welcomes the appeal of the Prime Minister to all right minded South Africans, irrespective of race or party, to unite in order to combat these influences. Further, having regard to the resolution passed at the Congress of the South African Party, and recognising the necessity of a strong party which shall maintain the fundamental principles of the Act of Union and promote the national unity, the welfare of all sections of the people and the economic development of South Africa on peaceful lines, authorises the leader with the party executive, after full consideration of the situation, to take such steps as may be best calculated to secure this end".[16)]

Vir FitzPatrick hou die pogings tot ŉ nuwe begin noue verband met pogings in dier voege in die verlede, en Smuts se voorstel hou vir hom presies dieselfde in as dit waarvoor hulle al die afgelope dertig jaar ywer, nl.

> "...the principles of equal recognition and rights for all Dutch and Englishspeaking South Africans".[17)]

Uit die verdere besprekings op die kongres het dit duidelik geblyk dat die oorgrote meerderheid van die afgevaardigdes ten gunste was van ŉ positiewe antwoord op Smuts se oproep, en slegs ŉ enkele lid was nie bereid om by die S.A.P. aan te sluit nie. Sir John Fraser, leier van die party in die Vrystaat, het gewys op die eendersheid in die programme van die twee partye, en waarsku dat die Unioniste Party steeds agteruit sou gaan en dat die leiers van die party op die agterbanke sou sit indien hulle Smuts se oproep verontagsaam. Die Natalse leier, mnr. Alfred Henderson, het samesmelting gesteun, en so ook Patrick Duncan, wat die ontbinding van die Unioniste Party sien as hul bydrae tot Smuts

---

16) Verslag van verrigtinge, The Star, 3/11/20.

17) Ibid.

se poging om 'n einde te maak aan die agitasie vir afskeiding en aan rasseverdeeldheid. Duncan sien ook die ooreenstemming met die program van die S.A.P. in, met dié verskil dat hulle nie altyd tevrede was met die manier waarop dit uitgeoefen is nie.

Kapt. Leslie Blackwell, een van die radikales in die party, was tevrede dat die S.A.P. se beginsels die drie belangrike sake van billike belastings, immigrasie en die regverdige behandeling van die nie-blankes verseker. Hy verklaar hom ook bereid om liewer 'n konserwatiewe onder die Union Jack (en die S.A.P.) te wees as 'n radikale in 'n Tielman Roos-republiek.

J.W. Jagger, een van die voorbankers van die party, sou graag 'n nuwe party wou gesien het, dog steun tog die resolusie en sê dat dit jammer is dat hulle nie meer op hoogte was van die program van die S.A.P. nie: toe hy dit 'n paar dae tevore vir die eerste keer onder oë gekry het, moes hy tot die konklusie kom dat hy alles daarin kon onderskryf!

'n Enkele vals noot in die verloop van die begrafnisseremonie van die Unioniste Party was die weiering van mnr. Langston, 'n lid van Durban, om lid van die S.A.P. te word, en sy teenstand teen die mag wat deur die voorstel van Smartt aan die Uitvoerende Komitee toegeken word. Tog is die voorstel na deeglike bespreking sonder 'n enkele teenstem aanvaar.[18)] Vir alle praktiese doeleindes was dit die einde van die Unioniste Party.

Die Uitvoerende Komitee het sy opdrag nagekom en samesprekings met die S.A.P. en Smuts gevoer, en teen die einde van November het dit 'n verklaring uitgereik waarin die Uitvoerende Komitee eenparig besluit het om met die S.A.P. te verenig.[19)] Die Unioniste Party het ontbind en dit is aan die lede daarvan oorgelaat om in hul individuele hoedanigheid by die S.A.P. aan te sluit. So het die Unioniste Party formeel tot sy einde gekom.

---

18) Vir volledige verslag van verrigtinge, The Star, 3/11/20.

19) Round Table, Vol. XI, nor. 42, p. 434. Met die oog op 'n verkiesing in die nabye toekoms is besluit om Art. 3 van die S.A.P. konstitusie, wat slegs persone met 'n driemaandeoue lidmaatskap as kandidate toelaat, opgehef het. Sien P. H. Coetzee, a.w.,: p. 80.

Versterk deur die ontbinding van die Unioniste Party het Smuts die nuwe politieke situasie as voldoende rede beskou vir die ontbinding van die parlement op 31 Desember 1920, en 'n nuwe verkiesing sou vroeg in 1921 gehou word in 'n poging om meer stabiliteit in die regering van die land te kry.[20] Die belangrikste en alleroorheersende vraagstuk in hierdie verkiesing was die afskeidingskwessie (sesessie), en in wese het dit die karakter van 'n referendum oor Suid-Afrika se reg tot afskeiding van die Britse Ryk aangeneem. Dit was so ten spyte van die Nasionale Party se ontkenning dat dit die vernaamste punt in hul program was, en pogings van die Arbeiders om dit as onnodig te bestempel dat 'n nuwe verkiesing gehou moes word.[21] In die verkiesingsveldtog het Smuts die beskuldigings van die Nasionaliste (o.a. die sg. "huwelik"-teorie) as onwaar verklaar. Sy beroep het hy gedoen op almal, en die Unioniste wat by die S.A.P. aangesluit het, het dit gedoen op dieselfde wyse as die Nasionaliste, Arbeiders en Onafhanklikes: "unconditionally and without bargaining".[22]

Gevoelens het hoog geloop oor die kwessie van afskeiding al dan nie, dog die uitslag van die verkiesing, wat op 8 Februarie gehou is, was 'n klinkende sege vir die S.A.P., in sy vergrote vorm - en blykbaar ook vir die behoud van die bande met die Britse Ryk. Die sterkte van die Nasionale Party het feitlik konstant gebly, en hulle het nou oor 45 setels beskik, terwyl die S.A.P. 79 setels ingesamel het, die Arbeiders 9 en slegs 1 onafhanklike die paal kon haal.[23] Dit was duidelik dat die vergrote S.A.P. vordering ten koste van die Arbeidersparty gemaak het, en dit kan toegeskryf word enersyds aan die feit dat die kwessie van afskeiding hom sterk aan hierdie deel van die bevolking, grotendeels Engelssprekend, opgedring het; andersyds weer aan 'n afname in die sentiment wat in Maart 1920 sulke hoë vlugte onder die arbeiders geneem het. Die vernaamste faktor vir die sukses van die vergrote S.A.P. was egter die uitskakeling

---

20) Round Table, nr. 42, p. 434.

21) Kruger: Age of the Generals, p. 115: Round Table, vol. XI, nr. 42, p. 436.

22) Smuts te Pretoria, 3 Desember 1920: Sien The Star, 4/12/20.

23) Malan en Van Rensburg: Verkiesingsuitslae 1910-1943.

van driehoekige gevegte tussen die S.A.P., die Unioniste en die Arbeiders. Tot dusver het lg. veral groot voordeel hieruit getrek.

So kon die S.A.P., met die voormalige Unioniste nou as volwaardige lede en ondersteuners van die party, heelwat sterker uit die verkiesings van Februarie 1921 te voorskyn tree. Die dreigende krisis en die onstabiele toestande in die regering is hiermee voorlopig afgewend, en dit was grootliks die resultaat van eenwording van die Unioniste met die S.A.P. Drie voormalige leiers van die Unioniste is opgeneem in die kabinet wat Smuts na die verkiesing saamgestel het, te wete sir Thomas Smartt as minister van Landbou, mnr. J.W. Jagger[24] as minister van Spoorweë en Hawens, en mnr. Patrick Duncan as minister van Binnelandse Sake, Opvoeding en Gesondheid.

24) Vroeër sou Smuts op 'n keer gesê het: "I say God help this country, and God help the Dutchmen of this country, if the hon. member for Cape Town (Jagger) acquires a position of influence over the public service of this country". Sien Neame: Some South African Politicians, p. 102.

# HOOFSTUK 12.

## SLOT BESKOUING.

Met die ontbinding van die Unioniste Party en die opname van die lede van hierdie Party deur die Suid-Afrikaanse Party, het daar 'n nuwe verdeling in die politieke struktuur van die land gekom, 'n verdeling wat ingrypend van dié in 1910 verskil het. Tussen die Unioniste Party, die S.A.P en die Nasionale Party, wat almal sedert 1910 ontstaan het, was daar sowel in 1910 as in 1921 egter net twee partye wat as sodanig aan die verkiesings deelgeneem het.[1)] Dog in 1910 het die elemente wat later die Nasionale Party sou vorm, nog deel gevorm van die ondersteunersgroepe van Botha, terwyl dit die voormalige Unioniste Party was wat in 1921 hulle onder die vaandel van die S.A.P. van Smuts geskaar het. Die vergrote S.A.P. het die oorgrote meerderheid van die Afrikaanssprekende bevolking sowel as 'n aansienlike deel van die Engelssprekende bevolking in een party verenig, en het in direkte opposisie gestaan teen die Nasionale Party met sy byna eksklusiewe Afrikaner-karakter.

'n Verdere gevolg van die ontbinding van die Unioniste Party was dat daar vir die eerste keer in Suid-Afrika 'n mate van eenheid gekom het tussen die stedelike en die plattelandse kiesafdelings, wat tot dusver hoofsaaklik met die een of ander taalgroep en politieke rigting vereenselwig kon word,[2)] - die resultaat van die historiese bevolkingsamestelling van die land (die Afrikaners was hoofsaaklik op die boerdery vir hul bestaan aangewys, terwyl die Engelse weer in die dorpe en stede saamgetrek het en daar hul bestaan gemaak het).

In Nasionale kringe is die vereniging van die Unioniste met die S.A.P. beskou as 'n oorwinning vir die Unioniste, en daar is gevoel dat dit nie meer dieselfde S.A.P. as dié van Botha was nie.[3)] Hertzog se mening was dat hierdie stap

---

1) Die Arbeidersparty word hier buite rekening gelaat omdat dit 'n heeltemal ander rigting verteenwoordig.

2) Sien Round Table, vol. XI. nr. 42, p. 341.

3) Kruger: Age of the Generals, p. 114; Calpin: a.w., p. 116. Hierdie beskuldiging kon nogal veel invloed hê, indien 'n mens in aanmerking neem dat Smuts nie die persoonlike aanhang en steun gehad het as die waarop Botha kon staatmaak nie.

tot gevolg sou hê "...that we shall be freed thereby from the ambiquity and hermaphroditism which has hitherto characterised the attitude of the S.A.P. towards the Africander people",

terwyl dit verder ook al die nasionaal-gesindes binne 'n kort tydjie in die geledere van die Nasionale Party sou versamel. In die toekoms sou partypolitiek bestaan uit 'n verdeling tussen voorstanders van 'n Imperiale beleid en die van 'n nasionale.[4)]

FitzPatrick, die man wat hom by uitstek sedert 1910 beywer het vir die eenwording van die twee partye, het die uiteindelike verwesenliking van sy ideaal verwelkom as "...the logical result of the work of a lifetime",[5)]

die enigste uitweg om 'n werkende meerderheid aan enige party te kon gee.[6)] Hy meen egter dat hulle dit geensins kon bekostig om die teenstanders te onderskat nie.[7)]

